# ESRA VERSLAG

## Die Misdaadseminaar
### Saterdag, 21 Julie 2007 AD



**Nommer 56** **Julie 2007 AD**

# Die Misdaadseminaar
**Saterdag, 21 Julie 2007 AD**

**Redaksie**
Bouwe van der Eems
Slabbert Le Cornu

**Uitgegee en versprei deur**
Die Esra Instituut
Postnet 165
Privaatsak X855
Pretoria
0001

# Die Esra Verslag __________

**Nommer 56** **Julie 2007 AD**

## INHOUDSOPGAWE

**Redaksiekolom** ........................................................................ 7

**Lesings van die Misdaadseminaar**

*- Teorieë oor die oorsake en oplossings vir misdaad,* dr. Michiel Durand ... 9

*Repliek* deur mnr. Hannes van Heerden .................................. 33

*- Behoort Bybelse strafwetgewing vandag nog van toepassing te wees ?,*
ds. Gustav Opperman ........................................................... 37

*Repliek* deur ds. Slabbert Le Cornu ......................................... 48

- Die betekenis van die bloedwreker vir vandag, mnr. Cobus Rossouw ... 57

*Repliek* deur mnr. Bouwe van der Eems .................................. 84

- Die ontwapening van die SA bevolking en wat gemeenskappe kan
doen om hulself te beskerm teen misdaad, mnr. CD van Reenen ........... 91

**Vorige uitgawes** van die Esra Verslag .............................................. 98

**Die *Esra Instituut* bied aan**

# DIE MISDAADSEMINAAR

**Plek: Gereformeerde Kerk, Brits-Wes**

**Datum: Saterdag, 21 Julie 2007**

**Program**

08h00 - 08h30: Registrasie

08h30 - 08h45: Opening, ds. Lou Erasmus

08h45 - 09h00: Verwelkoming en bekendstelling, ds. Slabbert Le Cornu

09h00 - 09h40: Teorieë oor die oorsake en oplossings vir misdaad, dr. Michiel Durand
09h40 – 10h10: Repliek en bespreking onder leiding van mnr. Hannes van Heerden

10h10 – 10h50: Behoort die Bybelse Strafwetgewing vandag nog van toepassing te wees ?, ds. Gustav Opperman
10h50 – 11h20: Repliek en bespreking onder leiding van ds. Slabbert Le Cornu

11h20 – 11h50: Koffie en tee

11h50 – 12h30: Die betekenis van die bloedwreker vir vandag, mnr. Cobus Rossouw
12h30 – 13h00: Repliek en bespreking onder leiding van mnr. Bouwe van der Eems

13h00 – 14h00: Ete

14h00 – 15h00: Die ontwapening van die SA bevolking en wat gemeenskappe kan doen om hulself te beskerm teen misdaad, mnr. CD van Reenen

15h00: Afsluiting

**Redaksie**
Bouwe van der Eems
Slabbert Le Cornu

**Medewerkers**
Alwyn Bezuidenhout
Mark du Preez
MC Durand
Gustav Opperman
Cobus Rossouw
Antoine Theron
Francois van Deventer
Hannes van Heerden
CD van Reenen

**Redaksie adres**
Postnet 165
Privaatsak X855
Pretoria
0001

E-pos: esra.instituut@gmail.com
Web: esra-instituut.tripod.com

**Grondslag**
Die Heilige Skrif soos bely in die gereformeerde belydenisskrifte.

**Missie**
Die bevordering van die Bybels-Christelike geloof en lewensbeskouing op elke terrein van lewe en denke.

## REDAKSIEKOLOM

Hierdie uitgawe van die Esra Verslag bevat die lesings van die Misdaadseminaar, soos gehou op Saterdag 21 Julie 2007, by die Gereformeerde Kerk, Brits-Wes.

Dr. Durand wys op die wêreldse teorieë van die oorsake en oplossings vir misdaad. Ds. Opperman beantwoord die belangrike vraag of die Bybelse strafwetgewing vandag nog van toepassing is, terwyl teologiese student Cobus Rossouw 'n diepgaande openbaringshistoriese studie doen oor die betekenis van die bloedwreker vir vandag.

Elkeen van hierdie drie lesings word opgevolg deur 'n repliek, wat daarop gemik is om verdere besinning, bespreking en studie te bevorder oor hierdie aktuele en belangrike kwessie. Die laaste lesing deur mnr. CD van Reenen is gerig op die praktyk van die ontwapening in SA en wat gemeenskappe kan doen om hulself te beveilig.

Mag hierdie uitgawe van die Esra Verslag, deur die genadige wil van God, ook 'n bydrae lewer in die reformasie in Suid-Afrika, ook in ons stryd teen misdaad.

Die redaksie
Julie 2007 AD

# TEORIEË OOR DIE OORSAKE EN OPLOSSINGS VIR MISDAAD

deur dr. MC Durand

Dr. MC Durand is ’n algemene chirurg en lektor verbonde aan die Universiteit van Pretoria. Hy is ook die stigter van die *Stigting van Etiese Medisyne*.

## Inleiding

Misdaad het vandag `n wending aangeneem – ons is hier vandag omdat ons bekommerd is oor misdaad.

Mense word onskuldig vermoor.

Eers was dit nodig om ryk te wees, of om in kroeë rusie te maak – voordat jy vermoor sou word.

Maar vandag word oumense op afgeleë plase vermoor.

Die orrelis van Dewetsdorp daag nie op vir die oggend erediens nie – hulle vind haar later die dag langs die pad, haar kop is op `n klip stukkend gekap en die bakkie is gesteel – die polisie vermoed dit was die nuwe tuinman – die seun van haar vorige tuinman wat almal kon vertrou het – en dan was sy ook so “goed vir hulle gewees”.

Die professor tel klippe naby `n lokasie op om nog `n muur om sy huis te bou – hy kom nie terug nie – hulle vind hom later die dag langs die pad, hy is deur sy nek dood geskiet en die kar en sleepwa is nie eens gesteel nie – hy is vermoedelik deur `n iemand van die omgewing geskiet – en dan was hy ook so “goed vir hulle gewees”.

Die groep waaraan die professor behoort het het nie die woordeskat om hierdie rasse haat en moord te verwoord nie. Die professor se sellulêr telefoon was nie op sy lyk nie – daar word telefoon oproepe gemaak op die sellulêr telefoon – die sellulêr telefoon is gesteel! Gelukkig het die mense nou woorde om iets wat hul ontsteltenis met mekaar te deel – hulle vertel vir mekaar van die “gewapende roof”. Die konfrontasie van rasse haat kan hulle nou uitstel tot `n latere keer.

Wie van ons hier vandag het nie al `n bekende verloor deur misdaad nie - `n naby familie lid selfs, moontlik `n goeie vriend?
Wie van ons is nie bekommerd oor die onteiening van ons grond nie?

Maar nou, misdaad maak nie net seer nie, misdaad is nie net `n persoonlike ontsteltenis en emosionele verontwaardiging nie – misdaad in ons land het iets meer geword.

Die ontsteltenis is nie net omdat goeie mense seerkry, vermoor word en beroof word nie – die ontsteltenis gaan dieper.
Misdaad herinner ons aan iets wat ons lank reeds vermoed maar nie wou erken het nie.
Misdaad is `n slegte geheue dat ons laaste ontsnaproete toegestop word.

Misdaad herinner ons dat die ontsnappingsroete waarvan ons vir mekaar vertel het nie meer daar is nie.
Misdaad is so erg dat ons nie eens die woordeskat het om mekaar daarvan te vertel nie.

Die vraag na die betekenis van misdaad beantwoord ons vir mekaar volgens die woordeskat wat ons het. Indien ons die oorsake kan uitsnuf, kan ons ten minste die oplossings uitwerk. So dink ons – eerder so hoop ons.
Die oorsaak van misdaad kan iemand vinnig sê is die sonde – en die sonde is die gevolg van die aanvegtinge van die wêreld, die versoekinge van die satan en die boosheid van ons harte.
Al is elke misdaad `n sonde, dan is elke sonde nie daarom `n misdaad nie.
Wat maak `n sonde dan `n misdaad?
Kan `n misdaad moontlik sonder sonde wees?
Kan `n misdaad nie die gevolg wees van die omgewing nie?

Is misdaad nie moontlik eerstens veroorsaak deur die definisie van misdaad nie – Met ander woorde is misdaad nie eerstens `n saak van etikettering nie?

Wat is ergste?

Is die straf vir oortreding (bv die oortreding van kinderkastyding, of ramingsontduiking) erger as die onderrig dat die oortreding van kinderkastyding en ramingsontduiking verkeerd is – en nie kastyding en betaling van ramings reg is?

Is die ontneming van regte (regte van vryheid, geld of tyd) erger as die dissipline tot konformasie van norme?

Is die oorsprong van die misdaad van kastyding die sondige gedagtes van die kastyder – of is die oorsprong van die misdaad van kastyding die sondige verbeelding van die etiketteerder van die kastyding as misdaad?

Is die oorsprong van die oortreding van ontduiking van ramings slegs te vinde die opstandige hart van ramingontduikers, of is die oorsprong van die oortreding van ontduiking van ramings as entiteit te vind in verbeelding van die personeel van die admin buro?

**Delft**

Ons besoek nou Delft. Dit is die jaar 1584. Op die plein vind ons die moordenaar van Prins Willem van Oranje. Hy is besig om gestraf word te word vir sy misdaad. Sy hand en arm – naamlik die hand en arm wat hy gebruik het om die prins dood te skiet – word gekook in `n pot. Die volgende dag sny hulle sy arm af – dit val op die grond. Die moordenaar moet sy arm op en af van die skavot skop. Op die derde dag word rooi warm knyptange gebruik op die voorkant van sy borskas en arms. Op die vierde dag word die rooi warm knyptange gebruik op die agterkant van die arms en die boude. So hou die proses aan vir 18 dae. Die laaste dag breek uiteindelik aan. Hy word op die wiel vasgemaak en met `n hout knuppel geslaan. Na ses ure van slanery vra hy vir water. Dit word hom geweier. Ten einde laaste verwurg die magistraat hom.
Duidelik is die straf wat ons hiermee te doen het nie die doodstraf nie. En net so duidelik is dit nie eerstens `n moord wat gestraf word nie. Daar moes iets anders gebeur het as moord om hierdie soort spektakel te regverdig.

Ons het hier eerder te doen met `n aanval op die magsekerheid van die soewerein. Dit is die soewerein wat vermoor is. Dit gaan nie oor moord nie. Dit gaan hier oor `n koningsmoord wat gepleeg is.

Die wet verteenwoordig die wil van die soewerein. En die krag van die wet is ook die krag van die soewerein – want alleenlik wanneer die koning die wet bevestig het, het die wet krag.

Die doodmaak van die koning was derhalwe `n handeling van `n volstrekte krimineel – want nie net hy die wil van die koning aangetas nie, maar hy het die fisiese persoon van die koning self aangetas.

Die straf van die misdadiger kon ook nie sonder die belydenis van die misdadiger verstaan word nie. Die belydenis was nodig om die waarheid van die ritueel te bevestig. Met die belydenis was daar ook geen verder bewyse nodig nie. Deur die belydenis word die skuldige misdadiger deel van die ritueel van die produksie van waarheid. Die spontane belydenis voor die regter (nadat die marteling voltooi was) was derhalwe kosbaar.

Die straf van die misdadiger het nie eerstens verwys na die handeling van die oortreding nie. Die straf van die misdadiger het ook nie eerstens gegaan oor die persoon van die oortreder nie. Die hoofsaak van die straf was die herbevestiging van die mag van die koning. Daarom moes die gemartelde liggaam die merke van wraak op hom gedra het. Deur die straf op die liggaam was die definisie van die moordenaar verander. Die moordenaar was deur die straf verander na die vyand van die koning wat verloor het. Die liggaam van die misdadiger moes die onbeperkte teenwoordigheid van die soewerein vertoon het. Deur die liggaam was die mag van die soewerein geheraktiveer. Daarom moes die liggaam van die veroordeelde die hele wraak van die soewerein geabsorbeer het.

Die plek van teregstelling moes verander word na die teater van die hel. Die uitroepe van die veroordeelde mense het deel van die opvoering geword.

Die volk moes bewus word van die dissimmetrie van die koning se mag en hul eie mag. Want dit is nie die koning wat eerstens herstel is nie, maar die posisie van die mag van die koning wat herstel moes word. Die straf was derhalwe `n vorm van magsdemonstrasie. Die straf moes derhalwe onbeskaamd wreed gewees het. Die impotensie van die misdadiger moes vertoon word – deur sy marteling, sy doodmaak, sy verbranding, sy opmaling en uiteindelik verstrooiing. Die liggaam van die moordenaar moes `n simbool van sy magteloosheid word.

Daarom moes die volk juis teenwoordig wees. Die mag van die koning het grotendeels bestaan uit die mate van die terreur wat in die gemoedere van die volk gewek kon word tydens die skouspel van die publieke marteling. Die publiek moes bang word. Hulle was derhalwe nie net getuies van die straf nie – hulle was ook deel van die vorm van die straf.

Duidelik was die publieke teregstelling nie net `n juridiese ritueel nie – dit was ook `n politiese ritueel om die mag van die koning te manifesteer. Die straf was derhalwe `n seremonie in die naam van die soewerein. Deur die skouspel van die straf voor die oë van die volk is die mag van die soewerein gerealiseer. Die skouspel van straf was `n toernooi waartydens die magteloosheid van die misdadigers die onaantasbaarheid van die soewerein moes toon. Elke deel van hierdie tweestryd was belangrik: die militêre parade, die vlamme, die gille in die rook, die vrees van die volk, en die volk se magtelose woede. Die hele ritueel was `n beplande toename in die gradering van die toediening van pyn.

Die straf het nie gegaan oor die daad van die krimineel nie. Die afsterwing van die krimineel as sulks het nie gegaan oor die ontneming van die reg om te lewe nie. Die teregstelling van die krimineel was nie bestem om die bevolking te beveilig teen `n gevaarlike mens nie. Die spektakel het een boodskap gehad: Die mag van die soewerein is onaantasbaar.

En die kerk? Wat was die plek van die kerk tydens hierdie skouspel van die mag van die soewerein?

Die plek van die kerk was om te verduidelik dat die mag van die koning ook die mag van God was. Dit was nie die plek van die kerk om die strawwe van die misdadiger inhoudelik voor te skryf nie. Dit was nog minder die plek van die kerk om te leer dat die koning onder die wet is.

**Tussen in**

Hierdie skouspel het uiteindelik opgehou. Die skares het te onvoorspelbaar geword: Soms het hulle met die marteling gehelp. Soms het die volk die laksman aangeval en die misdadiger bevry. En die teregstellings het geheim begin word.

Maar die hele inrigting van die samelewing het ook verander. Die modernisme het aangebreek. Die samelewing was georden om `n produk te lewer. Die volk het geproduseer, daar was geld en rykdom was nie die alleen eiendom van die koning meer nie – rykdom het vermeerder. Die armes (wat die meeste van die bevolking was) het die verdagtes geword.

Beide misdade en strawwe het minder fisies geword – die aanvalle op die persoon self het verminder, maar daar was meer berowing van rykdom en daar was meer bedrog. Die armes moet nou kortgevat word.

Om hierdie nuwe wêreld te verstaan – en ook die nuwe siening rondom misdaad en straf te verstaan besoek ons daarom die wêreld van Utopia.

Die gedagte van Utopia is deur Thomas More uitgedink en die boek is gepubliseer in 1516.

Sedertdien het hierdie gedagte `n spreekwoord geword en dui dit na `n plek van vrede, geluk en welvaart. Utopia is `n ideale plek in elke sin van die woord. Utopia is die samelewing waar die probleme van armoede en rykdom, arbeid en eiendom, onderwys, gesondheid, voeding, klere en behuising opgelos word. Utopia is die plek waar die mens van sy ellendes op aarde verlos sal word.

Utopia het die gedagtes van die moderne mens aangegryp – want indien hy Utopia kon bereik op aarde, sou al die ellendes van die feodale stelsel wat niemand kon oplos nie, nie die politici en ook nie die kerk nie, wel opgelos word. Maar in werklikheid beteken die woord Utopia twee Griekse woorde, naamlik ou en topov wat dus ook “geen plek” beteken. Utopia is dus `n ironiese woord – dit dui op `n plek van volkomenheid en op `n plek wat nie bestaan nie.

Daar is egter nog `n vangplek – daar is `n paradoks in die konsep van Utopia: Enersyds bied Utopia vir ons die sekerheid van orde soos wat chaos verander word in voorspelbaarheid, maar andersyds bied Utopia vir ons `n plek waar straf deur die hele samelewing verweef is – ons noem dit dissipline.

In `n land met dissipline – soos enige ideale moderne staat beloof om te wees, en waarna elke ontwikkelde land en ontwikkelende land streef – sal die definisie van misdaad en die oplossing daarvan anders wees as in die land van die soewerein. In `n land met dissipline – sal die plek van die religie ook anders wees as in die land van die soewerein. Sekerheid op aarde het `n prys – en die prys daarvan is die onderdrukking deur

dissipline. Dissipline is die manier hoe die mens self sekerheid kan skep by sy onderdane.

**Amaurotum**

Ons besoek nou Amaurotum. Dit is die hoofstad van Utopia. Amaurotum is nie veel anders as enige van die ander stede van Utopia nie – want al 54 stede van Utopia het dieselfde strate en geboue. In al die stede praat die mense dieselfde taal en het hulle dieselfde tradisies, gewoontes en wette. Al die stede is ook ongeveer dieselfde afstand van mekaar. Daar is slegs enkele aspekte wat Amaurotum anders maak as al die ander stede. Amaurotum is in die middel van die eiland en die senaatgebou van Utopia is ook in Amaurotum. Amaurotum is immers die hoofstad van Utopia.

Ons stap nou in een van die strate van Amaurotum. In elke straat is daar dertig huise. In elke straat van enige stad in Utopia is daar dertig huise. En elke huis in die straat lyk dieselfde. Elke huis het `n klein tuintjie. Daar is ook `n voordeur na die straat en `n agterdeur na die tuin. Ons maak die voordeur van `n huis oop – dit is nie gesluit nie. Trouens geen van die voordeure in Utopia word ooit gesluit nie. Daar is geen mense op die oomblik in die huis nie. Dit is wel duidelik dat daar wel mense in die huis woon – daar is meubels, klerekaste met klere – maar daar is niemand nie. In geen enkele van die dertig huise in die straat is daar iemand tuis nie. Want dit is etenstyd. En niemand sonder `n goeie rede sal daaraan dink om in sy eie huis te eet nie – want niemand kan só selfsugtig wees nie.

Utopia is die plek van sekerheid en die plek van dissipline. Daar is orde in die straat. Misdaad is opgelos. Daar is verhale van geluk. Daar is selfs godsdiens.

Misdaad in Utopia is nie meer die oortreding teen die persoon van die soewerein nie – en die straf van misdaad is nie meer die straf as spektakel om die mag van die soewerein weer te herstel nie. In Utopia is misdaad `n oortreding teen die projek van die staat. En die oplossing van misdaad is die heropvoeding van die misdadiger. Hoe dan anders? Want die doel van opvoeding in Utopia is om misdaad te voorkom. Indien die volk opgevoed is, kan daar ook minder wette wees.

Ons kyk nou stapsgewys na dissipline oor die algemeen en gebruik die kammaland van Utopia deur Thomas More as `n spesifieke voorbeeld daarvan. Ons kan sommer terselfdertyd dink in hoe `n mate ons in ons land, of ons in ons drome van `n ideale land daaraan voldoen. Ons kan sommer terselfdertyd daaraan dink of ons kerke nie ten minste reeds hierdie kenmerke het nie.

Deur die soet suur van dissipline word die massas in verband met die geheel gebring. Die doel van die geheel maak dissipline die taak van die individu.

## 1. Die doel van dissiplinering

Deur middel van dissiplinering word gepoog om die samelewing te bring by die eindbestemming. Dissipline is die middel om die drome van `n ideale mensdom te realiseer. Die ideale mensdom sal deur dissipline kan kom by `n toestand van plesier – wat ook die plesier van sekerheid sal insluit. Om hierdie doel te bereik is dissipline nodig – want meeste mense sal nie uit hul eie tot hierdie doelwit beweeg nie.

## 2. Die taak van dissiplinering

Maar nie enige persoon sal in hierdie toestand van maksimale plesier kan leef nie. Daar is `n spesiale soort mens hiervoor nodig. Net soos daar `n ideale samelewing is – so moet daar ook `n ideale mens wees om hierdie ideale samelewing te realiseer.

Die ideale persoon – is ook die ideale onderdaan. Hy lewer die produk wat sy meester en eienaar van hom verwag. Maar meer as dit. Hy neem spontaan deel aan die rituele blyke van lojaliteit jeens hierdie meester en eienaar van hom. Maar anders as die vasal in die Middeleeue gaan ons ideale man van dissipline verder. Hy sal ook deur selfverloëning en selfbemeestering sy spoed, sy tegnieke en effektiwiteit sodanig verbeter dat hy sy plek volwaardig in die produktiewe samelewing sal kan inneem.

Hierdie dissipline wat ekstern op die liggaam en gemoed van die onderdaan inwerk het niks met asketisme te doen nie. Want by asketisme is daar wel selfverloëning en selfbemeestering – maar daar is geen nuttige produk nie.

By die dissipline van die modernisme gaan dit nie net oor selfverloëning en selfbemeestering nie – maar gaan dit ook oor die produk wat van die onderdaan verwag word – en deel van hierdie produksie, is dat die onderdaan sy deel doen *soos* dit van hom verwag word.

## 3. Die manier van dissiplinering

Dissipline werk in op die individue wat oor die hele samelewing versprei is op twee maniere:

- Eerstens word die samelewing gereguleer deur `n struktuur van noukeurige berekende en georganiseerde tegniese beheer. Hierdie mag van beheer moet deur die hele sosiale liggaam strek. Dit moet elke verhouding in die samelewing bereik tot in die fynste besonderheid.
- Tweedens word die samelewing gereguleer deur die instrumente van geweld, ideologie en religie. Hierdie taak is nie so maklik nie. Want indien mag goedkoop aangewend moet word – moet daar tydens die toepassing van eksterne mag ook geen weerstand opgewek word nie.

Die gedissiplineerde omgewing behels meer mag as wat daar was tydens die monarge met hul spektakel van geweld. Die gedissiplineerde omgewing bied `n mag wat minder kos en meer effektief is. Die mag van die soewerein was duur en sy netwerke van mag was karig gewees.

## 4. Die dissiplinering van die samelewing

Die dissiplinering van die samelewing is die eerste vorm van dissipline. Dit is die dissipline wat fokus op positiewe funksies – naamlik om die nuttigheid van die mensdom te bevorder. Daar is geen massa deelname aan `n taak nie. Dit gaan hier om die maksimale effektiwiteit van die individu. Die effektiwiteit van die individu kan slegs gemaksimeer word in die konteks van `n gedissiplineerde samelewing. Ten einde die effek van mag te vermeerder moet die mag van straf herrangskik word. Hierdie herrangskikking sien ons duidelik in die samestelling en die funksionering van Utopia.

- Isolasie:

Aanvanklik was Utopia `n skiereiland. Toe koning Utopus dit verower het, het hy opdrag gegee dat die verbinding tussen die eiland en die vasteland weggekap word. Sodoende het Utopia `n eiland geword.

Hierdie isolasie van Utopia is belangrik vir dissipline om daarin te slaag. Dissipline kan nie slaag indien die magsveld nie duidelik gedefinieer word nie. Die gedissiplineerde omgewing moet heterogeen wees ten opsigte van ander omgewings.

- Spasiëring van individue

Die beheer van die massa vind plaas deur die beheer van die individu. Die samelewing moet so verdeel word dat elke individu sy plek kry en elke plek sy individu kry. Sodoende skep dissipline individue wat ten opsigte van die samelewing en die doel van die samelewing gedefinieer word – en nie ten opsigte van byvoorbeeld die gesin gedefinieer word nie. Deur hierdie spasiëring van die samelewing kan groepvorming gekeer word en kan daar gekeer word dat individue verdwyn.

In die stede van Utopia mag daar slegs 10 tot 16 volwassenes in `n huishouding wees. Maar in die landelike gebiede kan daar tot 40 volwassenes in `n huishouding toegelaat word. Indien daar te veel volwassenes in `n huishouding is, word van die volwassenes oorgeplaas na kleiner huishoudings.

In `n stad self mag daar nie meer as 6000 huishoudings wees nie. Indien daar te veel huishoudings is in `n stad word oortollige huishoudings na die kleiner stede oorgeplaas.

Indien al 54 stede van Utopia vol is, dan word die oortollige mense na `n kolonie op die vasteland gestuur. Indien daar deur pes of hongersnood in Utopia menseverlies is, kan die reserwes van die kolonie teruggebring word.

Die onderdane van `n gebied word nie gebuig tot `n enkele uniforme massa nie. Ten einde beheer oor die chaotiese massa mense te kry moet die bevolking in individue opgedeel en gedifferensieer word.

Daar vind `n taksonomie van mense plaas volgens hulle karakter (karakter en kategorie word gekoppel) – naamlik hul vermoë om in die samelewing te funksioneer. Die individue word gekarakteriseer en geklassifiseer. Die verspreiding van die bevolking vind plaas deur klassifikasie en tabulering.

Deur die mag van dissipline word individue objekte gemaak waarop die ingrepe van onderrigting en sanksies beter uitgevoer word en uiteindelik die nuttigheid van die individu verbeter word.

- Beperkte beweging

Hierdie aspek van spasiëring is noodsaaklik vir dissipline om te slaag. Derhalwe mag individue nie vrylik tussen hulle stasies beweeg nie.

In Utopia mag `n individu nie iemand in `n ander stad besoek sonder die toestemming van al sy meerderes nie – hy moet deur die filarch en die protofilarch `n brief van toestemming by die goewerneur kry. Indien `n stedeling iemand in die landelike gebied wil besoek moet hy eers toestemming van die oudste verkry. Die oudste sal slegs toestemming gee mits die voornemende reisiger sy werk van die dag gedoen het. En indien iemand sonder `n brief van reistoestemming van die goewerneur gevang word terwyl hy op reis is, word hy swaar gestraf. Indien hy `n tweede keer gevang word, word hy `n slaaf.

- Panoptikum

In Utopia (soos in alle moderne samelewings) is daar `n panoptikum. Dit wil sê daar is `n kontinue hierargiese sisteem van waarneming en rapportering.

Die bevolking van Utopia is in `n hierargie gerangskik:

`n Oudste heers oor elke huishouding. En elke dertig huishoudings verkies `n filarch. `n Protofilarch word oor elke tien filarche aangestel. Die 200 protofilarche kies met geheime stembriefies `n goewerneur.

Elke individu moet heeltyd vir sy opsigter sigbaar wees – maar elke individu hoef nie vir sy mede onderdaniges sigbaar wees nie. Die geringste liggaamsbeweging moet sigbaar wees – want elke staar word deel van `n oorkoepelende funksie van mag. Die waarneming van elke individu moet

volledig wees sodat `n ononderbroke netwerk van mag gevorm kan word. Sodoende word mag deur `n hierargie van toesig kontinue versprei – en kan mag verdeel en meer word – sodat daar oor elke individu meer mag uitgeoefen kan word. Deur waarneming word dissiplinêre mag `n geïntegreerde sisteem

In Utopia is daar geen wegkruipplekke nie. Alles wat elke individu doen kan deur `n ander gesien word.

Selfs in die huishoudings is daar nie privaatheid nie. Die huise se deure word nie gesluit nie, en enigiemand kan enige tyd daar inkom. Daarbenewens is daar ook die oudste wat toesig hou in elke huishouding. In Utopia is die grense van die huwelik ook poreus. Voordat `n huwelik oorweeg word word die hele liggaam van die potensiële bruid en bruidegom geïnspekteer of daar enige gebrek is.

Die toesig oor die mense is mees intens in die eetsaal. Almal van elke huishouding is verplig om die etes in die eetsaal by te woon. In die eetsaal sit die filarch en sy vrou in die middel van die eerste tafel. Die eerste tafel is op die hoogste plek van die eetsaal geplaas. Vanuit hierdie posisie kan die filarch die hele vergadering in die saal waarneem.

Hierdie rangskikking van die samelewing is noodsaaklik. Want in die uitoefening van mag deur middel van dissipline moet individue nie net objekte wees nie. Individue moet ook die instrumente vir die uitoefening van mag wees.

Die vrees vir straf lê nie meer in die sigbare verskrikking daarvan nie – maar eerder die onvermydelikheid daarvan. Dit gaan nie meer oor die skouspel van die marteling van die enkeling wat deur die massas waargeneem word nie. In `n omgewing van dissipline word die massas deur die enkeles dopgehou. Marteling word vervang met `n samelewing waar daar deur middel van die ononderbroke spel van stare (wat subtiel is en derhalwe sonder geweld is) dissipline gehandhaaf word.

Nie net word die resultaat van die arbeid dopgehou nie. Maar elke oomblik word die geringste handeling van elke individue ononderbroke waargeneem en afgedwing (naamlik die individue se aktiwiteite, vaardighede, die wyse waarop die take verrig word, stiptelikheid, gedrag). Sodoende word ordelike werk en genieting verseker.

Uiteindelik is die objek wat waargeneem word nie net die produk van die handeling of die handeling van die individu as sulks nie – maar word die handeling van die individu waargeneem as die geïnduseerde effek van mag. Waarneming word derhalwe deel van die produksie en die

onderrigting van die individu. Hierargiese waarneming word inherent aan die praktyke van die samelewing.

In die samelewing is daar nie net die hierargiese verspreiding van dissipline nie, maar daar is ook bykomende geslote sisteme van uiterste dissipline – byvoorbeeld skole, hospitale, fabrieke, weermag en tronke. Tussen hierdie geslote sisteme van hiperdissipline vorm die polisie `n verdere netwerk van dissipline. Die polisie bied `n interstisiële dissipline. Die doel van die polisie is om die panoptisme van die samelewing te versterk. Daar kom groter sekerheid by die publiek – naamlik die sekerheid om gevang te word wanneer jy oortree. Die panoptisme van die samelewing met sy bykomende sisteme van hiperdissipline en interstiële dissipline bied patrone van mag en magversterkings wat elke lid van die samelewing raak en sodoende die nuttigheid van mense bevorder.

Die toestand van panoptisme, naamlik die toestand van mag as waarneming, diffundeer mag deur die hele samelewing – sodat geen individu oorgeslaan word nie. Die vermoë om mag te diffundeer deur die hele samelewing is moontlik omdat die mag van panoptisme selfgenererend is. Die waarneming as sulks vermeerder die mag oor die individu. Aangesien mag kennis produseer kan kennis nie buite die netwerk van `n magsverhouding bestaan nie. Mag en kennis impliseer mekaar direk. Elke magsverhouding behels `n korrelerende veld van kennis.

Hierdie toestand van panoptisme as selfgenerende mag deur waarneming behels drie aspekte:
i) Analise: Die individue in die netwerk van panoptisme word deur middel van waarneming geanaliseer. Elke individu se kwaliteite en deugde kan waargeneem en beoordeel word. Die individu se kwaliteit van produksie kan gemeet word en elke beweging kan geanaliseer word. Elke individu kan normaliserend beoordeel word.
Elke individu kan geëksamineer word. Deur die prosedure van eksaminering kan die hierargiese waarneming en normaliserende oordele spesifiek gekombineer word.
Aangesien dissipline noodwendig asimmetrie van mag behels – is waarneming uiteraard eenrigting. Die individu word deursigtig gemaak vir sy meerderes, maar nie deursigtig gemaak vir sy mede onderdaniges nie. Die meerderes word nooit deursigtig vir die onderdanige nie.
ii) Verstaanbaarheid: Deur die inligting wat deur waarneming en eksaminering verkry is, kan nuwe kennis oor die gedrag en behoeftes van die samelewing as organisasie verkry word. Aan die hand van die vonds van inligting kan die individue herklassifiseer word, onderrigting uitgewerk word en tot konformasie bedwing word.

iii) Dreiging: Die publiek moet maksimaal afgeskrik word – vir die minste lyding van die krimineel. Daarom bied beide slawerny en die doodstraf groot afskrikking.
Elke individu moet deur die representasie van pyn – en nie noodwendig deur die liggaamlike realiteit van pyn vanweë straf nie – besef dat die voordele van die misdaad minder sal wees as die teenspoed van straf. Die dreiging van straf is nie volledig sonder die meegaande sekerheid by die publiek van dissipline nie – naamlik die sekerheid dat elke individu die heeltyd waargeneem word en geëksamineer word. Ook hierdie kommunikasie van dreiging is eenrigting.

- Die uitleg van die omgewing

Deur die dissiplinering van die omgewing word beheer, produksie en gehoorsaamheid bevorder:

Die uitleg van Utopia – naamlik die 54 stede wat deur die hele eiland `n dagreis van mekaar geplaas is, die eenvormigheid van die stede, ook die uitleg van die stede, die eenvormigheid van aantal huise per straat, die verspreiding van die eetsale – maak dissipline moontlik.

Hierdie uitleg van stede en landelike gebiede bied aan elke individu `n vaste plek. Die bevolking word sodoende gefragmenteer, geïsoleer, versprei, gekaart en beheer volgens hulle vasgestelde plekke in `n hierargiese sisteem van waarneming, eksaminering en magsuitoefening. Die uitleg van die stede vergemaklik die bekamping van gevaarlike kommunikasie – naamlik die kommunikasie tussen die onderdane, maar vergemaklik die eenrigting kommunikasie van magsasimmetrie.

Hierdie uitleg van stede en landelike gebiede kodeer die omgewing vir die funksies daarvan. Elke individu word nie net `n vaste plek ten opsigte van die magsnetwerk gebied nie, maar ook `n vaste plek in die prosesse van produksie en dienslewering. Hierdie verspreiding vind plaas volgens die krag en die vaardighede van die individue. Elke individu se gedrag word geobjektiviseer. Produksie eenhede word geskep en operasionele skakelings word gevestig. Uiteindelik kan elke individu optimaal benut word en kan die werkverrigting van die bevolking geserialiseer word – want die arbeidsproses en produksie kan geartikuleer word volgens die persoon wat dit verrig.

Die dissiplinering van die omgewing bied sodoende vir elke individu `n plek volgens die hierargie van mag en `n plek volgens sy funksie van produksie en dienslewering – en verwarring kan vermy word. Elke individu kry `n plek wat ook `n waarde aan hom gee ten opsigte van mag en produksie. Elke individu kan geken en verander word – en gehoorsaamheid onvermydelik gemaak word.

Gehoorsaamheid word gedefinieer volgens produksie en magshierargie – en sodoende kan gehoorsaamheid onvermydelik gemaak word deur die inrigting van die omgewing.

Deur bewustelike beplanning en uitleg word die omgewing `n dissiplinêre omgewing. Deur isolasie, spasiëring van die individue en die beperking van enige beweging binne die samelewing word die omgewing verander in `n panoptikum. In hierdie panoptikum kan elke individu geanaliseer en verstaan word en uiteindelik aangewend word vir die groter geheel. Hierdie omgewing van dissiplinering en aanwending is die konteks waarin die individu herskep word tot `n normale mens.

Beide die prosesse van panoptisering deur dissiplinering van die omgewing en die normalisering deur dissiplinering van die individu behels `n vorm van dissipline waar daar ook klem gelê word op die positiewe funksies van mag – naamlik om die nuttigheid van die individue te bevorder. Hierdie vorm van mag staan teenoor die hervestiging van die mag van die soewerein deur die publieke marteling van die individu. Tydens die publieke marteling is die straf hoofsaaklik `n negatiewe funksie beklee, naamlik die vernietiging van die liggaam van die misdadiger as sulks.

Tydens dissiplinering word die liggaam van elke individu (binne of buite die gevangenis) `n instrument tot `n doel.

Daar is nie meer `n verlies van lewe en gesondheid nie, maar wel die verlies van vryheid en die verlies van eiendom.

**5. Die dissiplinering van die individu**

- Die plasing van die individu in die konteks van mag

Die individu word tot funksie gedwing deur hom te plaas in die konteks van mag.

Die individu se liggaam word deel van `n netwerk van magverspreiding deur dissipline. Die liggaam van die individu word deel van die heersende politiese tegnologie. Sodoende word die liggaam ook `n bron van kennis in die panoptikum en kan die liggaam deur die outoriteit gemanipuleer word. Die liggame van die individue se kragte word deur `n kombinasie van gewilligheid en onderwerping benut.

Die liggaam is nie net die instrument tot die doel van produksie nie, die liggaam van die individu is ook die middel tot die innerlike van sy wese. Die gedissiplineerde mens word nuut geskep. Deel van die nuwe skepping is dat hy in twee dele verdeel word, naamlik `n uiterlike liggaam, maar ook `n innerlike wese. Dit is hierdie innerlike wese van die individu, naamlik sy siel, hart, denke, wil, en inklinasies wat die objek van korrigering word. Korrigering deur dissipline is `n meganisme waardeur gehoorsaamheid verbeter word.

Deur dissipline word die individu deur sy liggaam afgerig, geeëksploiteer, afgebreek, geherrangskik en gemanipuleer, georden en gehoorsaam gemaak.

Deur die plasing van die individu in die konteks van mag word die individu gewillig gemaak tot ekonomiese nut. Die netwerk van dissipline is versprei deur die hele samelewing. Daar is egter institusies in die samelewing waar dissipline vermeerder word – soos die fabrieke, tronke, skole, kloosters en die weermag waar hierdie prosesse van eksploitasie, herskepping en manipulasie baie meer is.

- Die isolering van die individu

Nie net word die individu in sy ruimtelike plasing geïsoleer deur sy bewegings te beperk of ten minste te moniteer nie, maar sy innerlike wese word ook geïsoleer deur kommunikasie eenrigting te maak en onderlinge kommunikasie te beperk. Slegs nuttige kommunikasie word behou, en kommunikasie wat skadelik vir dissipline is word belemmer. In die eetsale van Utopia word die jonger mense tussen die ouer mense geplaas om hul baldadighede te bedwing, en die ouer mense stel die onderwerpe van bespreking voor. Alle gesprekke word deur die filarch gehoor.

Hierdie isolasie vind veral plaas in die institusies aan die rand van die samelewing – soos tronke, skole en gestigte.

- Die merking van die individu

Die kleredrag vorm ook deel van dissipline. Die gewone burgers dra klere wat vir eeue dieselfde patroon het. Eie voorkeure word nie in die verskeidenheid van kleredrag toegelaat nie. Die belangrikste kategorieë van die samelewing word in die verskillende kleredragte weerspieël: Daar word derhalwe onderskei tussen die klere van die mans en die klere van vroue. Daar word ook onderskei tussen die klere van getroudes en die klere van ongetroudes.

Diegene wat aan die rand van die samelewing staan en gerehabiliteer moet word, naamlik diegene wat tot tyd en wyl hul rehabilitasie `n gevaar vir die samelewing inhou, word meer opvallend gemerk. Die slawe wat hulself in `n netwerk van hiperdissipline bevind dra `n uniform. Hierdie uniform het `n opvallende ander kleur as die res van die bevolking. Die slawe dra ook die kenteken van die betrokke gebied waarin hulle aangehou word.

- Die afrigting van die individu

In Utopia word verskillende soorte oefeninge aangebied:
Daar is oefeninge vir oorlogvoering. Daar is ook oefeninge vir genade. Geen dier mag in die stede geslag word nie en die burgers mag nie self diere slag nie. Alle diere moet buite die stad geslag word deur die slawe.

Daarbenewens is daar ook oefeninge van die verstand. Die mense moet net soveel werk as wat nodig is om aan die publieke behoeftes te voldoen – en vir die res van die tyd moet hulle soveel as moontlik hul verstand oefen. Hierdie verskillende oefeninge verander die gemeenskap van `n chaotiese en nuttelose menigte tot `n meervuldigheid van nuttige en gehoorsame individuele wat gekombineer kan word.

- Die rooster

Dissipline vereis dat die individu nie net ruimtelik gespasieer word nie, maar ook chronologies gespasieer word. Sodoende kan meer tyd uit die onderdaan verkry word en versamel word. Die tyd moet so gerangskik word dat maksimale krag uit elke onderdaan getap kan word. Die intervalle waarin die dagtaak verdeel word, die reëlmatigheid van hierdie intervalle en die orde waarmee dit beweeg word uiters belangrik. Roosters is tradisioneel gebruik om die verspilling van tyd te voorkom, maar nou word roosters gebruik om beskikbare tyd te vermeerder – ten einde maksimum effektiwiteit te vermeerder.

In Utopia word die hele samelewing se spasiëring en hele lewensverloop van die inwoners volgens `n rooster gereël:
Die dag word verdeel: Na agt ure slaap begin die werksdag. Middag word aangekondig met `n trompet geskal wanneer `n rustyd van twee ure wat die middagete insluit aanbreek. Hierna gaan werk almal tot die aand. Daar word presies ses ure per dag gewerk. Indien die werk klaar gedoen is word die werksure verminder. In die stede word daar volgens `n rooster elke tien jaar van huis verwissel. Daar is ook `n rotasie tussen die stede en die landelike gebiede.

Die rooster van verblyf en werk vestig `n ritme van plek en nering – terwyl die kwaliteit van tydsbenutting verseker word deur konstante toesig.

- Die liggaam van die individu word aan sy taak vasgemaak

Dissipline beheer die aktiwiteit van die individu deur verskillende metodes:

Die liggaam word onderwerp aan regulasies om die liggaam te verbind aan sy taak. Die liggaam en sy taak word verbind – daar word `n liggaam-masjien kompleks gevorm – so word die liggaam getransformeer tot nuttigheid en produksie. Dissipline koppel die liggaam aan die apparaat van produksie. Selfs wanneer die individu in Utopia twee ambagte kan doen, dan moet hy die ambag kies wat nodig is vir die samelewing.

Die liggaam word beperk tot sy taak. Dit behels nie net `n rooster wat die tyd van arbeid meer maak nie, maar ook dat daar niks anders is wat die persoon se aandag aftrek van sy taak nie. Daarom word die voortdurende toesig deur die oudste van die huishouding en die filarch van die individu

aangevul met `n verbod op ander dinge wat sy aandag van sy taak sou aftrek. In Utopia is daar `n verbod op alle suipplekke en dobbelhuise.

Nie net word geen tyd verspil by die uitvoering van die toegekende taak nie, maar geen individu word oorgeslaan by die toekenning van take nie. Elke individu het `n werk om te doen. Almal doen of landbou of `n ambag van soorte. Daar is diegene wie die aanleg het tot studie. Hulle word onthef van arbeid en word getaak om te studeer. Niemand mag `n nuttelose werk doen, of `n werk doen wat met losbandigheid te doen het nie. Daar word neergesien op ander lande waar talle mense – soos vroue, priesters, grondeienaars en bedelaars nie werk nie. Dit is die taak van die filarch om toe te sien dat niemand ydel is nie. Almal sal werk – al is dit deur gedwonge slawerny.

- Taktieke: Die kombinasie van kragte

`n Taktiek word gevolg wanneer die verskillende individue wat aan hul take deur mag verbind word, en volgens `n rooster werk, terwyl dit wat die aandag kan aflei weggeneem is en alles die heeltyd dopgehou word – se take bymekaar gebring word deur `n berekende kombinasie. Die verskillende elemente word in `n georkestreerde samehang gebring. Sodoende kan `n groter produktiewe krag verkry word en `n maksimale effek kan derhalwe bereik word.

Dissipline verbind die individu aan die meervoud – daarom transformeer dissipline die chaotiese massa tot geordende individue. Die deurmekaar, nuttelose en gevaarlike menige word tot `n geordende meervuldigheid getransformeer. Deur middel van die netwerk van dissipline word die hele samelewing `n masjien van produksie – waarvan die effek gemaksimeer word deur die samewerkende artikulasie van die elemente waaruit dit bestaan. Deur die werking van dissipline kry elke individu sy volwaardige plek op die pad na Utopia.

Danksy `n netwerk van dissipline is slegs `n eenvoudige en betroubare administrasie nodig – wat in staat is om die hele samelewing te transformeer tot `n groot masjien wat groot effekte produseer.

In Utopia is selfs die maaltye omskep in `n taktiek:

Die filarch kry die nodige kos by die mark. Elke 30 gesinne eet in die saal wat vir hulle beskikbaar gestel is. Daar is 15 gesinne aan elke kant van die saal. Die mans sit met hul rûe na die muur en die vroue en kinders sit aan die ander kant van die tafels na die middel toe. Indien `n kind sou begin skree dan word hy afgegee aan die kindermeid wat na `n ander vertrek gaan om die kind te versorg. Die oudstes word eerste met die kos bedien.
Die aandag van die mense moet gevestig bly op die eet van die maal en ontwikkeling van die gedagtes. Daarom moet die oudstes die onderwerpe

wat bespreek gaan word, noem. Die jonger mense is tussen die oudstes geplaas sodat hulle nie te uitgelate word nie.

### 6. Die effek van dissiplinering: Normalisering van die samelewing

In die samelewing wat regeer was deur die soewerein is die straf in verband met die oortreding van die wet gegaan – naamlik die aantasting van die mag van die koning. In die samelewing van dissipline gaan die straf oor die korreksie wat diegene wat van die normale afgewyk het.

Die straf van die soewerein was gekonsentreerd op die marteling van die krimineel en die afgryse van die spektakel. Die straf van die gedissiplineerde samelewing word deur die hele samelewing versprei. Die mag om te straf word universeel gemaak. Die straf word deel van `n groter veld van werking – want die hele samelewing word `n veld van korreksie – naamlik korrigerende afrigting. Die straf word deel van die funksie van die hele samelewing – elke element van die samelewing word deel van dissipline.

Die moderne samelewing bevat hierdie paradoks: Enersyds is daar `n egalitariaanse juridiese raamwerk, naamlik die verteenwoordigende regeerder waar die wil van almal die fundamentele gesag en soewereiniteit vorm met kontraktuele verpligtinge en regte. Die juridiese raamwerk definieer sy juridiese subjekte volgens universele norme.

Maar andersyds is die dissiplinêre netwerk wat nie-egalitariaans is nie, met asimmetrie van mag en dwang. Die dissiplinêre sisteem sluit die hele samelewing in as subjekte en gee `n ander definiering aan sy subjekte. Die hele samelewing word gekarakteriseer, geklassifiseer, gehierargiseer – en volgens `n norm deur panoptiese tegnieke geweeg. Die individue van die samelewing kan volgens die waardes van die samelewing gehierargiseer word – weer eens word die individu relatief tot die samelewing gestel. Die dissiplinêre sisteem vorm sodoende die alledaagse stabiliteit – naamlik die alledaagse moraliteit van die samelewing. Dissipline is nie net evaluerend nie, dit is ook korrigerend. Daarom word die hele samelewing deurweek met subtiele strafvorme – ligte fisiese straf, ontnemings, vernederings, koudheid, afsydiheid, weerhouding van aanstellings. Die individu bevind homself in `n univers van straf – die individu word onderwerp aan straf solank as wat hy nie sy verwagte vlak van prestasie bereik het nie. Dissipline is altyd korrektief – deur roosters, eksaminerings, oefening en afrigting. Uiteindelik moet die onderdaan konformeer volgens die norm.

Die verskil tussen die juridiese stelsel en die dissiplinêre stelsel behels dus `n uitbreiding van misdaad.
In `n alleen juridiese stelsel is die wette onvoldoende om die hele spektrum van mense handelinge te dek. Daar is gapings van die mense gedrag

waaroor die wette niks sê nie. Dit is slegs deur `n dissiplinêre stelsel moontlik om by elke handeling van die mens uit te kom. Dissipline bring `n kontinue penaliteit na die samelewing (naamlik normalisering van die samelewing) – deur die individualisering, hierargisering ten opsigte van `n enkelvoudige normstelsel. Dissipline spreek oor daardie handelinge en aspekte van handelinge van individue waaroor die groot wette niks sê nie. Dissipline straf daardie handelinge wat die groot wette nie sou gestraf het nie. Dissipline maak alarm daar waar die individu nie meer in lyn is met die projek van sy meesters nie.

In Utopia is die groot reël dat slegs binne die raamwerk van die wette van distribusie (soos dit voorgeskryf was deur die stigter koning Utopus of soos geratifiseer word deur die algemene instemming van mense wat nie bedrieg is of onderdruk is nie) kan jy na jou eie belange en na die belange van die publiek omsien – dit is `n ongeregtigheid om jou eie plesier te vermeerder terwyl jy ander se plesier ontneem.
Die misdadiger is nie net die oortreder van die groot wette nie, maar is ook die oortreder van die rooster, die program, nie toegewyd genoeg te wees aan sy oefeninge nie, nie gewillig goedkeuring verleen aan sy onderdrukking nie. Dissiplinering kriminaliseer die hele lewe.

**7. Die effek van dissiplinering: Elke individu word vervangbaar**

In die omgewing van dissipline is die elemente wedersyds uitruilbaar – want elkeen word gedefinieer deur die plek wat hy in die reeks beset en die gaping wat hom van ander skei. Die plek van die individu korrespondeer met sy funksie en waarde in die omgewing van kompetensie. Die eenheid van die individu is eerstens sy rang in die klassifikasie van die sisteem. Dissipline is `n kuns van rang. Dissipline is `n tegniek van transformasie deur rangskikking. Deur dissiplinering word individue in `n netwerk van relasies versprei.

Die individu word nie eerstens geken volgens sy terrein van dominering of plek van residensie nie. Daarom moet die individu ook homself nie aan die grond of die familie verbonde sien nie. In Utopia sien niemand hulself as eienaars nie – hulle sien hulself eerder as blote huurders van die grond. In Utopia besit niemand iets nie. Daar is in Utopia geen ydele uitstalling van besittings nie. Selfs aan die dooies word daar nie noodwendig grond afgestaan nie. Dit is daarom verstaanbaar dat kremasies toegelaat word. En selfmoordenaars wat sonder toestemming selfmoord gepleeg het word in die moeras gegooi.

Elke burger is nie besig met sy eie verryking nie. Almal is besig met publieke sake. Die produk van die arbeider is nie sy eie nie, dit is net sy eie in soverre as wat hy dit nodig het. Elke jaar besluit die senaat oor die

verdeling van die surplus landbou produkte tussen die behoeftiges. Die boer kry ook die nodige gereedskap sonder dat hy daarvoor gewerk het en sonder dat hy dit steel. Indien `n boer iets nodig het kry het dit van die munisipaliteit sonder kibbel. In die middel van elke stad is daar `n mark, waar elkeen kom haal wat hy nodig het, verniet – omdat daar genoeg is, is daar geen vrees vir gebrek nie. Daarom is daar geen gulsigheid nie en hoef elkeen slegs te neem wat nodig is. Indien iemand op reis gaan het hy ook niks nodig nie. Die reisiger hoef niks met hom saam te vat nie. Oral waar hy kom vind hy verblyf en versorging.

Slegs dit wat van nut is is van waarde. Daarom het goud geen waarde nie. Dit word as `n dwaasheid beskou om juwele of rykdom te versamel. Selfs die posisie van die individu in die samelewing is eerstens funksioneel. Die nut van die individu staan voorop.

Die kinders is `n las. Wanneer kinders aan die tafel lastig word, word hulle vir die kindermeide gegee sodat hulle nie die mense sal pla nie. Die kindermeide neem die kinders dan na `n aparte eetkamer.

Indien iemand `n onomkeerbare las vir die samelewing en vir homself geword het – kan hy doodgemaak word of selfmoord pleeg. Niemand mag egter selfmoord pleeg sonder die uitdruklike toestemming van die senaat en die priesters nie.

**8. Dissiplinering aan die rand van die samelewing**

Aan die rand van die samelewing vind `n tweede vorm van dissipline plaas. Dit is `n vorm van uitnemende dissipline. Aan die rand van die samelewing vind ons die geslote institusies van stigmatisering, tronke en verbanning. Hier is dissipline besig met negatiewe funksies, soos die staking van euwel, staking van kommunikasie en staking van tyd.

- Die tronk

Die tronk is `n plek van hiperdissipline. Die tronk bied selfs `n voorbeeld van dissipline aan diegene wat buite die tronk is.

Dissiplinering in die tronk berus op `n veronderstelde kontrak. Die veronderstelde kontrak behels die voorwaarde dat indien `n individu in `n land wil woon hy ook die wette van die samelewing sal aanvaar. En die wette van die samelewing sluit ook die wette oor straf in. In `n dissipline netwerk is `n misdaad nie meer `n aanval op die mag van die soewerein nie, en is die straf nie meer `n reg van die soewerein om wraak te neem nie. In `n dissipline netwerk is `n misdaad `n aanval van die samelewing. Daarom het die samelewing nou die reg om die misdadiger in totaliteit te opponeer en hom te elimineer. Die instandhouding van die samelewing

sluit die instandhouding van die misdadiger uit. Die reg om te straf is nie meer die wraak van die soewerein nie, maar dit is die verdediging van die samelewing. Die krimineel is die vyand van die gemeenskap. Die krimineel is `n verraaier en `n monster.

Ook in Utopia word beide die krimineel en die vyande van ander lande dieselfde manier behandel. Vyande en kriminele wat gevang word, word gebruik as slawe.

Die tronk bied `n volkome samelewing van dissipline. Die misdadiger wat gevang is en skuldig bevind is, bevind hom nou in die volledig gedissiplineerde samelewing van die tronk. Die gevangene bevind hom in `n panoptikum waar die verantwoordelik vir alle aspekte van die individu oorgeneem word. Die gevangene dra nie meer die verantwoordelikheid van sy liggaam en siel nie: sy fisiese vermoëns, sy gedrag, morele houding en toestand van sy verstand nie.

In die gevangenis is daar geen nuwighede nie. In die gevangenis vind ons maar die tegnieke wat reeds in die samelewing verspreid is. Dieselfde tegnieke wat reeds in die samelewing verspreid is, word nou gekonsentreer in die institusies van dissipline (byvoorbeeld fabrieke, skole en hospitale).

Die gevange word volkome geïsoleer van die samelewing. Hy word in die tronk as individu gespasieer. Daar is ook geen vryheid van beweging nie. Wanneer die gevangene in die samelewing ingaan – word hy kettings aangesit en `n kenmerkende voorkoms gegee. In Utopia het die gevangenes `n kenmerkende haarstyl en die punt van een oor word afgesny.

Daar is spesialiste met die nodige morele en tegniese vermoëns wat die gevangene versorg na liggaam en gees. Die gevangene se isolasie van die res van die samelewing en van mekaar maak dit moontlik dat daar maksimale heerskappy oor hom gevoer kan word. Daar is `n volstrekte onderwerping en intimiteit tussen die gevangene en die mag van dissipline. In die tronk is daar slegs `n eenrigting deursigtigheid en kommunikasie. Die gevangene word waargeneem en kennis word van hom getap. Hierdie kennis word versamel en gesentraliseer. Op grond van hierdie korpus van kennis word verdere besluite geneem ten opsigte van sy terapie – naamlik die diagnose, prognose en vordering van korreksie van die gevangene.

Die pyn van straf is by die gevangene nie meer (soos dit die geval is by die publiek) `n representasie van lyding nie. Die pyn van straf is by die gevangene `n regstreekse ervaring. Die straf as terapie fokus op sy liggaam – die bewegings en aktiwiteite. Die straf dien as middel om die siel van die gevangene tot gehoorsaamheid en gewilligheid te manipuleer. Die gevangene word onderwerp aan fiksering van die persoon (naamlik individualisering en klassifisering), aan inperkinge van bewegings (naamlik roosters en oefeninge), en aan transformasie (naamlik afrigting, opvoeding).

Die gevangene moet weer vir die samelewing gerehabiliteer word. En rehabilitasie beteken nie veel meer as om weer vir die samelewing nuttig te wees nie. Die gevangene moet kan werk in die industriële samelewing. En produksie is die norm van die industriële samelewing. Om produktief te wees in die groter geheel – "jou deel te doen" – is die moraliteit. Dit is juis hierdie moraliteit wat die krimineel oortree het en dit is na hierdie moraliteit waarna hy weer moet terugkeer. Want jy leef van die produk van jou eie arbeid of dienslewering, of van iemand anders se arbeid of dienslewering – wat diefstal is. Die verbetering van die gevangene is derhalwe goed vir hom en vir die samelewing.

Die gevangene word derhalwe onderwerp aan transformasie: Hy word afgerig en onderrig. Eers word hy getransformeer as die gevolg van eksterne druk, maar later word dit sy tweede natuur. Hy moet toelaat dat die gesag wat op hom werk ook in hom werk. Die wanorde van idees en moraliteit word vervang deur die voorspelbaarheid van meganiese bewegings. Die morele transformasie van die gevangene vind plaas deur die eksterne beheer van sy liggaam en die liggaam se bewegings. Die krimineel moet weer die liefde vir harde werk leer en hy moet weer leer om orde te respekteer.

Wanneer die gevangene gerehabiliteer is – wanneer die gevangene weer gewillig nuttig is vir die samelewing – naamlik weer `n onderdaan is wat nie meer die begeerte het om te oortree nie – word hy vrygelaat (of beter: word hy ontslaan). Die tydsduur van die gevangenis word nie bepaal deur die misdaad direk nie. Die tydsduur van die gevangenis word bepaal deur die flinkheid van die transformasie van die gevangene. Die straf word nie uitgewerk volgens die misdaad (naamlik die misdade van die verlede) nie. Die straf word uitgewerk volgens die moontlikheid van herhaling (naamlik die misdade van die toekoms). Hierdie beloning van inkorting van tyd in die gevangenis bring by die gevangene die gedagtes van goed en kwaad – dit stimuleer sy morele besinning.

In Utopia is hierdie taak van morele transformasie deur die hele samelewing versprei. Beide die koning en die priesters is besig om die onderdane te onderrig om goeie gedagtes te hê – en goeie gedagtes is daardie gedagtes wat die gemenebes bewaar en bevorder. `n Goed onderrigte samelewing het ook minder wette nodig.

- Die verbanning

Die staat kan ook besmet word deur `n plaag. Die gemeenskap moet weer gesuiwer word. Daarom is daar `n binêre verdeling en brandmerk van die bevolking: normaal versus abnormaal; waansinnig versus sinnig. Diegene wat te nutteloos is om te rehabiliteer, word verban.

- Die doodstraf

In Utopia word die doodstraf aan slawe bedien indien hulle hul dissiplinering kortwiek. Daarom ontvang `n slaaf die doodstraf wanneer hy die kenwapen van sy gebied laat wegraak, wanneer hy buite sy distrikte gaan, wanneer hy met `n slaaf van `n ander distrik praat, of wanneer hy poog om te ontsnap of sy slawerny betwis.

**9. Die funksie van die religie**

Die taak van die godsdiens in Utopia is om die produksie van die volk te vermeerder. Dit beteken dat die godsdiens onnodige tweespalk in die volk moet verminder, enige opstandigheid teen die owerheid moet voorkom, en die reeds bestaande dissipline moet bevorder.

Om hierdie doelwitte te behaal word die priesters `n hoër aansien gebied. Die priester met sy vrou, mag langs die filarch aan die dieselfde tafel sit in die eetsaal. Die priester kan sodoende ook deelneem aan die inspeksie van die families wat aanmeld vir ete. Priesters is ook bokant die wette van die land verhef. Hulle word nooit voor die regsbank gedaag nie en word nooit gestraf nie.

Die religie bevorder eenheid onder die volk deur elke soort godheid wat iemand wil aanbid te akkommodeer. Die priesters leer dat hierdie verdraagsaamheid jeens die veelvuldige soorte godsdienste juis die wil is van die allesomvattende godheid. Die naam van die allesomvattende godheid is Mithras. Dit is ook die enigste naam wat ooit in publiek genoem mag word. Elkeen mag derhalwe sy eie godheid hê – maar mag nie hierdie godsdiens bevorder by ander nie. Die naam van die persoonlike godheid mag ook nie publiek genoem word nie.

Die bevolking word gedwing tot lojaliteit jeens die staat. Daarom word goeie en bose dade relatief tot die kommunale strewe van die staat gestel. Alle gulsigheid, onkunde, trots en vooroordeel word dus ernstige oortredings. Die volk word derhalwe afgerig om die gelykheid van almal in die staat en barmhartigheid jeens almal van die staat te bevorder.

Die religie bevorder die dissipline van die volk nie net deur toe te laat dat die priester deelneem aan die gehierargiseerde waarnemingstelsel nie, maar ook deur hul besondere leer oor die dooies. Die priesters leer dat die dooies oral tussen die volk aanwesig is – en so alle bose dade sien. Selfs in die mees geheime plekke kan die volk nie oortree nie – want die dooies sal hulle sien. Indien die dooies jou oortredinge sien is jy in die moeilikheid, want na die dood word die mens slegs vir sy goeie dade beloon – maar vir sy misdade gestraf. Die volk sal daarom twee keer dink voordat hulle teen die staat in opstand kom. Die volk sal daarom twee keer dink voordat hulle `n bose daad pleeg of selfs `n bose daad aanhits.

Deur al hierdie tegnieke kan die volk uiteindelik spontane gehoorsaamheid aan die staat naboots. Die volk toon derhalwe vrywillige eer aan die

amptenare. Die amptenare van die staat word vader genoem. Indien iemand sy liggaam te na kom vir ander, kry hy groot lof. Alle plesier kan uiteindelik toegelaat word – solank as wat die plesier nie skadelik is nie.

Daar is verskeie belangrike kenmerke van die godsdiens van Utopia:

- Die geloof dat die mens goed is en noodwendig rasioneel is.

- Die geloof dat `n samelewing van geluk, veiligheid en sekerheid haalbaar en wenslik is.

- Die geloof dat `n samelewing beplan kan word.

**10. Die funksie van ideologie**

Die staat versorg die bevolking nie net materieel nie, maar die staat versorg ook die simbole en gedagtes van die volk. Die staat behartig hierdie onderneming deur middel van die ideologie. Die uiteindelike doel van ideologie is om die eenheid, die lojaliteit en die produksie van die volk te vermeerder.

Die ideologie behels die volgende aspekte:

- Die voorsiening van geskiedenis

Die staat skep die geskiedenis vir die volk. Die staat skep `n geskiedenis wat die hede voorspoedig laat klink. In Utopia word geleer dat in die verlede daar net hutte van hout was wat bloot lukraak gebou was. Maar nou 1760 jaar later is die huise van klip en sement gebou – en die huise het vensters. Die huise is ook georden en nie meer lukraak nie.

- Die voorsiening van rasionalisering

Daar word redes uitgedink hoekom daar nie meer die doodstraf moet wees vir diefstal nie. Die beste rede teen die doodstraf wat Thomas More kan uitdink is omdat die doodstraf nie diefstal kan uitroei nie. More dink dat oorsprong van diefstal honger is.

Mense word honger indien hulle nie meer kan werk nie, wanneer hulle deur grondeienaars van die grond afgesit word en wanneer hulle hul geld uitsuip of dobbel. Daarom sal die mense in Utopia altyd graag werk en sal daar altyd voedsel op die markplein wees. Daarom sal daar in Utopia geen grondbesit wees nie. Daar sal ook geen suipplekke en dobbelplekke wees nie.

Buitendien mag die straf by die oortreding pas. Daarom sal die doodstraf in Utopia bedien word aan moordenaars en aan slawe wat die dissipline van die staat ondermyn. Dit is interessant dat die doodstraf ook vir hoerery bedien word – want hoerery vernietig die huwelik, en die huwelik is die bousteen van die staat.

- Die eufemisme

Die doodstraf word in die geheim bedien. Die doodstraf word deur die burokrasie van die staat bedek. Die straf word in die vorm van dissipline deur die hele bevolking versprei en daarom kan daar inderwaarheid meer straf uitgeoefen word. Die juridiese sisteem het nie meer `n monopolie op die strafproses nie.

- Die naturalisering

Thomas More leer dat deur die rede die mens sy ware natuur kan laat gedy. (Hierdie gedagte kry hy van Aristoteles.) Die ware natuur van die mens sal kan gedy indien hy reg kan kies. Daarom sal die redelike mens sy eie genieting kan vermeerder en terselfdertyd tot hulp van sy medemens kan wees. Die mens het `n natuurlike gemeenskaplikheid en `n natuurlike vermoë tot geluk. Daarom verbied die natuur elke mens om sy eie voordeel te soek ten koste van sy medemens. Aangesien vriendskap natuurlik is, is daar geen kontrakte in Utopia nie.

- Die beheer van simbole

Alle nuttelose dinge het in Utopia geen waarde nie. Maar om hierdie boodskap tuis te bring by die volk word die waardeloosheid van onnuttige dinge bevestig deur simbole. Goud is nie nuttig nie, en daarom het dit geen waarde nie. Daarom maak hulle in Utopia kamerpotte van goud en gee hulle vir die misdadigers oorringe, halssnoere, ringe en selfs `n goue kroon. Pêrels, diamente en robyne word as kinderspeelgoed gebruik. Sodra `n kind meer kan verstaan sal hy spontaan skaam word daarvoor en ophou om met die juwele te speel.
Toe die ambassadeur van Anemolië (die land van winderige mense) Utopia besoek het met kleurvolle klere en baie goud – het die Utopiane hom aangesien vir `n slaaf.

Op die markpleine word standbeelde van groot manne opgerig. `n Groot man word gedefinieer as iemand wat `n groot diens aan sy land verrig het. `n Pilaar word geplant op die plek van kremasie met die goeie dade van die eienskappe van die oorledene daarop – sodat hy onthou kan word vir sy goeie dade en die volk daardeur gestimuleer kan word tot goeie dade.

**Bronnelys**

1. Brown, S.E., Esbensen F., Geis, G. Criminology, explaining crime and its context, 2nd edition. Cincinnati: Anderson Publishing. 1996.
2. Foucault, M. Discipline and punish, the birth of the prison. New York: Vintage Books. 1977.
3. Haralambos, M., Holborn, M. Sociology, themes and perspectives. London: Collins Educational. 1995.
4. More, T. Utopia. London: Yale University Press. 1964.

**Repliek deur mnr. Hannes van Heerden:**

Ons ken die soort berigte. Die koerant vertel van ‘n man in Pretoria, mnr Willem van der Vegte, wat 6 keer geskiet is deur ‘n rower. Hy oorleef. Die rower steel sy skoot rekenaar en ontvlug. Dit was die tweede gewapende roof wat hy beleef. Niks nuuts nie. Dit gebeur feitlik elke dag.

Wanneer ons praat oor misdaad, is dit hierdie gebeure wat ons dring om te protesteer. Wat lei tot aksie – wat mense motiveer om nou iets te doen. En dan – wanneer dit so naby aan jou kom dat jy uit jou gemaksone gepluk word – dan woon jy selfs ‘n seminaar soos hierdie by om by antwoorde uit te kom.

Dit is dus inderdaad tydig om te besin oor misdaad in ons land. En ons kan hierdie onderwerp nie veel beter inlei as deur te luister na iemand soos Dr Durand nie. Hy benader hierdie onderwerp soos ek hom leer ken het: op ‘n manier wat die *“oningewyde”*- die persoon wat nog nooit op so ‘n manier oor die onderwerp gekonfronteer is nie – bietjie onkant vang. Wat hom dwing om terug te staan en te vra: Waaroor gaan dit eintlik in die hantering van hierdie onderwerp? Wat is misdaad? Wie is skuldig en wie nie?

Misdaad is om te doen wat onwettig is. Dus ‘n oortreding van die wette van die land. Dit is hier waar die lesing van Dr Durand diep tot die kern deurdring met met indringende vrae kom.

Waar ons dalk bietjie uit ons gemaksone geskud word ...

Anders as wat ons dalk wou hê - as wat dit inderdaad behoort te wees - raak misdaad al meer dit wat as “*stout”* gedefinieer word in die gedissiplineerde omgewing van ons *reënboog utopia.* Ons sien dat dit nie net misdaad is wat ons bedreig nie, maar ook om as misdadigers gereken te word. Ons word gekasty deur dit wat ons ken en moet ken as misdaad, maar ook deur die etiketering as misdaad dit wat ons doen – *juis wanneer ons doen wat reg is* !

Aanvanklik behels die dissiplinering net die doen van die voor-die-hand-liggende. Word ons aangesê om dit te doen dit wat ons behoort te doen maar nie behoort gesê te word om dit te doen nie. Ons raak gewoond daaraan. Later kan ons nie daarsonder nie. Eers dra ons veiligheidsgordels omdat dit beskermend is en sin maak. Dan dra ons dit omdat die wet so sê. Later dra ons dit nie meer as die wet ons nie verplig nie.

Dan word ons aangesê om te doen dit wat onnodig is. Dis lastig, mors tyd, energie en geld. Maar ons doen dit, want die vyfde gebod beveel dit mos. Ons registreer elke werker vir UIF, vir PAYE, bestuur nie as ons nie die

regte plastiek kaartjie by ons het nie, registreer ons kinders as tuisskolers by die regte departement, bewys aan die bank dat ons bly waar ons bly, gee ons vingerafdrukke om te kan stem, betaal ons om ons nommerplate te laat verander om in te pas by die nuutste regulasies. Hoe dan anders...die regering beveel dit mos.

Dan op ‘n dag is dit nie meer net lastig nie. Ek tugtig my kind met die roede in gehoorsaamheid aan die Skrif en word ‘n misdadiger. Die gemeente wys die vroue predikant weg vanweë haar geslag en word gedagvaar. Die kerkverband veroordeel homoseksualisme en word skuldig aan haatspraak.

*Wie is nou die misdadiger?*

Is dit laksheid, rasse vooroordeel, onvermoë of gebrek aan mannekrag wat veroorsaak dat rowers, moordenaars en kapers so maklik daarmee wegkom of skuil daar iets meer daar agter?

Maak dit sin om duisende rande en manure te spandeer om klein privaatskole en tuisskolers te kontroleer terwyl die vlak van opleiding in staatskole as gemiddeld onder die van Zimbabwe gereken word?

Hoe rym dit dat derduisende rande spandeer word vir meer beheer oor wapenbesit en regulering van die hantering daarvan terwyl rowers en moordenaars dit al makliker in die hande kry?

Hoe moet mens dit verstaan dat jy pornografie en godslasterlike materiaal kan koop en besit, maar bewaar jou as jy gevang word met ‘n stukkie goud of ongeslypte diamant?

Miskien kan ons van hierdie antwoorde vind as ons probeer wat Dr Durand aan ons voorhou.

- As die Skrif nie (meer) daar is om as openbaring te dien van wat misdaad is en wat die strawwe daarvoor moet wees nie;

- as die dissiplinering van die individu om te omvorm en in te pas by die utopiese ideaal die oorwegende dryfveer word in die definiëring van misdaad en die hantering daarvan;

Dan...

- Maak dit dalk sin dat dit ‘n groter midaad is om welvaart in goud te probeer verskans en die beheer van die reserwebank uit te kalwe as om ‘n afgeleefde egpaar op hulle plaas te vermink;

- Verstaan mens beter waarom beheer oor tuisonderrig of onafhanklike klein privaat skole belangriker is as om die gehalte van staatskool onderrig te verbeter.

- Kan mens selfs die vraag vra of sommige *misdaad* nie dalk meehelp aan die dissiplinering van burgers wat moeilik op ander maniere getem word nie?

Ja, die implikasies hiervan is ingrypend en miskien kan daar in die vrae- en besprekingstyd op die konsekwensies ingegaan word.

Byvoorbeeld sou ons kon gesels wanneer ongehoorsaamheid aan die Skrif begin.

- Is dit by die weerhouding van die pak slae wat die kind moet kry of reeds by die deelname aan ‘n dissiplinêre struktuur soos die staatskool?

- Is dit eers by die sagte handjies in die hantering van die homoseksueel in die ampte van die gemeente of reeds by die uithaal van die vrou uit die gesin om te gaan nuttig wees in die breër samelewing met haar talente?

- Is dit eers by die egskeiding of reeds by die afskaling van die rol van die gesin as bousteen en die weerhouding van die kry van kinders?

- Is dit eers by die swyg by die ydelike gebruik van die Here se naam in die openbaar of reeds by die deelname aan die parlementêre lessenaar?

Ons sou ook strategiese vrae kon vra soos:

- Is dit werklik ‘n vergroting van die polisiemag en ‘n meer effektiewe gebruik van polisie bronne wat ons wil hê of eerder ‘n verkleining daarvan?...

- Is oneffektiwiteit in die staatsdiens iets om te betreur of eerder iets waarvoor ons moet dankbaar wees?...

- Is korrupsie in die staatsdiens iets wat ons bedreig of eerder iets wat die utopiese staat in toom hou?...

- Is ‘n staatsubsidie vir die skool, staatspensioen en mediese versorging vanaf owerheidsweë iets om na uit te sien, of eerder iets om van weg te vlug?...

- Lê ons heil in die “reg ruk” van die staatsdiens of eerder in die verbrokkeling daarvan?...

Ja, en dan kan ons ook miskien onsself afvra:

As dit waar is dat dit nie net in ons land is nie, maar wêreldwyd wat hierdie utopiese staat homself manifesteer; as dit waar is dat westerse lande soos Australië, Nieu Zeeland en Kanada meer effektief is in administrasie en polisiëring;

As hierdie dinge waar is, is die christene beter af wat uit die land uit padgee om te vlug van misdaad? Help dit om nie bang te wees vir die kaper nie, maar te moet konformeer om nie self misdadiger te word nie?

Sonder om antwoorde op hierdie vrae te probeer gee, lyk dit vir my asof ons lank kan gesels oor die implikasies van Dr Durand aan ons voorhou. Sy indringende vrae en skerp analise behoort ook vir u te stimuleer tot nadenke en hopelik ‘n paar vrae. Baie dankie aan hom en geluk met hierdie bydrae.

# BEHOORT DIE BYBELSE STRAFWETGEWING VANDAG NOG VAN TOEPASSING TE WEES ?

deur ds. Gustav Opperman

Ds. Opperman is predikant van die Gereformeerde Kerk, Brits-Wes.

## 1. Inleiding

*Ek wil u bevele oordink en op u paaie let. Ek sal my verlustig in u insettinge, u woord sal ek nie vergeet nie* (Ps. 119:15).

Wat om vandag te doen met die HERE se insettinge?

Dit is die probleem wat elke Bybelgelowige in die gesig staar. Indien ons die grootste gedeelte van die Bybel verwerp soos die wetsverwerpers (antinomiste) doen, dan sit ons nog met die vraag: Volgens watter ander norm gaan ons ons lewe inrig? Sal dit wees volgens die reëls van algemene menswees? Sal dit wees volgens intuïsie of dalk die mistieke influisteringe van die Heilige Gees? Of kan die norm volgens 'n heeltemal ander teks wees, die Koran byvoorbeeld?

Dieselfde vraag kan ten opsigte van die regters van die burgerlike owerheid gevra word. Behoort hulle reg te spreek volgens die Bybelse wette of moet hulle 'n ander maatstaf aanlê? Namate die regering en owerhede in die Islamitiese wêreld onbeskaamd wetgewing volgens die Koran in gebiede onder hulle beheer invoer en toepas, behoort hierdie vraag gelyktydig dringender te word vir diegene in die wêreld wat die Bybel bely.

Op die oog af lyk dit of die burgerlike owerheid nie hierdie probleem het nie. Die wêreld wil net die samelewingsorde behou. Daarom moet enige gedrag wat sosiale konflik veroorsaak of onrus by die gemeenskap te weeg bring, slegs "gekorrigeer" word (vandaar die benaming Dept. Korrektiewe Dienste vir Suid Afrika se tronkbewaarders). Die druk om die samelewingsorde te behou, is egter besig om toe te neem namate die land se misdaadstatistiek steeds buite beheer die hoogte inskiet. Die humanistiese "teks" (die Akte van Menseregte) waarop die regering se regsprosesse tot dusver steun, sal dienooreenkomstig bevraagteken word.

Daarby moet ons in gedagte hou dat die wet in elke kultuur (en volgens watter teks ook al), ten diepste 'n godsdienstige oorsprong het. Elke regstelsel en elke wetboek bevat die praktiese uitvoering van 'n samelewing se kosbaarste waardes. Die oorsprong van die wet in enige samelewing sal ook die god van daardie samelewing wees. Sou die menslike rede die hoogste en kosbaarste waarde wees, dan is die menslike rede ook die god van daardie samelewing.

Die eerste uitgawe van die Encyclopaedia Britannica (1771) begin sy bespreking van die wet deur dit beskryf as: *the command of the sovereign power, containing a common rule of life for the subjects*. Sou Dingaan die hoogste gesagsbron in ‘n samelewing wees, kan ons aanvaar dat Dingaan ook daardie samelewing se god is.

Die moderne demokrasie, op sy beurt, vind sy oorsprong terug in die slagspreuk van die Franse Revolusie: In die stem van die volk hoor ons die stem van God.

Demokraties verkose regerings se onvermoë om te regeer, lei gewoonlik weer tot verdere revolusies en uiteindelik tot diktatorskap of anargie. Laasgenoemde opsie word vandag selfs openlik in Afrikaanse koerante verkondig. Deon Maas skryf in Beeld (08.06.2007) soos volg:

> *Dis tyd dat ons besef dat regerings – nie net Suid-Afrika s’n nie – nie meer die sorge en goeie welsyn van die mense op straat of hul werknemers op die hart dra nie.*
>
> *Regerings het soos ’n klomp gangsters van die Kaapse Vlakte geword. Hulle is die boewe wat seker maak hulle bly deur any means necessary aan bewind, wat hulself bevoordeel en verryk en neersien op die mense wat vir hulle stem.*
>
> *Swart teen wit is passé, verby. Dis tyd vir die volk teen die elite. Tyd vir anargie. Tyd dat ons die wet in eie hande neem. Tyd vir ’n nuwe revolusie*.

Gelowiges moet hulself voorberei om die vakuum te vul wanneer die huidige humanistiese bedeling klaar geweeg en te lig bevind is. Hoekom is die geloofgemeenskap so traag om dit te doen? Gesonde besinnings oor Bybelse etiek raak al hoe skaarser in ons kerklike tydskrifte en kerklike vergaderings, wat liewers al hoe meer tyd en ruimte inruim vir sosiale opheffingsprogramme. ‘n Duidelike uitleg en verkondiging van eise en strawwe van die sewende gebod sal myns insiens op die lang duur meer vermag as die mobilisering van kerklike strukture om die staat by te staan in die versorging van duisende der duisende VIGS-slagoffers waarvan die meeste ly as gevolg van ‘n oortreding van die sewende gebod.

**2. Enkele redes vir die geloofsgemeenskap se onvermoë om God se wette in die maatskappy te verkondig en uit te dra.**

- Talle gemeentes en kerkverbande verkeer openlik in ‘n toestand van tugteloosheid. Ooglopende oortredinge van die sewende gebod word geïgnoreer of selfs goedgepraat. Seksuele gruwels soos homoseksualiteit en lesbianisme word in die grootste

gereformeerde kerkverband in Suid-Afrika sinodale sanksie gegee. Binne hierdie konteks sal geen kerklike getuienis oor enige van God se wette enige oortuigingskrag of gewig dra nie.

- Die geloofsgemeenskap is inkonsekwent in hulle navolging van God se wet. Teenoor die breër gemeenskap word daar met baie moeite en groot onkoste veldtogte geloods om die Naam van die Here in die televisieprogramme en rolprente te beskerm om daardeur die vereistes van die Derde Gebod aan die wêreld voor te hou. Dieselfde gelowiges sal egter ‘n bespotting van die Tweede Gebod maak in die wyses waarop hulle hul eredienste inklee.

- Daar bestaan ‘n populêre siening dat ons *nie meer onder die wet* is nie, maar *onder die genade* is.

  Gelowiges wat die Heilige Skrif wil inperk tot ‘n versameling tekste wat slegs die mens se nood op saligheid beantwoord, werk met ‘n gereduseerde Skrif en ‘n uiteindelik ook met ‘n gereduseerde God. Hulle mag Christus as Verlosser aanvaar, maar hulle het Hom nog nie as Koning erken nie. Ek sê *nog nie*, want die onderwerping van alle mense aan Koning Jesus is net ‘n kwessie van tyd (Fil. 2:9,10).

  Diegene wat so reduserend met God en sy Woord te werk gaan, sal ook geneig wees om die Hebreeuse boeke in die kanon as minderwaardig of selfs onnodig te ag. Dit geld veral vir die boeke wat die Mosaïese wette bevat. Omdat die seremoniële wette deur die koms van Christus vervul is en derhalwe deur Christene afgeskaf is, is die ander wette wat deur Moses gegee is, volgens hulle ook uitgedien. Hierdie wette behoort tot ‘n uitgediende bedeling.

  Hierdie geslag gelowiges is tereg beskryf as mense met *their eyes on the sky, their heads in the clouds, their hearts in Egypt, and their children in the government’s schools.*[1]

  Sou ons die Bybel fynkam om al daardie Skrifgedeeltes wat aspekte van God se wet en regverdige oordeel bevat, uit te haal of tot niks te kontekstualiseer, dan het ons die lewende God uit die Bybel verwyder en daarmee ‘n valse god geskep. Om ‘n afgod te maak, vra nie noodwendig die materiaal en verbeelding van ‘n beeldhouer nie. Ons kan ‘n afgod skep deur bloot net sekere tekste in die Bybel te selekteer.

---

[1] North, G. 1990. Tools of Dominion. Institute for Christian Economics: Tyler, Texas. (p. 1)

- Onder gereformeerde teoloë word die gedagte van ‘n *Algemene Genade* sterk aangehang. Dit word dan onderskei van die begrip, *Besonderse Genade,* wat alleen betrekking het op God se *genade in Christus*. *Genade in Christus* omskryf die gawe van die ewige lewe.

  *Algemene Genade* is in 1924 deur die sinode van die Christelike Gereformeerde kerk in Amerika soos volg omskryf:

  > “God het ‘n gunstige houding teenoor die mensdom as geheel en nie slegs tot sy uitverkorenes in besonder nie.
  >
  > God onderdruk die kwaad in die lewe van die individu asook in die samelewing as geheel.
  > Wat die uitoefening van siviele geregtigheid betref is, die ongelowige in staat om so ‘n geregtigheid tot algemene voordeel uit te oefen, alhoewel hierdie geregtigheid nie tot die mens se redding kan lei nie.”

  Bespreking en verskille rondom hierdie saak loop wyd in die gereformeerde wêreld. Nodeloos om te sê dat ‘n siening van *Algemene Genade* ‘n speek in die wiel sal wees van enige konsekwente besinning rondom Bybelse wette en die toepassing daarvan in die samelewing.

  Indien die guns van God sodanig op die ongelowige mensdom rus, sal die mensdom se pogings om deur hulle eie wetgewing rus en vrede te verkry, net so gunstig deur God bejeën word. Ons as gelowiges hoef ons dus nie die antitese te stel of ons te beywer om die Bybelse wetgewing te bevorder nie, want ons geniet ook mos God se *Algemene Genade.*

- Die volgende teologiese siening word ook dikwels aangehang: Die bestel in die vroeër fase van Israel se geskiedenis was teokraties. Onder daardie omstandighede kon God se wette toegepas word; later in die volk Israel se geskiedenis, soos ook vandag, is daar ‘n ander bestel aan bewind.

  Suid-Afrika is byvoorbeeld tans ‘n regstaat met ‘n gemeenskaplike lojaliteit aan ‘n onderhandelde grondwet. Daarom het die wette wat in ‘n teokratiese bedeling duisende jare gelede gegeld het, geen of weinig betrekking op die huidige samelewing en selfs die hedendaagse gelowige se lewe nie.
  Die probleem met hierdie benadering is dat die geldigheid van die wet dus nie deur Die Wetgewer bepaal word nie, maar dat die

menslike oordeel bepalend word – selfs ook oor die bestel wat ook destyds geheers het.

Daar sou geredeneer kon word dat die hele samelewing eers Christelik moet word alvorens God se wette weer toegepas kan word. Hierteenoor kan daar gevra word: Beteken dit dat die hele bevolking tans humanisties is, omdat ons tans deur humanistiese wetgewing regeer word?

Neem ook in ag dat reeds met die instelling van God se wet in Israel dit as ‘n getuie moes dien teenoor die heidennasies in die omtrek (Deut. 4:5-8).

- Die humaniste het daarin geslaag om die toepassing van Christelike wette so te etiketteer dat gelowiges hulself nou skaam om God se heerskappy onder ‘n Bybelse bestel te verkondig en uit te leef. Volgens die humaniste het elke bestel wat naasteby Christelik is, gelei tot oorlog en tirannie. As voorbeeld word dan die kruistogte teen Islam van sowat 800 jaar gelede aangehaal. Uit dieselfde humanistiese oord word kritiek uitgespreek teen die feit dat die Rooms Katolieke Kerk die okkultis Giordano Bruno verbrand en dat Calvyn ‘n soortgelyke straf vir die ketter Servetus sowat vier eeue gelede goedgekeur het.

  Intussen het die onderskeie verteenwoordigers van humanisme (Roosevelt, Hitler en Churchill en Stalin e.a.) self met hulle onderlinge oorloë sedert 1901 reeds meer as 150 miljoen ongevalle tot gevolg gehad. Trouens, die twintigste eeu het begin met die plasing van 26,000 vroue en kinders op die altaar van die Britse Ryk.

  In Suid-Afrika in besonder word al wat Christelik in die vorige bedeling was, met ‘n apartheidskwas toegetakel. Die weinig Christelike onderwys, Sabbatheiliging, sensuur en doodstraf wat die staat voorheen toegepas het, was glo medeverantwoordelik dat die meerderheid van die bevolking onder die uiterste dwingelandy moes krepeer.

  Met hierdie nuutverkreë vryheid onder die Akte van Menseregte word daar egter tans 250,000 ongebore babas jaarliks in die baarmoeder vermoor sonder enige noemenswaardige reaksie vanuit die liberale pers. Trouens, dit geskied met en deur hulle goedkeuring.

Die Bybelse geskiedenis is vir alle gelowiges ook tot voorbeeld opgeteken. Daarom behoort hul hulself af te vra: Was Israel onder God

se wet ‘n tirannie? Of was dit die slawehuis van Egipteland en die ander humanistiese ryke van Assirië en Babilon wat tirannieë was? Hoe kan die toepassing van God se wet ooit as tirannies gesien word? As God dit Self ontwerp het en dit Self as genadegawe aan sy volk gegee het, hoe kan dit dan tirannies wees? Tirannie is inderdaad dit wat oor die volk van God kom wanneer hulle hul rug op sy wette draai (2 Pet. 2:20,21).

- ‘n Geloofsgemeenskap wat oor baie dekades al deur humanistiese denkpatrone beïnvloed is, sal moeilik die Bybelse strafwetgewing kan aanvaar. Diegene wat bereid is om in te stem dat die Here se morele wette normatief is ten opsigte van wat reg en verkeerd is, sal waarskynlik terugdeins wanneer hulle kennis neem van die straf wat die Here voorskryf ten opsigte van daardie wet. Die Christene in Suid-Afrika wat vandag ywerig petisies onderteken dat die doodstraf vir moord teruggebring moet word en die Bybel daarby aanhaal, sal sekerlik huiwer as hul kennis neem dat dieselfde God ook die doodstraf vereis vir o.a. die heks en die egbreker.

- Nêrens in Suid-Afrika is daar ‘n volgehoue en sistematiese studie van God se wet nie. Namate gehoorsame Christenskap gemeet word aan die uitleef van emosies en ‘n knieval in die rigting van die nuwe grondwet, sal daar ook nie ‘n bestel na vore kan kom, soos in Deut. 6 beskryf word nie. God se wet vereis studie (De. 6:6-7; 20-25; 11:18-19). Die vereiste is dat die kinders daarin onderrig word en dat dit gedurigdeur in die geloofsgemeenskap bestudeer sal word. Die gebrek aan ‘n sistematiese gestruktureerde studie rondom die Here se wet is een van die hoofoorsake hoekom daar so min vordering in hierdie verband gemaak is. Etiek is maar een van die talle vakke wat op teologiese skole gedosseer word. Indien die helfte van die tyd daaraan toegewys, opgeneem word om ‘n menseregtebestel te regverdig, sal die Here se wet nie sy regmatige plek kan inneem nie.

Hoekom sal die geloofsgemeenskap nie voortgaan om God se wet te bestudeer, dit te verkondig en dit toe te pas nie? Kan ons langer peil trek op die staat, wat gedurig die maatskappy reël soos dit hom pas? Vandag is aborsie en homoseksualiteit wettig, môre die genadedood en poligamie. Indien ons parlement se grondwetlike howe in staat is om goed en kwaad, reg en verkeerd gedurig te herdefinieer, hoekom sal ons nie eerder al ons vertroue in die onveranderlike God (Mal. 3:6) plaas nie?

**3. Basiese uitgangpunte rondom die hedendaagse handhawing van Bybelse wette**

Teenoor ander gesagbronne soos die Koran bely die Christen dat die 66 kanonieke boeke van die Heilige Skrif *die wil van God volkome bevat* en dat

*die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin breedvoerig beskrywe word* (NGB Art 7). In die Heilige Skrif self vind ons ‘n aanduiding dat hierdie *dien* nie slegs tot die erediens beperk is nie: *of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God* (1 Kor. 10:31).

Daarom kan en mag die gelowige ook niks anders doen as om die Bybel as finale gesagsbron op alle lewensterreine te bevorder nie. Hierdie 66 kanonieke boeke is God se openbaring in menslike woorde, onfeilbaar waar in alles wat hulle ons oor enige gegewe onderwerp leer.

Reeds sedert die sondeval is dit ons nie veroorloof om God se wet te gebruik in die hoop dat ons in die onderhouding daarvan voor God geregverdig sal staan nie. Verlossing kom slegs deur die geloof en daardie geloof is in sigself ‘n gawe van God (Ef. 2:8).

Die eer van God staan voorop. Die mens is geskape om die beeld van God te dra, om daardeur God te verheerlik. Alle dade wat hierdie doel misken, is inderwaarheid *misdade* en tas die heiligheid van God aan. God sal dit dienooreenkomstig straf *in die tyd en die ewigheid*”(HK Sondag 4).

‘n Gedeelte van God se strafhandeling word aan die burgerlike owerheid opgedra (Rom. 13:1-7). Die ander gedeelte word deur God self uitgeoefen (Rom. 1:18). God regeer dus nie net onmiddelik nie; Hy regeer ook middelik deur die onderskeie owerhede wat Hy daarstel (HK Sondag 39; NGB Art. 36). Alle mag in die hemel en op aarde is immers gesetel in die hande van die drie-enige God.

Die koms van Christus het ten doel gehad om die mens weer as beelddraer van God te herstel. Verloste mense word geroep om die oorspronklike skeppingsopdrag weer in gehoorsaamheid te aanvaar en Goddelike heerskappy op aarde uit te voer. Om Christen te wees sonder God se wet is ‘n teenstrydigheid. God se genade kan nooit die opheffing van sy wet in gedagte hê nie, maar wel die vervulling daarvan. God se genade stel ons juis in staat om sy wet te verkondig en uit te voer (HK Sondag 32).

Alhoewel die seremoniële wet in Christus vervul is, gaan ons *nog voort om die (ander) getuienisse van die wet en die profete te gebruik om ons in die evangelie te bevestig en ook om ons lewe in alle eerbaarheid tot eer van God en volgens sy wil in te rig*. Artikel 25 van die Nederlandse Geloofsbelydenis bevestig die standhoudend van al die nie-seremoniële wette in die Heilige Skrif.

Die Grotere Westminster Kategismus (1648) verwys na hierdie nie-seremoniële wette as *the moral law* wat God se wil aan die mensdom verkondig, *directing and binding everyone to personal, perfect and perpetual conformity and obedience thereunto*.

‘n Ander bekende gereformeerde belydenisskrif, Die Tweede Helvetiese Konfessie (1566) verdeel hierdie nie-sermoniële wette verder in morele en juridiese wette *which is occupied about political and domestic affairs*. Soos die ander reformatoriese belydenisskrifte bely die Die Tweede Helvetiese Konfessie die mens se onvermoë om God se wet volkome te onderhou en om daarmee sy saligheid te verdien. Nogtans handhaaf die Konfessie die geldigheid van die nie-sermoniële wette vir alle tye: *we condemn all things which the old or new heretics have taught against the law of God*.

Diegene wat dus vandag nog aandring op die verkondiging en toepassing van God se wette in ons tyd, staan dus heeltemal in lyn met die reformatoriese tradisie.

Calvyn bespreek die funksies van God se wet in sy tweede boek. Daarin kom hy tot die gevolgtrekking dat die toepassing van die wet in die samelewing noodsaaklik is. *Hierdie geregtigheid wat afgedwing en afgedruk is, is noodsaaklik vir die algemene samelewing, waarvan die rus hier ter harte geneem word wanneer gewaak word dat alles nie in verwarring gebring word nie* (Calvyn Inst. 2.7.10).

Ons verpligting om God se wet te handhaaf kan dus nie met enige buite Bybelse standaard beoordeel word nie. Dit bly selfs geldig tot in die besonderhede. Nie “*die oorlewering van die ou mens*” of ons vereistes van *vandag se tye* het vetoreg op God se wet nie (NGB Art 7). Volgens Sondag 12 van die Heidelbergse Kategismus word elke gelowige tot die koninklike amp opgeroep om *in hierdie lewe met ‘n vry gewete teen die sonde en die duiwel (te) kan stry*.

Hier maak ek die volgende twee opmerkings:
- Hierdie stryd word nêrens tot die binnekamer of die gesin se etenstafel beperk nie, maar sluit alle lewensterreine in - ook die maatskaplike en sosio-politieke terreine.
- Ons het ook geen ander maatstaf as God se wet om te bepaal wat *die sonde* is nie.

## 4. Enkele oorwegings rondom die hedendaagse toepassing van Bybelse wette

> *Ons weet dat die wet goed is as iemand dit wettiglik gebruik* ... (1 Tim. 1:8)

Daar is reeds verwys na die onderskeid wat daar tussen God se seremoniële en staande wette gemaak moet word. Waar God se staande wette sy absolute regverdigheid en oordeel reflekteer en die lig vir die pad en die lamp vir die voete van die mens (Ps. 119:105) is, het die

seremoniële wette ‘n ander doel. Laasgenoemde weerspieël God se reddende genade teenoor die wat sy staande wette oortree het. Hierdie wette beskryf en definieer God se verlossingsweg. Hulle is *heenwysings* na Christus soos dit uiteindelik in die lewe en werk van Jesus duidelik word (NGB Artikels 20, 21 en 25). Terwyl God se morele wet die onveranderlike verpligting op elke mens lê om sy heiligheid te weerspieël (1 Pet. 1:16), dui die seremoniële wet op die weg van versoening vir die onheilige, die sondaar.

Die burgerlike owerheid is verplig om God se morele wette te handhaaf. God het dit aan hulle opgedra om sy geregtigheid op aarde te bedien. Dit is God wat in die midde van *die vergadering van die gode staan*. Dit is Hy wat *gerig hou te midde van die gode* (Ps. 82:1). Self al het daardie regering deur middel van die stembus aan bewind gekom, bly hulle steeds eerstens verantwoordelik aan die Here en sy wet. Daarom moet die regering die wreker wees van die een wat kwaad doen (Rom. 13:4).

Die enigste wyse waarop die regters van hierdie wêreld tussen reg en verkeerd, goed en kwaad kan onderskei, is deur middel van God se wet. Aangesien God hulle Opdraggewer is, moet Hy ook as Die Wetgewer gesien word. Die burgerlike owerheid wat sy eie wette bedien, is besig om homself te verhef. Hiermee word dan ontken dat *al die versinsels* wat die menslike hart bedink, *altyddeur net sleg was* (Gen. 6:5 vgl. Pred. 9:3).

Die volgende verdere onderskeidinge in die staande wette moet ook ag geneem word:

- Daar is eerstens morele wette en dan is daar gevalle wette. Omdat God se morele wette ‘n weerspieëling is van sy onveranderlike heilige karakter, is daardie wette absoluut in die sin dat hulle nie-wispelturig, algemeen en vir alle tye geldig is. Daarom kan hulle op alle omstandighede van toepassing gemaak word ... ook op vandag se samelewingsorde. Onder God se morele wette val gebooie soos die verbod op egbreek en diefstal.

- As uitbreiding op hierdie wette en as verdere toepassing daarvan het ons die sogenaamde gevalle wette. ‘n Verbod op homoseksualiteit is ‘n toepassing van die staande wet met betrekking tot egbreek en die verbod op die aanwending van ‘n valse maat en die berowing van werknemers is op hulle beurt toepassings van die agste gebod.

- Sommige van hierdie gevalle wette kom wel geklee in die taal en omstandighede van ‘n vergange kultuur. Nogtans moet hulle onderliggende beginsels steeds gehandhaaf word. Daar is egter genoeg aanduiding dat die skrywers van die later boeke in die Bybel self hierdie gevalle wette as gesagvol aangehaal het en op hulle eie omstandighede van toepassing gemaak het.

So eggo die Eerste Brief aan die Korintiërs die gevallewette wat bloedskande (1 Kor. 5:1) en homoseksualiteit (1 Kor. 6:10) verbied. In Markus 10:19 leer ons weer dat niemand tekort gedoen mag doen nie en in 1 Tim. 5:18 staan daar dat die os wat dors, nie gemuilband moet word nie. By laasgenoemde gaan dit oor diegene wat in diens van die evangelie staan wat vergoed moet word.

Daar is ‘n onderskeid tussen dit wat ons God se staande wette kan noem en die opdragte wat Hy by geleentheid binne spesifieke omstandighede aan persone of sy volk opgedra het. Gebooie soos die verbod op doodslaan, die gebod tot gehoorsaamheid van kinders, die onvervalste skaal vir die handelaars en die doodstraf vir verkragters kan gesien word as staande wette. Daarteenoor het die Here by geleentheid vir Samuel opdrag gegee om Dawid te salf en vir Israel om die al die Kanaänitiese volke by die intog in die Beloofde Land uit te wis.

Hier moet daar ook in gedagte gehou word dat sekere handelinge van gelowiges in die Bybel beskryf word sonder dat dit noodwendig voorgeskryf word. Die lewens en optredes van persone en die verbondsvolk as geheel kan as voorbeeld van gehoorsaamheid dien (Jak 5:10), maar dit kan ook ‘n voorbeeld van die teenoorgestelde wees (Heb. 4:11). So kan byvoorbeeld die verskynsel van poligamie dus nie uit die voorbeeld van die aartsvaders goedgepraat word nie.

Ons aanvaar dus dat God se staande wette geldig is, tensy daardie wette deur verdere openbaring in die Skrif herroep of gewysig word.

In Mat. 19 lees ons byvoorbeeld dat Christus die skeppingsordening ten opsigte van die huwelik weer voorop stel nadat daar ‘n tydelike toegeeflikheid ten opsigte van die skeibrief in Moses se wette was. In die bediening van God se verbond wat daar met Jesus se koms aan ons geopenbaar word, is die Here nog strenger wat die huwelik betref ... so streng as wat Hy aan die begin tydens die skepping was.

Dit bring ons by die spanning wat sommige tussen die Hebreeuse en Griekse boeke van die kanon ervaar. Hierdie is ‘n spanning wat vir baie soms so groot is dat die Ou Testament en veral die wette wat daarin vervat is, in geheel verwerp word. Soos reeds aangetoon, sal diegene wat in die reformatoriese tradisie staan, die kontinuïteit tussen die verskillende openbaringe van God se verbond handhaaf. Trouens, die bewyslas lê op diegene wat die geloofwaardigheid van die wette van die ou verbond wil negeer.

Andersyds moet die diskontinuïteit tussen God se aanvanklike openbaring en sy latere openbaring ook in die oog gehou word. Die nuwe verbond

oortref die ou verbond in heerlikheid en krag. So ook die openbaring wat daar met die Seun gekom het (Heb. 1:1).

Dit bring egter geensins mee dat ons daarmee kan bewys dat die standaard wat in die ouer verbond gestel is, opgehef is, of dat die nuwe verbond 'n nuwe standaard vir die mens se morele gedrag daargestel het nie. Die bediening van God se verbond het met die later openbaring die bediening van die verbond in die vroeër openbaring ver oortref.[2] God se etiese insettinge bly egter deurgaans dieselfde.

Daar is gedeeltes uit die apostel Paulus se briewe wat skynbaar afwysend of negatief teenoor die wet staan. Eweneens is daar weer ander gedeeltes waaruit die blywende waarde van God se wet bevestig word. Deur deeglike eksegese kan hierdie oënskynlike teenstrydige wel met mekaar geharmoniseer word.

Eerstens moet in ag geneem word dat die apostel die woord *wet* op onderskeibare wyses gebruik. Volgens Paulus is die openbaringskarakter van die wet goed. Die feit dat God se wet daartoe dien om die aard en omvang van die mens se sonde en ellende te openbaar, spreek ten gunstige van die wet se goeie hoedanighede (vgl. HK Sondag 2). As die mens egter meen om deur 'n onderhouding van die wet gered te word, verdien dit die apostel Paulus se sterk afwysing.

**5. Ten slotte**

Moet ons die Bybelse strafwette vandag weer invoer?

Indien die gelowige se antwoord op hierdie vraag nie *Ja* is nie, sal hy hom altyd vasloop in die vraag na die alternatief. Iets of iemand se stem sal gehoor en gehoorsaam word. Dit kan die reg van die mens of die massa se stem wees. Dit kan die onpeilbare fluisteringe van die voorvadergeeste wees. Dit kan die Christuslose wet van die Koran wees. Vir die gereformeerde behoort dit die Woord van God te wees.

Moet ons die Bybelse strafwette vandag weer invoer?
Indien die gelowige se antwoord op hierdie vraag *Ja* is, sal ons onsself ook moet afvra of ons enigsins daarvoor bekwaam of gereed is. 'n Halfhartige

[2] 'n Vraag wat op hierdie stadium gevra kan word, is tot watter mate daar ook voortgaande openbaring in die Griekse Nuwe Testament self is? Moet die bediening van die evangelie noodwendig in Paulus se laaste briewe steeds gepaard gaan met die tekens en wonders waartoe die Here Jesus in Lukas 10 sy dissipels opdrag gee. Staan die gemeentes wat deur die onderskeie ampte in die Pastorale briewe regeer word, steeds onder die verpligting om die spreek in tale toe te laat (vgl. 1 Kor. 14:39)?

persoonlike omgang met die Here se Woord, afgeskeepte huisgodsdiens, gebrekkige kategese, sekulêre onderwys, afgeskafte kategismusprediking en ‘n mensgerigte teologiese opleiding maak enige diepgaande besinning oor ‘n Christelike lewens-en wêreldbeskouing onmoontlik.

Dan het ons nog by ‘n eksegetiese verantwoordbare toepassing van die Bybel op die land se strafwetgewing uitgekom nie.

**Bronne vir verdere leeswerk**

Bahnsen, G. L. 1985. By this Standard. Institute for Christian Economics: Tyler, Texas.
Calvyn, J. 1986 Institusie van die Christelike Godsdiens. Deel 2. (vertaal deur H.W. Simpson) CJBF: Potchefstroom.
Die Joernaal vir Etiese Medisyne. Die Doodstraf. Vol.1 No 3
North, G. 1990. Tools of Dominion. The Case Laws of Exodus. Institute for Christian Economics: Tyler, Texas.
Rushdoony, R.J. 1973. The Institutes of Biblical Law. The Presbyterian and Reformed Publishing Company.
Strickland, W.G. 1993. The Law, the Gospel, and the Modern Christian: Five Views. Zondervan Publishing House: Grand Rapids, Michigan.

**Repliek deur ds. Slabbert Le Cornu:**

Die lesing van ds. Opperman het ons opnuut bewus gemaak van die volgende belangrike etiese vrae, wat ook die misdaadkwessie betref, nl.
- volgens watter standaard bepaal die mens wat is reg en verkeerd, en dus ook wat misdaad is, en
- wat moet die strawwe wees vir misdade, en watter bron gaan ons daarvoor gebruik: die Skrif of natuurreg ?

Vir die gelowige kan daar maar net een antwoord wees: “Open my oë, dat ek kan sien die wonders uit u wet.” *- Ps 119:18*

Ds. Opperman het met in agneming van die verskillende soorte wette, ook vir ons die hermeneutiese sleutel gegee in die besinning oor die vraag van watter Ou Testamentiese wetgewing en strawwe is vandag nog van toepassing: “Ons aanvaar dus dat God se staande wette geldig is, tensy daardie wette deur verdere openbaring in die Skrif herroep of gewysig word.”

Wat hierdie grondliggende aspek betref, sal verdere eksegetiese studie van o.a. die volgende teksgedeelte noodsaaklik wees:

> MOENIE dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie. Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele. *- Mat 5:17-19*

Iemand soos die amerikaanse etikus, dr. Greg L. Bahnsen het reeds groot werk in hierdie verband gedoen, wat gerus geraadpleeg kan word: *Theonomy in Christian Ethics.*

Verder sal daar ook deeglike studie gedoen moet word oor die implikasie van die volgende woorde van ons belydenis in artikel 25 van die Nederlandse Geloofsbelydenis:

> Ons gaan ook nog voort om die getuienisse van die wet en die profete te gebruik om ons in die evangelie te bevestig en ook om ons lewe in alle eerbaarheid tot eer van God en volgens sy wil in te rig.

Is hierdie 'getuienisse van die wet' slegs van toepassing op die individu, gesin en kerk, of het dit ook betrekking op die samelewing, in die besonder die burgerlike owerhede ?

Ds. Opperman vermeld verder van die gebruik van die teorie van die algemene genade om die huidige menseregte kultuur van 'menswaardigheid' te bevorder. Dit is juis hierdie 'etiek' wat op ons teologiese skole beoefen word, wat die bevordering van 'n ware bybelse etiek vandag onmoontlik maak, natuurlik saam met al die ander redes wat ds. Opperman genoem het.

In die res van my repliek wil ek daarom wat hierdie spesifieke saak betref, 'n bydrae lewer tot ons onderwerp, aangesien ekself 'n 'slagoffer' van hierdie mensregte-etiek onderrigsituasie was, en myself natuurlik daarteenoor moes 'verdedig':

Vanuit die besinning van die 'gereformeerde etiek', blyk dit dat daar drie sentrale voorveronderstellings moet wees, vir 'n gegronde etiese paradigma oor 'menswaardigheid' vir ons tyd, nl.

a. 'n Teosentriese etiek (Augustinus): die mens se waarde kan alleen gesien word in die lig daarvan dat hy geskape is na die beeld van God.

b. ‘n Verlossingsetiek (Luther): die mens se waarde word herstel en gehandhaaf in en deur Christus.
c. ‘n Dankbaarheidsetiek (Calvyn): die mens moet dankbaar wees vir die waarde wat hy ontvang deur Christus.
d. ‘n Teonomiese etiek (Rushdoony, 1973): reg en verkeerd, en die optrede tussen mense word bepaal deur God se wet (sien HK, v/a 91).

Die Gereformeerde etiek se vertrekpunt in alles is die woorde van Rom.11:36 “Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.”

Die Drie-enige God is die grond van alle besinning oor leer en lewe, soos ons dan ook ons belydenis begin in die NGB, artikel 1 met die ‘enige ware God’. Hy is die *ontologiese* aksioma van waaruit alle teologiese, epistemologiese en etiese besinnings vloei, en dus ook ons besinning aangaande menswaardigheid.

Vervolgens leer ons Hom *ken* uit die natuur en die Skriftuur, soos ons bely in NGB artikel twee: “Ons *ken* Hom deur twee middele ...” Artikels 2-7 handel dan met die Skrif as ons kenbron van “wat vir ons in hierdie lewe nodig is tot sy eer en tot die saligheid van hulle wat aan Hom behoort.”

Dus, die norm en standaard van ons etiese besinnings en optrede is die heilige en Goddelike Skrif (art.3) “waarteen niks ingebring kan word nie” (art.4) “om ons geloof daarna te rig, daarop te grondves en daarmee te bevestig. Ons glo ook sonder twyfel alles wat daarin vervat is ...” (art.5), en niks anders nie (artikel 6). Hierdie heilige Skrif is genoegsaam en volkome nie net vir ‘alles wat die mens vir sy saligheid moet glo’ nie, maar ook vir die ‘hele wyse waarop God deur ons gedien moet word’ (art.7).

Ons siening van wat ‘menswaardigheid’ is en behoort te wees, word bepaal deur ons mensbeskouing. As ons mensbeskouing verkeerd is, sal ons menswaardigheid ook verkeerd verstaan word. Daarom, alhoewel die Skrif en belydenis erken dat daar oorblyfsels van gawes in die gevalle mens oor is (NGB artikel 14), gebruik die sondige mens hierdie oorblyfsels nie om ‘menswaardigheid’ te bevorder nie maar juis om dit wat oorgebly het te onderdruk en verkeerdelik te gebruik (Rom.1:18-32).

Die mens self kan dus nie as ‘n betroubare kompas vir die etiek dien nie en dus oor wat menswaardigheid is nie. Die vervalle sondige mens, *buite* Christus kan geen goeie werk doen nie, hoeveel te minder uitdink:

> Vraag 8: Is ons so verdorwe dat ons glad nie instaat is om *iets* goeds te doen nie en tot *alle* kwaad geneig is ? Antwoord: Ja, *behalwe* as ons deur die Gees van God weergebore word. – HK

In die Dordtse Leerreëls word dit bevestig dat selfs in burgerlike sake die mens buite Christus nie goed kan doen nie:

> Vir die mens is dit egter onmoontlik om deur hierdie lig van die natuur tot die saligmakende kennis van God te kom en hom tot God te bekeer. *Gevolglik kan hy selfs in natuurlike en burgerlike sake hierdie lig nie reg gebruik nie*. Hoe ook al, veeleer verduister hy dit op verskillende maniere *heeltemal* en bedek dit in ongeregtigheid. Omdat hy dit doen, is daar vir hom geen verontskuldiging voor God nie. – III/IV.4

Dit wat oorbly in die gevalle mens neem alle verontskuldiging weg en beklemtoon die feit dat hy nie as norm of standaard van etiek gebruik kan word nie.

Hierdie artikel laat 'n mens opnuut vra of die ongelowige enigsins vanuit die 'natuurreg' 'n regverdige etiek daar kan stel? Kan 'menseregte' dus regverdig word vanuit 'n 'algemene genade' natuurreg grondslag?

Kan daar met Konig saamgegaan word as hy praat van 'algemene terme' tussen gelowige en ongelowige? Menswaardigheid moet volgens die Bybel gedefinieer word en nie volgens humanistiese terme nie. Die probleem is egter dat die humanistiese wêreld niks daarvan wil weet nie. Visagie skryf byvoorbeeld dat om menseregte 'christelik' voor te stel, dit juis menseregte weerspreek:

> Menseregte as idee is universeel en bestaan onafhanklik van alle belydenisse. Dit is juis in die universele idee waarin die ganse mensdom alle verdeeldheid te bowe gaan en 'n basis vir eensgesindheid kan vind. Daar kan nie sprake wees van byvoorbeeld 'n eksklusief Christelike of Mohammedaanse idee van menseregte nie, want dit sou 'n weerspreking van die universiele aard van menseregte wees. Ook ongelowiges kan die inherente waardigheid van die mens erken en 'n lewe lei wat aan hoogstaande sedelike norme voldoen.

Daar is twee punte waarop 'n mens kan reageer in hierdie aanhaling.

*Eerstens*, Bybelse reg oftewel God se wet is bedoel as norm en standaard vir die hele mensdom, en nie net vir gelowiges nie:

> 13 Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en hou sy gebooie; want dit geld vir alle mense. – Pred.12

> 3 En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem. – Jes.2

> [17] MOENIE dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. [18] Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie. – Matt.5

*Tweedens*, is dit onwaar dat die sondige verlore mens buite Christus aan hoë sedelike norme kan voldoen, as laasgenoemde beteken die wet van God. Dit beklemtoon weereens dat geen term of woord neutraal kan wees nie en dat terme duidelik gedefinieer moet word sodat daar ooreenstemming is oor wat dit beteken.

In die Heidelbergse Kategismus word verder bely wat 'goeie werke' waarlik is, d.w.s. wat die regte etiese optrede behels of uit moet bestaan: "Vraag 91: Wat is goeie werke ? Antwoord: Slegs die wat uit 'n ware *geloof*, volgens die *wet* van God tot sy *eer* gedoen word, en nie die wat op ons goeddunke of op oorgelewerde gebruike van mense gegrond is nie."

Hier word die kern van 'n gereformeerde etiese paradigma vir menswaardigheid weergegee:
a. *uit* 'n ware geloof (Luther)
b. *volgens* die wet van God (die norm en standaard)
c. *tot* eer van God (die motief, Calvyn)
d. *nie* gebaseer op menslike goeddunke/oorlewerings nie (natuurreg, positivisme, ens.)

Luther se beklemtoning van die verlossing, die redding uit genade alleen, is onlosmaaklik verbonde aan 'n goeie gereformeerde etiek vir vandag. Daarsonder kan nie ware Bybelse etiek gedoen of uitgeleef word nie. In die Skrif lees ons:

> [11] WANT die reddende genade van God het aan alle mense verskyn [12] **en <u>leer</u> ons om** die goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede te verloën, ingetoë en regverdig en vroom in die teenwoordige wêreld te lewe, [13] terwyl ons die salige hoop en die verskyning van die heerlikheid verwag van die grote God en ons Verlosser, Jesus Christus, [14] wat Homself vir ons gegee het om ons te verlos van alle ongeregtigheid en vir Homself 'n volk as sy eiendom te reinig, ywerig in goeie werke. – Tit.2

In hierdie Skrifgedeelte word duidelik geleer dat etiek uit verlossing, uit God se genade vloei. Dit is die verlossing wat ons leer om reg te lewe volgens God se wet. Dit gee ons hoop en troos en 'n verwagting vir die toekoms, en maak ons ywerig in goeie werke. Vir so 'n groot genade kan en moet die

gelowige dankbaar wees (Calvyn) en dit juis wys uit sy werke. ... OOK DIE CHRISTEN MAGISTRAAT OF WETGEWER !

Sonder die 'reddende' genade (let wel: nie 'algemene' genade nie) kan ons God dus nie behaag in ons lewe en dus in ons etiese besinnings en optredes nie.

Dus 'n beskouing van menswaardigheid/menseregteleer wat nie tot eer van God is, of nie uit die geloof is nie, of nie volgens God se wet is nie, kan God nie behaag nie en kan ook dus nie 'christelik' wees nie.

Inteendeel, sou dit beter wees om te praat van 'n bybelsereg en/of etiek, tot eer van God, uit die geloof en volgens God se wet.

Daarom moet ons strewe na 'n gereformeerde etiek wat in beginsel, inhoud en praktyk die in lyn met die waarheid van:

"Die reg is die saak van God" – Deut.1:17.

Alle reg is in sy oorsprong godsdienstig van aard. Dit bepaal wat reg en verkeerd is en is daarom 'n morele-etiese vraagstuk. Die fondament van die reg van 'n land is die moraliteit van 'n land en die moraliteit van die land berus weer op een of ander morele standaard of godsdiens (Rushdoony, 1973: 4).

In Suid-Afrika, hoe skeef en krom ookal by tye, was die basis van die samelewing die Christelike geloof, die Bybel as God se Woord. Hierdie godsdiens is egter vervang met die humanisties-demokratiese godsdiens waarin die Mens sentraal staan. Die probleem waarmee ons dus te doen het is nie so seer of die mens regte het nie, maar wie en wat bepaal die reg van 'n land? Is dit mense-regte of Bybelse reg? Is God deur sy Woord die hoogste standaard en bron van reg of is dit die mens, die individu, of die staat wat 'reg' positiveer vir bepaalde tye en omstandigheide?

Ons beleef in sy wese nie 'n 'regs' of misdaadprobleem nie maar 'n etiese of morele probleem, nl. wie is God en wie bepaal wat is reg en verkeerd?

As die mens uit en in homself (sonder God) kan bepaal wat is 'menswaardigheid' dan word dit alles bepaal deur wie die politieke of militêre mag het in 'n land. As daar nie 'n hoër gesag is as die hof of die parlament nie, dan verval ons in of 'n tirannie of 'n anargie; onregverdige wette of wetteloosheid.

Dit is alleen die Christelike geloof, etiek en lewensbeskouing wat vir alle mense 'n regverdige regstelsel daar kan stel. Dit is die Christelike leer van die mens as beeld van God, die mens gered uit genade en herstel as beeld

van God, en die mens as verteenwoordiger van God, wat die morele basis daarstel vir bybelse menswaardigheid.

Ons kan egter nie die *reg* van God be-oefen sonder die *God* van die reg nie (Deut.1:17; Jes.9:5,6; 33:22; Joh.15:5). God se eer (God se reg?) moet dus nie net implisiet bevorder word nie (soos dit sommiges se poging is om dit deur die 'natuurreg' en 'algemene genade' idees probeer doen) maar ook eksplisiet bevorder word in 'n handves van bybelse regte vir 'n land.

God Drie-enig moet erken word as die Gewer en Beskermer van regte en pligte in 'n land. Alle mense, regters (en konings) is teenoor Hom verantwoordelik dat reg en geregtigheid teenoor Hom en teenoor die medemens gehandhaaf word. Wanneer 'n mens se reg geskenk word, is dit eerstens God se reg wat geskend en aangetas word. Nie net 'n mens se reg moet herstel word nie maar ook God se regsorde (sien veral die profetiese geskrifte).

Aangesien die Skrif en dus die Christen 'n ander inhoud gee aan die konsep 'reg' 'menswaardigheid' 'vryheid' 'lewe', ens., moet daar op 'n meer antitetiese wyse 'n alternatief gestel sal word vir die huidige handves van menseregte.

Dit behels om die die Tien Gebooie as vertrekpunt te neem as raamwerk vir 'n Grondwet met 'n *Handves vir Bybelse regte en pligte*, spesifiek vir ons tye en omstandighede prakties aangepas (in die lig van die openbaringshistoriese verloop van die geskiedenis en ons land se eie unieke situasie en behoeftes). Netso min as wat alle mense wat onder 'n humanistiese grondwet en handves lewe, humaniste hoef te wees, netso min hoef alle mense wat onder 'n Bybelse grondwet en handves van bybelse regte lewe, Christene te wees (dit is natuurlik die ideaal wat die kerk moet nastreef om die evangelie aan alle mense in ons land te verkondig, sodat hul nie net uit dwang nie, maar uit gewilligheid en dankbaarheid hul sal onderwerp aan Jesus Christus as Koning en Verlosser van die land, en 'n bybelse reg bedeling in so 'n land na te strewe).

Dit is alles goed en wel as christen etici menswaardigheid Christelik en konfessioneel probeer interpreteer en toepas, maar die werklikheid is: wat staan in die huidige Grondwet, wat staan in die Handves van Menseregte, wie bepaal die betekenis en inhoud daarvan, en wat is die godsdienstige en moreel-etiese waardes waarop die Grondwet gebaseer is?

Myns insiens moet Christene se regstaak wees om eerder die huidige Grondwet te vervang met 'n Bybelse grondwet gebaseer op die Tien Gebooie, met 'n Handves van Bybelse regte en pligte vir al die mense in ons land, ongeag aan watter volk hul behoort (of moontlik 'n Handves van

Bybelse regte in ‘n Konfederasie van Christelike Republieke in Suidelike-Afrika).

Verder is dit die taak van die Kerk in elke geval om die Evangelie aan die totale bevolking te bring sodat daar weer ‘n Christelike bevolking kan wees wat vrywillig en uit dankbaarheid kies vir God se Wet in ons hele lewe, ook in die regsaspekte.

Al manier hoe die waardes waarop die Grondwet gebaseer is verander kan word in die huidige demokratiese politieke bedeling, is om die suiwer Evangelie te verkondig en gelowiges weer aan te moedig om die kinderseën te ontvang. Slegs ‘n groot meerderheid Christene kan menswaardigheid in die bybelse sin van die woord bevorder, d.w.s. die moraliteit van die land bepaal.

Om egter humanistiese terme ‘christelik’ te probeer inklee, sonder om die inhoud en bedoeling daarvan (dit is die Grondwet en Menseregtehandves) ook te verander, is om jou telkens vas te loop in die woorde van die Psalm 127:

> As die HERE die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou; as die HERE die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter. Tevergeefs dat julle vroeg opstaan, laat opbly, brood van smarte eet ...

Daarom moet ons gebed en arbeid daarop gemik wees om ook die leiers van ons land, in beide kerk en staat, in beide preekstoel en regstoel, daarop te wys:

> [10] Wees dan nou verstandig, *o konings*; laat julle waarsku, *o regters* van die aarde! [11] Dien die HERE met vrees, en juig met bewing. [12] Kus die Seun, dat Hy nie toornig word en julle op die weg vergaan nie; want gou kan sy toorn ontvlam. Welgeluksalig is almal wat by Hom skuil! – Psalm 2

# DIE RELEVANSIE VAN DIE BLOEDWREKER VIR VANDAG

deur mnr. Cobus Rossouw

Mnr. Rossouw is ‘n vyfdejaar student aan die Teologiese Skool van Potchefstroom (GKSA).

## 1. Inleiding.

Wanneer ek hier skryf, doen ek dit met ‘n soort bangheid. Want dit gaan hier oor die ‘Bloedwreker’. En daarom gaan dit ook oor lewe en dood. Dit wat ek hier skryf handel dus oor iets wat lewe bring, maar ook die dood. En ek is ‘n sondaar – Begenadig, maar steeds ‘n sondaar. Daarom versoek ek die leser hiervan om krities te lees, en dit wat ek skryf te toets aan die hand van die Woord van God. Tog glo ek ook dat die HERE my in hierdie werk gelei het, en daarom bid ek ook dat hierdie werk tot opbou sal wees van die wat aan die HERE behoort en dit lees.

As ek nadink oor die ‘bloedwreker’ konsentreer ek op Numeri 35. In Numeri 35 gaan dit oor die instelling van die vrystede. Tesame met die wetgewing oor die vrystede, word daar egter ook gehandel oor die ‘bloedwreker’. Die woord ‘bloedwreker’ kom hier die meeste voor. Dit wat na Numeri oor die ‘bloedwreker’ in God se Woord te vinde is, kan elke keer terug herlei word na hierdie hoofstuk in Numeri 35. Daarom konsentreer ek in my studie oor die ‘bloedwreker’ hoofsaaklik op Numeri 35.

Wat is nou my uitgangspunte as ek ‘n studie doen in die Woord van God? Oor die Woord van die HERE staan ek by wat in artikels 2-7 van die NGB oor die Woord van God bely word. Verder bestudeer ek Numeri 35 aan die hand van ‘n openbaringshistoriese studie. Onder ‘n openbaringshistoriese studie verstaan ek die volgende:

> Dit is ‘n studie wat hom daarop toelê om die betekenis van die Skrifgeopenbaarde dade van God in die geskiedenis in hulle onderlinge samehang te bestudeer, en hulle geheelboodskap te beskryf – sowel in hulle historiese voortgang as by wyse van dieptesnitte in sentrale temas van die Godsopenbaring (Coetzee, 1995: 66).

Uit bogenoemde verstaan van ‘n openbaringshistoriese studie blyk dit duidelik dat die bron van my studie die Skrif is waarin God Homself openbaar. Hierdie openbaring van God vind plaas deur die loop van die geskiedenis. God se openbaringsdade, wat deur die geskiedenis plaasgevind het, vind so plaas dat die een daad op die ander voortbou.

Hierdie voortbou van die een gebeure op die ander bou dan op totdat daar ‘n hoogtepunt bereik word.[3]

Met hierdie voorgaande en opbouende aard van God se openbaring deur die geskiedenis probeer ek ook rekening hou, wanneer ek vanuit Numeri 35 studeer oor die relevansie van die ‘bloedwreker’ vir vandag. Daarom bly ek nie net staan by die betekenis van die ‘bloedwreker’ in die tyd van Numeri 35 nie, maar vra ook na die betekenis van die ‘bloedwreker’ in die lig van die feit van Christus se eerste koms en in die lig van die feit van Sy tweede koms.

Ek pak vervolgens my studie oor die ‘bloedwreker’ soos volg aan:

- Ten eerste word daar gelet op die struktuur van Numeri 35:9-34.
- Tweedens word daar gepoog om by die fokus van Numeri 35 uit te kom.
- In die derde plek vat ek die verkondiging van Numeri 35:9-34 saam. Van uit die samevatting van die verkondiging, let ek dan op (a) die doel en vir wie die vrystede bedoel was; (b) die taak van die ‘bloedwreker’ en (c) die teologiese begronding van die wette in Num 35:9-34.
- Ten slotte kom ek dan by die relevansie en betekenis van die ‘bloedwreker’ vir ons vandag.

## 2. Die struktuur van Num 35:9-34.

- **Aankondigingsformule (Cole, 2000: 550)**

9 Verder het die HERE met Moses gespreek en gesê: 10a Spreek met die kinders van Israel 10b en sê vir hulle:

- **Wat aangekondig word.**

**a. Kies stede.**

10c As julle deur die Jordaan na die land Kanaän trek, 11a moet julle gunstig geleë stede vir julle uitsoek;

**Doel van die stede.**

11b as vrystede moet hulle vir julle dien, dat die een wat ‘n doodslag begaan het, een wat per ongeluk ‘n mens doodgeslaan het, daarheen kan vlug. 12 En die stede moet vir julle as toevlug dien vanweë die bloedwreker, sodat hy wat

[3] Soos ek die openbaringsgeskiedenis verstaan bereik God se openbaring Sy hoogtepunt in die koms en wederkoms van Christus. ‘n Mens sou seker ook kon sê dat die hoogtepunt van die openbaringsgeskiedenis die koms van die Koninkryk en die finale realisering van die koms van die Koninkryk is – of nog anders gestel: die hoogtepunt van die openbaringsgeskiedenis is die herstel van die verbondsbreuk van Gen 3 met Christus se eerste koms, en die finale realisering van die volmaak herstelde verbondsgemeenskap met God by Sy wederkoms.

‘n doodslag begaan het, nie sterwe voordat hy voor die vergadering gestaan het om geoordeel te word nie.

**Die hoeveelheid stede.**

13 En die stede wat julle gee, moet vir julle, ses in getal, as vrystede dien.

**Waar die stede geleë moet wees.**

14a Drie van die stede moet julle oos van die Jordaan gee,
14b en drie daarvan moet julle in die land Kanaän gee;

**Doel van die stede en vir wie dit bedoel is.**

14c vrystede moet hulle wees. 15 Vir die kinders van Israel en die vreemdeling en die bywoner onder hulle moet hierdie ses stede as toevlug dien, sodat elkeen daarheen kan vlug wat per ongeluk ‘n mens doodgeslaan het.

**b. wie nie in die vrystede mag woon nie; en wat met hulle moet gebeur – beskryf 11d.**

16 Maar as hy hom slaan met ‘n ystervoorwerp, sodat hy sterwe,
dan is hy ‘n moordenaar; die moordenaar moet sekerlik gedood
word. 17 En as hy hom slaan met ‘n klip in die hand—waardeur
iemand kan sterwe—en hy sterwe, dan is hy ‘n moordenaar; die
moordenaar moet sekerlik gedood word. 18 Of as hy hom slaan
met ‘n houtvoorwerp in die hand—waardeur iemand kan sterwe—
en hy sterwe, dan is hy ‘n moordenaar; die moordenaar moet
sekerlik gedood word. 19 Die bloedwreker, hy moet die
moordenaar doodmaak; as hy hom kry, moet hy hom doodmaak.
20 En as hy hom uit haat stamp of met opset na hom gooi, sodat
hy sterwe, 21 of hom uit vyandskap met sy hand slaan, sodat hy
sterwe, dan moet hy wat geslaan het, sekerlik gedood word; hy is
‘n moordenaar; die bloedwreker moet die moordenaar doodmaak
as hy hom kry.

**c. wie wel in die vrystede mag woon – beskryf 11d.**

22 Maar as hy hom onvoorsiens, sonder vyandskap, stamp of
enigiets sonder opset na hom gooi; 23 of as hy enige klip
waardeur iemand kan sterwe—as hy, sonder om dit te sien, dit op
hom laat val, sodat hy sterwe, terwyl hy geen vyand van hom was
en sy onheil nie gesoek het nie, 24 dan moet die vergadering
tussen hom wat doodgeslaan het, en die bloedwreker oordeel
volgens hierdie voorskrifte. 25 En die vergadering moet hom wat
‘n doodslag begaan het, red uit die hand van die bloedwreker, en
die vergadering moet hom laat teruggaan na sy vrystad waarheen
hy gevlug het;

**d. wette vir die wat in die stede woon.**

25’en hy moet daarin bly tot die dood van die hoëpriester wat met
die heilige olie gesalf is. 26 Maar as hy wat ‘n doodslag begaan

het, ooit buitekant die grens van sy vrystad gaan waarheen hy
moes vlug, 27 en die bloedwreker hom buitekant die grens van
sy vrystad kry, en die bloedwreker hom doodslaan wat ‘n
doodslag begaan het, dan sal daar vir hom geen bloedskuld wees
nie. 28 Want hy moet in sy vrystad bly tot die dood van die
hoëpriester; maar ná die dood van die hoëpriester mag die een
wat ‘n doodslag begaan het, teruggaan na die land waar sy
besitting lê.

**e. Stelling oor die geldigheid van bogenoemde wette (Cole, 2000: 554; K & D).**

29 En dit moet vir julle ‘n regsinsetting wees in julle geslagte, in
al julle woonplekke.

**f. wetgewing rakende skuldigbevinding en skuld kwytskelding beskryf 12c.**

30 As iemand ‘n mens doodslaan, moet die moordenaar op
verklaring van getuies gedood word; maar een getuie is nie
genoegsaam om iemand tot die dood te veroordeel nie. 31 Maar
julle mag geen losgeld aanneem vir die lewe van ‘n moordenaar
wat skuldig is om te sterwe nie, want hy moet sekerlik gedood
word. 32 Ook mag julle geen geld aanneem om iemand vry te stel
van die vlug na sy vrystad—sodat hy kan teruggaan om in die land
te woon—tot op die dood van die hoëpriester nie.

**g. beginselwet – begronding vir bogenoemde.**

33 En julle mag die land nie ontheilig waar julle in is nie; want die
bloed ontheilig die land, en vir die land word geen versoening
gedoen vir die bloed wat daarin vergiet is nie, as net deur die
bloed van hom wat dit vergiet het. 34 En jy mag die land waar
julle in woon, nie verontreinig nie, omdat Ek daarin woon; want
Ek, die HERE, woon in die midde van die kinders van Israel.

**3. Die kernverse of fokus van Num 35.**

**Vers 11b-12:** “as vrystede moet hulle vir julle dien, dat die een wat ‘n doodslag begaan het, een wat per ongeluk ‘n mens doodgeslaan het, daarheen kan vlug. En die stede moet vir julle as toevlug dien vanweë die bloedwreker, sodat hy wat ‘n doodslag begaan het, nie sterwe voordat hy voor die vergadering gestaan het om geoordeel te word nie.” En **vers 14c-15:** “vrystede moet hulle wees. Vir die kinders van Israel en die vreemdeling en die bywoner onder hulle moet hierdie ses stede as toevlug dien, sodat elkeen daarheen kan vlug wat per ongeluk ‘n mens doodgeslaan het.” – die **doel** van die wetgewing in hierdie perikoop word in hierdie verse gegee.

**Vers 33-34:** "En julle mag die land nie ontheilig waar julle in is nie; want die bloed ontheilig die land, en vir die land word geen versoening gedoen vir die bloed wat daarin vergiet is nie, as net deur die bloed van hom wat dit vergiet het. En jy mag die land waar julle in woon, nie verontreinig nie, omdat Ek daarin woon; want Ek, die HERE, woon in die midde van die kinders van Israel." – die **beginselwet** of **teologiese begronding** waaruit die wet vir die kies van vrystede voortvloei.

**4. As ons die verkondiging van Num 35:9-34 moes saamvat, wat sou dit behels?**

Die volk kry deur Moses 'n bevel wat die volgende behels (35:9-10):

a. Israel moet vir hulle, wanneer hulle in die land Kanaän kom (35:10c), ses vrystede of asielstede kies (35:11a en 13).
b. Die doel van hierdie stede is dat iemand uit Israel, en die vreemdelinge en bywoners onder hulle (35:14-15), wat onopsetlik bloed vergiet het daarheen kan vlug. So sal hy verkeerdelike teregstelling deur die 'bloedwreker' gespaar bly (35:11-12).
c. Vanuit die wette wat handel oor die maatstawwe om uit te vind of iemand werklik onopsetlik bloed vergiet het, en dus nie skuldig is aan moord nie (35:16-25), word ook die optrede van die 'bloedwreker' en die 'vergadering' gereël (Cole, 2000: 552; Wenham, 1981: 236-237). In die geval van moord moes die moordenaar deur die 'bloedwreker' gedood word (35:16-21). In die geval van onopsetlike bloedvergieting moes die 'vergadering' die onopsetlike bloedvergieter veilig in die vrystad bring (35:22-25).
d. Ten slotte word die wette oor die vrystede en die teregstelling van moordenaars begrond met 'n beginselwet of van 'n teologiese begronding voorsien. Hierdie wette gaan daaroor dat die land waarin Israel woon nie ontheilig en verontreinig mag word nie (35:33 en 34). Die rede: want die HERE woon in die land (35:34). Spesifiek hier in Numeri 35 leer ons dat die land deur bloedvergieting – met opset of onopsetlik – ontheilig en verontreinig word (35:33 sien ook 27 en 28).

   As die land egter nou wel ontheilig word deur bloedvergieting, kan hierdie ontheiliging slegs reg gestel word deurdat daar versoening gedoen word vir die land (35:33). Die manier hoe die versoening gedoen moet word is deur die vergieting van die bloed van die een wat 'n ander se bloed vergiet het (35:33). Dit behels dat die opsetlike bloedvergieter deur die 'bloedwreker' gedood moet word (16-21). En dat die onopsetlike bloedvergieter in 'n vrystad moet bly tot die hoëpriester se dood vir die land versoening bewerk (22-28).

   Vanuit die samevatting van dit wat ons in Num 35:9-34 leer, volg daar die volgende drie hoofpunte, waarna daar vervolgens in meer detail gekyk gaan word:

- *In die eerste plek:* Die doel en vir wie die vrystede bedoel was.
- *Tweedens:* Die taak van die 'bloedwreker' en die 'vergadering.'
- *En in die derde plek:* Die teologiese begronding van die wette in Num 35:9-34.

**4.1 Vervolgens gaan daar in die eerste plek gelet word op die doel en vir wie die vrystede bedoel was**.

***Wat was die doel van die vrystede?***
Die Vrystad was 'n plek waarheen iemand, wat nie opsetlik bloed vergiet het nie, kon vlug. 'n Belangrike tema in Numeri is dat God Homself openbaar as Een wat nie in geperk word deur die kultuur opset van die dag nie. So deur breek die HERE met die instelling van die vrystede die kultuur instelling dat iemand wat bloed vergiet het gedood moet word – selfs al was dit sonder opset (Hill, 1996: 1089 vol 2; Hill & Walton, 2000: 126).

'n Ander baie belangrike tema wat hier na vore kom is die verhouding waarin die HERE tot Israel staan. Hy is hulle Verlosser, maar dan eis Hy van Sy verloste volk 'n lewe volgens Sy wet. Die bevel tot die oprigting van vrystede staan direk in verband hiermee. Die bevel om die vrystede op te rig, staan immers binne die konteks van Israel wat op die punt staan om die land Kanaän in te gaan – dit nadat hulle uit Egipte verlos is (Num 35:10-11).

Wanneer daar gesê word dat die wetgewing in Num 35 rondom die vrystede binne die tema van 'die HERE as Israel se verlosser' figureer, is dit verder belangrik om te let op wat in Ex 19: 4-6 staan – "Julle het self gesien wat Ek aan die Egiptenaars gedoen het, en dat Ek julle op arendsvlerke gedra en julle na My toe gebring het. As julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou, sal julle my eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is myne. En júlle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees. Dit is die woorde wat jy aan die kinders van Israel moet meedeel."

Dit wat hier in Eks 19:4-6 staan vorm die etiese fondament vir die wette wat ons in die Pentateug kry – ook vir die wette in Num 35. Hierdie fondament bestaan daaruit dat daar eers gesê word wie die HERE vir Israel is, en dan wie en wat Israel deur die HERE se verlossingswerk geword het – hulle is nou sy volk wat Hom uit dankbaarheid volgens Sy wet moet dien. Dus altyd eers genade en dan wet (Wright, 1996: 590 vol 4).

Hierdie dankbaarheidsdiens van Israel sluit volgens Ex 19:4-6 in dat Israel 'n koninklike Priesterdom moet wees. Wat was nou die werk van 'n priester? Die werk van 'n priester was tweeledig. Eerstens kon die volk God deur die priester ken. Hy was dus die een wat die volk omtrent God moes leer (Lev 10:9-11; Deut 33:8-10). Tweedens het die priester die volk voor God verteenwoordig. Hy was die een wat die offers vir die volk moes bring. Deur die priester kon die volk dus tot God kom.

Die priester het dus 'n middelaars rol vervul. So moes Israel dan 'n middelaars rol onder die volke vervul. Deur hulle 'etiek' moes die volke God leer ken vir wie Hy is – regverdig en genadig. Aan die ander kant was dit ook uit en deur Israel dat God dit bewerk, dat die ander volke tot Hom sou kon kom, om so ook Sy volk te word (Wright, 1996: 591 vol 4).

Ten opsigte van Num 35:9-34 is dit veral die eerste taak van die priesterskap van Israel wat hier na vore kom. Deur hulle optrede teenoor, aan die eenkant, die een wat nie opsetlik bloed vergiet het nie, en aan die anderkant die moordenaar, moes hulle God se heiligheid, regverdigheid en genade aan die volke rondom hulle openbaar.

*Saamgevat ten opsigte van die doel van die vrystede:*

- *Ten eerste:* Met die wet oor vrystede deurbreek die HERE die kultuur instelling dat iemand wat bloed vergiet het gedood moet word – selfs al was dit sonder opset.
- *Ten tweede:* Met die vrystede is Israel as koninklike priesterdom besig om die HERE se heiligheid, regverdigheid en genade aan die volke rondom hulle openbaar.

***Maar vir wie was hierdie stede bedoel?***

Ons het reeds gesien dat die vrystede bedoel was vir die een wat onopsetlik bloed sou vergiet het. Vers 15 spesifiseer hierdie mens egter verder. Daar lees ons die volgende: "Vir die kinders van Israel en die vreemdeling en die bywoner onder hulle moet hierdie ses stede as toevlug dien."

Ten eerste sê vers 15 dat dit van toepassing is op die בני ישׂראל *(bene-jisrael; kinders van Israel)*. Die frase 'kinders van' dui op 'n volk. So word daar bv ook gepraat van die kinders van Amon, wat dan sien op die Ammoniete. Die kinders van Israel sien dus op die volk Israel (Maartens, 1981: 114 vol 1; Caragounis, 1996: 673 vol 1).

Belangrik egter is dat Skrif met Skrif te vergelyking ons leer dat die kinders van Israel die nageslag van Abraham, Isak en Jakob is, wat deur die HERE uit Egipte verlos is (Eks 3:13 en 15). Ons sien ook dat die kinders van Israel in ‘n spesiale relasie tot die HERE staan – Hy het ‘n verbond met hulle (Eks 6:4); Hy ken hulle (Eks 2:25); die kinders van Israel is die volk van die HERE (Eks 3:10); die kinders van Israel aanbid die HERE (Eks 4:31, 12:27) en hulle roep Hom aan in nood (Eks 3:9, 14:10).

Die wette hier in Numeri 35 is dus eerstens van toepassing op die Verbondsvolk van die HERE.

In vers 15 word daar egter gesê dat die wette ook van toepassing is op die גר ותושב בתוכם *(gar we toshaw betogam; die vreemdeling en bywoner onder hulle).* Wie is nou in die tweede plek die גר (vreemdeling). Dit is iemand, los van sy oorspronklike volk en land, wat binne in die verbondsgemeenskap van Israel leef. Die kinders van Israel moet vir hom lief wees en hom versorg. Verder geld een en die selfde wet – godsdienstig en juridies vir die vreemdeling en vir Israel. Die ‘vreemdeling’ deel dus ook, al is dit nie altyd ten volle nie, in die Godsdiens van die land – hy staan dus nie vreemd en buite die Verbondsgemeenskap nie (Konkel, 1996: 837-838 vol 1; Cole, 2000: 552).[4]

Wie is nou, in die derde plek, die ותושב בתוכם (die bywoner onder hulle). Dit is iemand wat tot ‘n mindere mate as die ‘vreemdeling’ met Israel geassimileer was. Tog is hy in die midde van Israel, daar waar ook die HERE is (vers 34) en die wette van Num 35 geld daarom ook vir Hom.

Gevolgtrekkend kan die volgende dan gesê word ten opsigte van op wie die wette van Num 35 van toepassing is:

- Die wette is van toepassing op Israel as verbondsgemeenskap.
- En op die vreemdeling en die bywoner wat in die verbondgemeenskap woon.[5]

---

[4] Uit Skrif met Skrif vergelyking blyk dit dat net een wet moet geld vir die vreemdeling en die kinders van Israel – Godsdienstig en juridies (Lev 24:22, Num 15:16 en 29; verg ook Eks 23:12; Lev 16:29; 17:10; 18; 19:34). ‘n Verdere aspek wat na vore kom is dat Israel hom moet ontferm oor die ‘vreemdeling’ omdat hy self ‘n ‘vreemdeling’ in Egipte was.

[5] Die CEV parafraseer vers 15 as volg: “They will be places of protection for anyone who lives in Israel and accidentally kills someone.” Ek meen verder dat die voorsetsel-frase “בתוכם” (onder hulle) betrekking het op “גר” (vreemdeling) en “תושב” (bywoner). Daarom stem ek saam met die parafrase van die CEV.

**4.2 Dit bring ons egter nou by ons tweede punt – Die taak van die 'bloedwreker' en die 'vergadering.'**

***Die taak van die bloedwreker.***

Die taak van die 'bloedwreker' was om die mens wat opsetlik bloed vergiet het, dood te maak. Terwyl dit die taak van die 'vergadering' was om die onopsetlike bloedvergieter te red uit die hand van die 'bloedwreker.'

Maar hoe is daar nou bepaal of iemand met opset dood gemaak is of nie? In vers 16-25 kry ons wette wat vir ons sê hoe daar bepaal is of iemand opsetlik of onopsetlik dood gemaak is. Die volgende diagram is 'n opsomming van wat in vers 16-25 geleer word:

16-18 – beskryf die wapens van die moordenaar

19 – **Die 'bloedwreker' voer die vonnis uit.**

20 – met haat
20' – met voorbedagte rade } beskryf die gesindheid van moordenaar
21 – met vyandigheid

21' – **Die 'bloedwreker' voer die vonnis uit.**

22 – sonder vyandigheid
22' – sonder voorbedagte rade } gesindheid van die onopsetlike bloedvergieter

23 – terwyl nie gesien het nie ens ...

24-25 – **Die 'vergadering' red die onopsetlike bloedvergieter**

Uit bogenoemde kan 'n mens sien wat van jou 'n moordenaar of 'n onopsetlike bloedvergieter gemaak het. 'n Moordenaar was iemand wat 'n moordwapen gebruik het en 'n gesindheid gehad het om met opset 'n ander dood te maak. Dit wil tog vir my lyk asof gesindheid die deurslaggewende bepaler was van wie 'n moordenaar is en wie nie.

In vers 20-21 lees ons immers van 'stamp' en 'gooi' en met die 'hand slaan' – dus, wapens is nie betrokke nie. Tog, omdat die mens, wat die doodslag begaan het, 'n gesindheid van 'moordpleeg' gehad het, toe hy iemand anders 'met die kaal hande' doodgemaak het, is hy 'n moordenaar.[6]

---

[6] Wenham skryf soos volg hieroor: "The type of weapon used is proof of murderous intent, ...... The weapon used is however irrelevant where the murderer is known

Dat ‘n moorddadige gesindheid die deurslaggewende faktor was by die bepaling van wie ‘n moordenaar is, en wie nie, blyk verder uit gedeeltes soos:

- Eks 21:12-14 – “Hy wat ‘n mens slaan, dat hy sterwe, moet sekerlik gedood word. Maar as hy dit daar nie op toegelê het nie, maar God dit sy hand laat ontmoet het, dan sal Ek jou ‘n plek aanwys waarheen hy kan vlug. Maar as iemand moedswillig teen sy naaste handel, om hom met lis dood te maak, moet jy hom van my altaar af wegneem, om te sterwe.”
- Lev 19:17-18 – “Jy mag jou broer in jou hart nie haat nie. Jy moet jou naaste vrymoedig berispe, sodat jy om sy ontwil geen sonde op jou laai nie. Jy mag nie wraakgierig of haatdraend teenoor die kinders van jou volk wees nie, maar jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Ek is die HERE.”
- Die Groot wetgewer bevestig hierdie beginsel verder in Mat 5:22 – “Ek sê vir julle dat elkeen wat vir sy broeder sonder rede kwaad is, verantwoording moet doen voor die gereg; en elkeen wat vir sy broeder sê: Raka! moet verantwoording doen voor die Groot Raad; en elkeen wat sê: Jou dwaas! moet verantwoording doen in die helse vuur”

Aan die anderkant: iemand wat doodslag begaan het, sonder dat daar opset en ‘n gesindheid om te vermoor bestaan het, was ‘n onopsetlike bloedvergieter en was nie die dood skuldig nie (sien ook Wenham, 1981: 237).

***Die ‘Bloedwreker’ en die ‘vergadering’***

Die vraag ontstaan nou egter oor wie presies die ‘bloedwreker’ en die ‘vergadering’ was. Die ‘bloedwreker’ moes die een, wat moord gepleeg het, sekerlik[7] dood maak.

‘n Mens sou die woord ‘bloedwreker’ meer letterlik kon vertaal met ‘verlosser van die bloed’ (גאל הדם *go-el ha dam*). Die גאל *(go-el)* was ‘n gesin of familielid, wat ‘n ander lid van sy familie wat in een of

---

to have hated his victim beforehand: jus a punch that leads to death is murder when there is evidence of pre-existing enmity (21)” (1981: 237; Cole, 2000: 552; Van Oeveren, 1968: 248-249).

[7] גאל הדם word voorop geplaas in vers 19a en 21e. So word die fokus op die גאל הדם en wat hy moet doen geplaas (Krüger, 2006: 86-87). Verder meen ek dat die bloedwreker se optrede in vers 21 verder beklemtoon word deur die struktuur van die teks. Die teks is so gestruktureer dat die mm in vers 21 omarm word deur ‘n lys van ‘gesindhede’ van, aan die eenkant die van die moordenaar, en aan die anderkant van die manslag beganer – sien skematiese voorstelling op bl 12 (Kaser & Silva, 1994: 75-76).

ander vorm van swaarkry of gevaar verkeer het, daaruit moes verlos (Haris, 1981: 144 vol 1; Cole, 2000: 551) – hy voorkom dus dat die familie in enige opsig skade ly (Noordzij, 1957: 350). So moes die גאל *(go-el)* ‘n familielid van hom wat as gevolg van armoede in slawerny verval het, loskoop (Lev 25: 48). Of hy moes grond wat van ‘n familie lid vervreem geraak het as gevolg van armoede weer terugkoop (Lev 25:25).

Dit is egter baie belangrik dat ons die werk of taak van die גאל *(go-el)* sal raaksien binne die konteks van die verbond. Die גאל *(go-el)* was die instrument waardeur die HERE Sy verbondsbeloftes en seëninge ‘n werklikheid kon laat wees te midde van een of ander vorm van swaarkry of gevaar. Met ander woorde binne in ‘n hopelose toestand was die גאל *(go-el)* die instrument in die hand van die HERE waardeur Hy Sy verbondsbeloftes kom waar maak het (Hill & Walton, 2000: 206-207).

In die konteks van Num 35 moet die גאל *(go-el)* sy familie nou verlos van die skade van die verlies aan ‘n familielid. Of anders gestel: Hy het die verbondsbelofte van ‘n nageslag weer waarheid kom maak. Omdat die גאל *(go-el)* nie die verlies aan lewe kan herstel nie, moes die moordenaar egter gedood word. Op hierdie manier, het die HERE dan bepaal, sou die familie verlos wees van die skade van lewens verlies deur moord (Noordzij, 1957: 350; Haris, 1981: 144 vol 1).

Dit sou egter onvolledig wees om nie ook hier te praat oor die HERE as die גאל *(go-el)* van Israel nie. Hy is die Een “who, like His familial counterpart, helps those who have fallen into need” (Hubbard, 1996: 792 vol 1; Renn, 2005: 791). Hy is die Een wat Sy volk uit Egipte verlos (Eks 6:6 en 15:13). Hy verlos hulle van die verderf (Ps 103:4), uit die nood (Ps 107:2), uit die hand van die wat sterker is as hulle (Jes 49:24-26; Jer 31:11; Jer 50:34), uit die doderyk (Hos 13:14) en uit Babel (Miga 4:10). Hy is ook die een wat ‘n גאל *(go-el)* is vir die weeskinders in Israel (Spr 23:10-11) (sien ook Van Oeveren, 1968: 162; Hubbard, 1996: 792-793 vol 1). – Hy is dus die Een wat Sy verbondsbeloftes in totaal hopelose omstandighede ‘n werklikheid kom maak.

Teen die agtergrond van die HERE wat Sy volk se גאל *(go-el)* is, en ons belydenis dat die HERE regeer en reg laat geskiet deur menslike instellings (HK Sondag 39, sin bv ook 2 Kron 19:6), moet ons dus ook sê dat die גאל הדם *(go-el ha dam),* hier in Num 35, optree as instrument in die hand van die Ware גאל *(go-el)* van Sy volk, om so die HERE se verbondsbeloftes waarheid te maak (sien ook Van Oeveren, 1968: 162).

> Tot dusver is daar nou gelet op die taak van die ‘bloedwreker’ en die ‘vergadering’. Die taak van die ‘bloedwreker’ was om die mens wat opsetlik bloed vergiet het, dood te maak. Terwyl dit die taak van die ‘vergadering’ was om die onopsetlike bloedvergieter te red uit die hand van die ‘bloedwreker.’
>
> Ons het ook geleer hoe daar onderskei is wie werklik met opset bloed vergiet het en wie nie. En dan het ons ook geleer wie en wat die ‘bloedwreker’ was. Vervolgens gaan ons nou voort om te leer wie en wat die ‘vergadering’ was.

Wat nou verder belangrik is – en insiggewend – gesien teen die agtergrond dat die HERE sy volk se eintlike גאל *(go-el)* is, is dat die גאל הדם *(go-el ha dam)* nie onafhanklik optree nie. In vers 12 lees ons van die ‘vergadering’ wat moes regspreek tussen die een wat doodslag begaan het en die גאל הדם (*go-el ha dam;* sien ook vers 24-25). En in vers 30 lees ons dat die גאל הדם *(go-el ha dam)* eers mag optree nadat, op grond van meer as een getuie, bewys is dat daar werklik ‘n moord plaas gevind het.

Maar wie was die ‘vergadering’ wat moes regspreek tussen die גאל הדם *(go-el ha dam)* en die een wat doodslag begaan het. ‘Vergadering’ is die vertaling van die Hebreeuse woord עדה *(‘eda).* Die עדה *(‘eda)* was ‘n groep mense wat byeen gekom het vir ‘n spesifieke doel (Renn, 2005: 74; Carpenter, 1996: 327 vol 3). Hier in Num 35 verwys עדה *(‘eda)* na ‘n groep mense wat bymekaar is met die doel om reg te spreek (Renn, 2005: 75). Aan hierdie regsprekende vergadering se uitspraak was die גאל הדם *(go-el ha dam)* onderhewig. Uit die geskiedenis van 2 Kron 19 blyk dit ook duidelik dat die גאל הדם *(go-el ha dam)* se optrede deur die koning gereël is (2 Kron 19:4-11; sien ook Van Oeveren, 1968: 161).
Duidelik blyk dit dus dat die גאל הדם *(go-el ha dam)* nie onafhanklik kon optree nie. Hy was ‘n verlengstuk van God se verlossende geregtigheid; Hy was die instrument deur wie die HERE Sy verbondsbeloftes ‘n werklikheid kom maak het.

Saamgevat het ons hier onder die tweede punt, wat die opskrif – die taak van die ‘bloedwreker’ en die ‘vergadering’ – het, die volgende geleer:

- Die taak van die ‘bloedwreker’ was om die mens wat opsetlik bloed vergiet het, dood te maak. Terwyl dit die taak van die ‘vergadering’ was om die onopsetlike bloedvergieter te red uit die hand van die ‘bloedwreker.’

- Duidelike wetgewing het bepaal wie ‘n opsetlike bloedvergieter was en wie nie.
- Die ‘bloedwreker’ of die ‘verlosser van die bloed’ het die verbondsbelofte van ‘n nageslag weer waarheid kom maak. Omdat die ‘bloedwreker’ nie die verlies aan lewe kon herstel nie, moes die moordenaar egter gedood word. Op hierdie manier, het die HERE dan bepaal, sou die familie verlos wees van die skade van lewens verlies deur moord.
- Hier in Num 35 verwys ‘vergadering’ na ‘n groep mense wat bymekaar is met die doel om reg te spreek. Aan hierdie regsprekende vergadering se uitspraak was die ‘bloedwreker’ onderhewig. Hy kon dus nie onafhanklik optree nie.

**4.3 Dit bring ons nou by ons derde punt – Die teologiese begronding van die wette in Num 35:9-34.**

Hierdie beginselwet of teologiese begronding vir die voorafgaande wette word vir ons gegee in vers 33-34. Daar staan die volgende geskryf: “En julle mag die land nie ontheilig waar julle in is nie; want die bloed ontheilig die land, en vir die land word geen versoening gedoen vir die bloed wat daarin vergiet is nie, as net deur die bloed van hom wat dit vergiet het. En jy mag die land waar julle in woon, nie verontreinig nie, omdat Ek daarin woon; want Ek, die HERE, woon in die midde van die kinders van Israel.”

Maar waarom sê ons, dat ons juis in hierdie verse die beginsel vir die voorafgaande het? Ons gaan nou dit wat in vers 33-34 staan probeer verstaan, en dan in die samevatting van punt 3 terug kom by hierdie vraag.

In vers 33 word Israel verbied om die land te ontheilig. Ontheiliging vind plaas deur die vergieting van ‘n mens se bloed.[8] As die land nou ontheilig is, kan daar slegs versoening gedoen word vir die land deurdat die een wat die bloedvergieting laat plaas vind het se bloed ook vergiet word (sien vers 33) – let op, hier word nie gesê dat die moordenaar se bloed vergiet moet word nie. Iemand wat doodslag begaan het, opsetlik of onopsetlik, se bloed moet vergiet word (sien ook Davis, 2006: 149).[9]

---

[8] Die erns van bloedvergieting kom na vore in 2Kon 24:4, Jes 1:15, Hos 4:2-3. In hierdie verse rus die straf van die HERE op die volk as gevolg van onskuldige bloedvergieting. Ook wanneer daar ‘n lyk in die veld gekry word, waaroor niemand iets weet nie, moes daar versoening vir die bloedskuld gedoen word, sodat die straf van die HERE nie op Israel rus nie (Deut 21:1-8).

[9] Sien ook die New international Commentary on the OT bl 656. Die Hebreeuse teks van vers 33 lees hieroor soos volg: “ולארץ לא־יכפר לדם אשׁר שׁפך־בה כי־אם בדם שׁפכו”

Die versoening wat gedoen word vir die land wanneer daar ‘n opsetlike moord gepleeg is, het gebeur deurdat die ‘bloedwreker’ die moordenaar se bloed vergiet het – die wette wat hierdie saak reël vind ons in vers 16-21.

Maar nou het ons ook hier in Num 35 geleer dat die HERE juis Sy regverdigheid en genade openbaar daarin dat iemand wat onopsetlik bloed vergiet het nie gedood mag word nie, maar in die ‘vrystede’ moes gaan bly tot die dood van die Hoëpriester (vers 11-15 en 22-25). Maar dit het nie beteken dat die bloed wat hierdie man onopsetlik vergiet het, nie die land verontreinig het nie. En dat die land nie meer versoening nodig gehad het nie.

Waarom sê ons so?

- *Ten eerste:* die bepaling van vers 33 staan steeds. Nêrens word geleer dat die inwoning in die vrystede die verontreiniging van die land ophef nie. Dit kan immers slegs geskied deur die vergieting van die bloed van die mens wat bloed vergiet het.
- *Ten tweede:* In vers 26-27 sien ons dat as die mens, wat onopsetlik iemand se bloed vergiet het, uit die vrystad sou uitgaan, voordat die hoëpriester sterf, deur die ‘bloedwreker’ gedood kon word. Die ‘bloedwreker’ sou in hierdie geval nie skuldig wees aan bloedskuld nie (vers 27). In die lig van vers 33 beteken dit dan dat die man wat onopsetlike doodslag begaan het se bloed versoening vir die land gedoen het, toe die bloedwreker hom buite die vrystad dood gemaak het. Hieruit volg egter dat die vergote bloed – al was dit onopsetlik gedoen – die land verontreinig het.[10]

Maar hoe gebeur dit dan dat die mens wat onopsetlik bloedvergiet het, kan bly leef? Hoe gebeur dit dat sy bloed nie vergiet hoef te word nie, en die land tog nie verontreinig word en onder die strafgerig van die HERE kom nie (Lev18:25; 2Kon 24:4[11])?

By die beantwoording van hierdie vraag, moet ons steeds onthou om daarop te let dat daar op geen ander manier versoening gedoen kan word vir die land as slegs deur die bloed van die een wat bloed vergiet het nie. Vers 31 en 32 bevestig dit wanneer daar uitdruklik gesê word, dat die opsetlike bloedvergieter nie losgekoop kan word met geld nie – geld gaan die bloedskuld op die land nie ophef nie. Net so geld dit egter ook vir die onopsetlike bloedvergieter. Hy kan ook nie uit die vrystad losgekoop word nie.

---

[10] Sien ook New International Commentary on the OT bl 654.
[11] Sien ook New International Commentary on the OT bl 654.

Met dit gesê, beteken dit dan ook dat dit nie die verblyf in die vrystad is, wat versoening te weeg bring nie. Nee, net die bloed van die een wat bloed vergiet het kan versoening doen.

Maar dit los nog nie ons dilemma op oor hoe dit dan gebeur dat die mens wat onopsetlik bloedvergiet het kan bly leef nie. Die enigste ander alternatief lê in die feit dat die onopsetlike bloedvergieter vry is, wanneer die Hoëpriester sterf. Die Hoëpriester se sterwe, sy bloedvergieting, bring dus versoening vir die onopsetlike bloedvergieter. Daarom dat hy dan vry uit die vrystad kan gaan.[12]

*Om saam te vat:* vers 33-34 gee vir ons die beginselwet of teologiese begronding waaruit die wette in vers 9-32 vloei. Aan die begin van hierdie punt het ons gevra waarom ons so sê.

Na ons beredenering kan ons nou soos volg antwoord: In vers 33 word Israel verbied om die land te ontheilig. Ontheiliging van die land vind plaas deur die vergieting van ‘n mens se bloed. Hieruit vloei dan wette voort wat sê hoe die onopsetlike bloedvergieter kan bly leef en die land versoen kan word sonder dat sy bloed vergiet hoef te word – dit gebeur deurdat hy in ‘n vrystad kan gaan woon tot die Hoëpriester se afsterwe vir die land in die onopsetlike bloedvergieter se plek versoening doen.

Wat die opsetlike bloedvergieter aangaan. Sy bloed moet vergiet word deur die ‘bloedwreker.’ Deur die vergieting van sy bloed sal daar dan versoening vir die land wees.

Die wette in vers 9-32 vloei dus voort uit die beginsel dat die land nie verontreinig mag word nie (35:33 en 34). Die rede waarom die land nie verontreinig mag word nie word in vers 34 gegee: want die HERE woon in die land (35:34).

[12] Noordzij handhaaf ‘n ander standpunt. Hy sê die volgende: “dit niet wijl de dood van de hogepriester verzoenende werking zou hebben, maar omdat het beëindigen van een ampstijd een periode afsluit. Wij hebben iets dergelijks in de gewoonte, dat de nieuw-optredende koning gratie verleent” (1957: 353). Die probleem met hierdie argument is dat die bevryding uit die assiel-stad nie plaas vind wanneer ‘n nuwe hoëpriester gesalf word en hy ‘gratie verleent’ nie, maar wanneer die huidige Hoëpriester sterf. Saam met Davis, 2006: 150; Wenham, 1981: 238; Cole, 2000: 554 en die New int comm on the OT bl 654 verstaan ek die dood van die Hoëpriester as dit wat versoening bewerk vir die een wat onopsetlik bloed vergiet het.

Spesifiek hier in Numeri 35 leer ons dat die land deur bloedvergieting – met opset of onopsetlik – ontheilig en verontreinig word (35:33 sien ook 27 en 28). As die land egter nou wel ontheilig word deur bloedvergieting, kan hierdie ontheiliging slegs reg gestel word deurdat daar versoening gedoen word vir die land (35:33). Die manier hoe die versoening gedoen moet word is dat die 'bloedwreker' die moordenaar se bloed te vergiet (35:33) of, wat die onopsetlike bloedvergieter betref, deur die dood van die hoëpriester (35:28).

**4.4 Samevatting van dit wat sover geleer is.**

Ons het tot dusver nou geleer wat (a) die doel en vir wie die vrystede bedoel was; (b) wat die taak van die 'bloedwreker' en die 'vergadering' was; en (c) wat die teologiese begronding van die wette in Num 35:9-34 was.

Kom ons vat nou saam wat onder al drie hierdie punte geleer is:
*Ten opsigte van die doel van die vrystede en vir wie die vrystede bedoel was:*

- In die *eerste plek*: Met die wet oor vrystede deurbreek die HERE die kultuur instelling dat iemand wat bloed vergiet het, gedood <u>moet</u> word – selfs al was dit sonder opset.
- *Tweedens*: Met die vrystede is Israel as heilige priesterdom besig om die HERE se heiligheid, regverdigheid en genade aan die volke rondom hulle te openbaar.
- In die *derde plek*: Die wette was van toepassing op Israel as verbondsgemeenskap, en op die vreemdeling en die bywoner wat in die verbondgemeenskap gewoon het.

*Ten opsigte van die taak van die 'bloedwreker' en die 'vergadering':*

- Die taak van die 'bloedwreker' was om die mens wat opsetlik bloed vergiet het, dood te maak. Terwyl dit die taak van die 'vergadering' was om die onopsetlike bloedvergieter te red uit die hand van die 'bloedwreker.'
- Duidelike wetgewing het bepaal wie 'n opsetlike bloedvergieter was en wie nie.
- Die 'bloedwreker' of die 'verlosser van die bloed' het die verbondsbelofte van 'n nageslag weer waarheid kom maak, as iemand in 'n gesin vermoor is. Omdat die 'bloedwreker' nie die verlies aan lewe kon herstel nie, moes die moordenaar egter gedood word. Op hierdie manier, het die HERE dan bepaal, sou die gesin of familie verlos wees van die skade van lewens verlies deur moord.
- Hier in Num 35 verwys 'vergadering' na 'n groep mense wat bymekaar is met die doel om reg te spreek (Renn, 2005: 75).

Aan hierdie regsprekende vergadering se uitspraak was die ‘bloedwreker’ onderhewig. Hy kon dus nie onafhanklik optree nie.

*Ten opsigte van die teologiese begronding van die wette in Num 35:9-34:*

- Die wette in vers 9-32 vloei voort uit die beginsel dat die land nie verontreinig mag word nie (35:33 en 34). Die rede waarom die land nie verontreinig mag word nie word in vers 34 gegee: want die HERE woon in die land.
- Spesifiek hier in Numeri 35 leer ons dat die land deur bloedvergieting – met opset of onopsetlik – ontheilig en verontreinig word (35:33 sien ook 27 en 28). As die land egter nou wel ontheilig word deur bloedvergieting, kan hierdie ontheiliging slegs reg gestel word, deurdat daar versoening gedoen word vir die land (35:33).
- Die manier hoe die versoening gedoen moet word is deur die moordenaar se bloed te vergiet (35:33) of, wat die onopsetlike bloedvergieter betref, deur die dood van die hoëpriester (35:28).

**5. Dit bring ons egter nou by die belangrike vraag na wat al hierdie dinge vir ons vandag beteken.**

Om vanuit Numeri, in die Ou Verbond, na ons situasie vandag in die Nuwe Verbond te kom, moet ons mooi gaan kyk na veral die teologiese begronding van die wette in vers 33-34. Die volgende sake val dan op:

- *Ten eerste:* Dit gaan hier om die rein hou van die <u>land</u>, omdat die HERE in die <u>land</u> woon.
- *Tweedens:* Die land word verontreinig deur bloedvergieting. Die land kan, na verontreiniging, slegs weer rein word deur <u>versoening</u>.
- *Ten derde* moet ons let op die rol wat die <u>‘bloedwreker’</u> vervul het.

**5.1 Kom ons let nou in die eerste plek op hoe die verstaan van die ‘land’ ons kan help, om die wette van Num 35:9-34 op ons van toepassing te maak.**

Die woord ‘land’, hier in vers 33-34, het die betekenis van die land Kanaän wat die HERE aan Abraham en sy nageslag beloof het. Die gedagte dat God se volk ‘n land besit, ontstaan egter nie eers by Abraham in Gen 12 nie. Nee, God se volk is van die Skepping af gekoppel aan ‘n land. Hy het immers spesiaal die tuin in Eden aangelê en die mens daar in geplaas (Gen 2). Die sondeval veroorsaak egter dat God se volk uit hulle land, uit Eden verjaag word (Gen 3) (Robertson, 2000: 7).

Deel van God se heilsplan met Sy volk hou egter in dat Hy weer aan hulle ‘n bly plek sal gee – ‘n land om in te woon. Daarom dan

dat God in die voortgang van Sy heilsplan, tydens die oprigting van die Abraham verbond, weer ‘n land aan Abraham en sy nageslag beloof (Robertson, 2000: 4; Leithart, 2000: 62).

Wat nou egter belangrik is van al die verskillende verbondsbedelinge van die Ou Verbond, waarvan die Abraham verbond deel is, is dat dit ‘n skadu sy gehad het. Of ons sou ook kon sê dat die verskillende verbondsbedelinge in die Ou Verbond profeties was van die werklikheid, wat in die Nuwe Verbond sou kom. [Vergelyk in hierdie verband Hebreërs hoofstuk 9 (sien ook Robertson, 2000: 6).]

Die vraag is egter nou of die beloofde land Kanaän ook deel van hierdie skadu’s was; en dan verder: as dit deel van die skadu’s was hoe lyk die Nuwe verbond werklikheid nou? Dat die land Kanaän deel was van die skadu’s van die Ou Verbond word duidelik in die volgende:

- Die land Kanaän word beskryf as ‘n land wat oorloop van melk en heuning (Ex 3:8, 17; 13:5; 33:3; Lev 20:24; Num 13:27). Hierdie beskrywing van die land reflekteer iets van die oorvloed en totale genoegsaamheid van die tuin van Eden voor die sondeval. Tog, die harde werklikheid van Kanaän was nog nie die melk en heuning wat die HERE beloof het nie (Robertson, 2000: 12).

- In die dae van Dawid en Salomo bereik die verenigde koninkryk van Israel ‘n hoogtepunt. In 1Kon 4:24 en 25 lees ‘n mens die volgende oor Salomo se regeringstyd: “24 ..... hy het geheers oor alles wes van die Eufraat, van Tifsag af tot by Gasa, oor al die konings wes van die Eufraat, en (hy het) vrede gehad aan alle kante rondom; 25 sodat Juda en Israel veilig gewoon het, elkeen onder sy wingerdstok en onder sy vyeboom, van Dan tot Berséba, al die dae van Salomo.” Hier kom ‘n mens seker die naaste aan die land wat oorloop van melk en heuning. Na die regerings van Dawid en Salomo verander die prentjie egter heel wat. ‘n Deurlees van die koningsgeskiedenis toon aan ons dat die finale herstel van die mens in sy land nog nie gekom het nie (Robertson, 2000: 13).

- Dat die land deel was van die Ou Verbond skadu’s kom seker vir ons die beste na vore in Heb 11:9-10 en 13-16 – “9 Deur die geloof het hy (Abraham) as vreemdeling gaan woon in die land van belofte soos in ‘n vreemde land en in tente gewoon met Isak en Jakob, die mede-erfgename van dieselfde belofte. 10 Want hy het die stad verwag wat fondamente het, waarvan God die

> boumeester en oprigter is....... 13 in die geloof het hulle almal gesterwe sonder om die beloftes te verkry, maar hulle het dit uit die verte gesien en geglo en begroet, en het bely dat hulle vreemdelinge en bywoners op aarde was. 14 Want die wat sulke dinge sê, verklaar dat hulle ‘n vaderland soek. 15 En as hulle bly dink het aan dié vaderland waaruit hulle weggetrek het, sou hulle geleentheid gehad het om terug te keer. 16 Maar nou verlang hulle na ‘n beter een, dit is ‘n hemelse. Daarom skaam God Hom nie vir hulle om hulle God genoem te word nie, want Hy het vir hulle ‘n stad berei.”

Dus, net soos wat die tabernakel heen gewys het na die hestelde verbondsverhouding in Christus, wat kon maak dat God waarlik onder Sy volk kan kom woon; en die offers heen gewys het na die finale offer wat die gebreekte verbondsverhouding kom heel het, so het die land Kanaän heen gewys na die herstelde wêreld, waarop die herstelde mens eendag weer sou kon leef (Robertson, 2000: 13).

Ons het nou gesien dat die land Kanaän deel was van die Ou verbond skadu’s. Maar hoe lyk die Nuwe Verbond werklikheid dan nou? Om die Nuwe Verbond werklikheid in terme van die land van God se volk te verstaan, is daar veral twee tekste wat vir ons insiggewend is (sien ook Robertson, 2000: 26-29):

- Eerstens Rom 4:13 – “die belofte dat hy erfgenaam van die wêreld (κόσμος) sou wees, het Abraham of sy nageslag nie deur die wet verkry nie, maar deur die geregtigheid van die geloof.” Hier het ‘n mens ‘n duidelike ontwikkeling vanaf die Ou Verbond na die Nuwe Verbond. Abraham is nie maar net ‘n erfgenaam van ‘n deel van die kosmos – Kanaän – nie. Nee, hy is die erfgenaam van die totale kosmos. Hierdie ontwikkeling vanaf land na wêreld is iets wat alreeds in die OT profete na vore kom – Jesaja 19:19-25 (Robertson, 2000: 20-21, 26 en Moo, 1996: 274).
- Tweedens Efes 6:1-3 – “1 Kinders, julle moet jul ouers gehoorsaam wees in die Here, want dit is reg. 2 Eer jou vader en jou moeder—dit is die eerste gebod met ‘n belofte— 3 sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde (γῆς).” Hier pas Paulus die vyfde gebod op alle Christen kinders toe. Daar waar hulle is, is die land wat die HERE aan hulle gegee het. En daar, wanneer hulle gehoorsaam is aan hulle ouers, sal hulle lank lewe (Robertson, 2000: 28-29).

Dus die land van die nuwe verbond beslaan die hele wêreld. En hier is die HERE waarlik teenwoordig. Nie net meer in die

skaduagtige heenwysings van die ark, die tabernakel en die tempel nie. Nee, die HERE is nou waaragtig onder Sy volk in hulle land teenwoordig.

Ons lees van hierdie teenwoordigheid in Joh 1:14 – "En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon—en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom—vol van genade en waarheid." In Mat 28:20 hoor ons vir Jesus wat sê – "En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld." In Hand 2 lees ons van die uitstorting van die Heilige Gees. En in 1Kor 3:16-17 en 6:19-20 hoor ons dat ons tempels van die Heilige Gees is.

Hierdie teenwoordigheid van die HERE by Sy volk in hulle land bereik sy finale hoogtepunt met die wederkoms van Jesus Christus. Ja, dan sal ons staan en kyk en ons sal 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde sien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie. En ons sal die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is. En ons sal 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God. (Openb 21:1-3).

Belangrik van die HERE se teenwoordigheid by Sy volk in hulle land op daardie dag, is dat dit alles totaal heilig sal wees. Ons lees in Openbaring 21:27 daarvan – "En daarin sal nie inkom iets wat verontreinig en gruwelikheid en leuens doen nie; maar net die wat geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam."

Maar hoe het die nuwe hemel en aarde so heilig geword?

**5.2 Met hierdie vraag kom ons, in die tweede plek, by die waarheid van Num 35:33 dat die land, na verontreiniging, slegs weer rein word deur versoening. Versoening wat net kan plaas vind as die bloedvergieter se bloed vergiet word.**

Die basiese betekenis van die woord 'versoening-doen' (כפר) is om 'n sondedaad teen God ongedaan te maak (Harris, 1981: 453 vol 1; Vos, 2000: 166-167). Vos wys egter daarop dat ons vanuit die hele Skrif leer dat dit slegs God is wat die sondedaad teen Hom, ongedaan kan maak (2000: 168). Dit is dus slegs God wat werklik versoening kan doen vir die land, wat ontreinig is deur bloedvergieting; wat die land weer heilig kan maak.

Hierdie versoening kom doen God deur die vlees geworde Woord, Jesus Christus, wat self God is (Joh 1:1). Dit is Hy wat die nuwe hemel en nuwe aarde met ‘n vernude verbondsvolk wat daarop leef ‘n werklikheid kom maak. Dit is Hy wat die skepping herskep en heilig kom maak. Dit is Hy wat een aand laat die eerste nagmaalsbeker opgetel het en vir Sy nuwe verbondsvolk gesê het: “Drink almal daaruit. Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe verbond, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes” (Mat 26:27-28). Ja, want sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie (Heb 9:22; Lev 17:11). En sonder sondevergifnis, sonder versoening, kan daar geen herstelde verbond wees nie (Aalders, 1939: 65), en nog minder ‘n geheiligde nuwe hemel en aarde.

Hy is die werklike Hoëpriester, volgens die orde van Melgisedek, wie se bloed gevloei het vir elke uitverkore bloedvergieter wat onopsetlik iemand se bloedvergiet het, en so die land verontreinig het (Heb 7-10; sien ook Wenham, 1981: 239 en Davis, 2006: 150). Maar Hy is ook, en ek is oortuig daarvan op grond van dit wat die Skrif leer oor die regverdigmaking, die Een wie se bloed werklik versoening gedoen het vir die land in die plek van elke uitverkorene wat opsetlik bloed vergiet het. Sodat ook hulle deel kan wees van die Nuwe hemel en aarde waarin nie sal inkom iets wat verontreinig en gruwelikheid en leuens doen nie; maar net die wat geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam (Openb 21:27).

Daarom sou ons nie meer vandag die wetgewing, in Num 35:9-34, wat gaan om die ‘bloedwreker’, wat deur sy optrede versoening vir die land te weeg bring, kon uitvoer nie. Christus, die Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek, het immers gekom en finaal versoening kom doen – ook vir die land, want die nuwe hemel en aarde sal heilig wees. Hebreërs 10:18 stel dit duidelik aan ons: “Waar daar nou vergifnis van hierdie dinge is, is daar geen offer meer vir die sonde nie.”

Ons het gesê dat die land van die Nuwe Verbond, die nuwe hemel en aarde, heilige is en ons woon as geheiligdes daar en die HERE in ons midde. Die werklikheid van hierdie land, die Nuwe hemel en aarde, die werklikheid van ‘n vernude verbondvolk wat op die nuwe aarde onder ‘n nuwe hemel kan woon met die HERE in hulle midde, het Christus met Sy versoeningswerk ‘n werklikheid kom maak. ‘n Werklikheid wat sy volkomenheid by Sy wederkoms sal hê.

Maar wat van die tussentyd? Die tyd waarin ons nou is; die tyd waar die werklikheid van Christus se versoeningswerk vasstaan, maar ons nog wag op die volkomenheid daarvan. ‘n Tyd waarin daar nog bloed vergiet word; ‘n tyd waarin ons deur misdaad geteister word.

**5.3 Met hierdie vraag kom ons by die derde belangrike sleutel om van Num 35 in die Ou Verbond na ons in die tyd van die Nuwe verbond te kom. Hierdie derde belangrike sleutel vind ons in die rol van die 'bloedwreker'.**

Soos ons reeds gesien het was die 'bloedwreker' of die 'verlosser van die bloed' die instrument waardeur die HERE Sy verbondsbeloftes en seëninge 'n werklikheid kon laat wees, te midde van omstandighede waar dit gelyk het asof dit nie die geval was nie. Wat ons ook gesien het was dat die HERE die eintlike *go-el* of verlosser van Sy volk was.

Wanneer die HERE nou hier in Numeri 35 deur middel van 'n menslike instrument die *go-el ha dam* is, is Hy nie net besig om versoening vir die land te doen nie. Hy is terselfdertyd ook besig met werklike bloedwreking, waardeur Hy Sy verbondsbeloftes vir die benadeelde party 'n werklikheid maak. Hierdie stelling begrond ek in die betekenis van die woord *go-el* (sien 4.2), en in verder ook in Deuteronomium 32:43.

In Deuteronomium 32:43 staan die volgende geskryf: "Jubel, o nasies, oor sy volk, want Hy sal die bloed van sy knegte wreek, en Hy sal wraak oefen op sy teëstanders en versoening doen vir sy land en sy volk."

Die Hebreeuse woord wat hier met 'wraak' en 'wreek' vertaal is נקם (*nqm*). Terwyl die woord die betekenis het van 'straf' en 'wraak' moet altyd ingedagte gehou word dat die 'straf' en 'wraak' plaas vind in lyn met God se wet binne die konteks van die verbond. Daarom gaan die woord ook baie maal gepaard met die verlossing van God se volk. Die HERE oefen dus wraak om Sy volk te verlos (Peels, 1996: 154-155 vol 3).

Wat nou verder belangrik is met die HERE se wraak oefening in Deut 32:43, is dat Hy dit doen om Sy land en volk te versoen (כִּפֵּר).[13]

---

[13] In die Hebreeus lees die vers soos volg: " הרנינו גוים עמו כי דם־עבדיו יקום ונקם ישיב לצריו וכפר אדמתו עמו" Die ו by וכפר kan ook doel aanwysend wees (Van der Merwe, Naude, Kroeze, 1997: 245). Keil en Delitzcsh sê die volgende hieroor: "By this the land was defiled, covered with blood-guiltiness, so that the Lord was obliged to interpose as a judge, to put an end to the ways of the wicked, and to expiate His land, His people, i.e., to wipe out the guilt which rested upon the land and people, by the punishment of the wicked, and the extermination of idolatry and ungodliness, and to sanctify and glorify the land and nation (vid., Isa_1:27; Isa_4:4-5)." (Keil & Delitzsch, 1988: 492).

Deur die HERE se wraak-oefening teen die wat Sy teenstanders is, teen die wat Sy verbondsinsettinge verag en teen die wat Sy volk hulle verbondsvooregte ontneem (Keil & Delitzsch, 1988: 492), kom daar dus verlossing vir sy volk – hulle word die volheid van die verbondseën deelagtig – en die daar word versoening gedoen vir die land.

Daar is dus 'n verband tussen die werk van die 'verlosser van die bloed' *(go-el ha dam)* of die 'bloedwreker' van Numeri 35, en die HERE se wraak oefening in Deuteronomium 32. In albei gevalle maak die HERE Sy volk die volle verbondseën deelagtig en doen Hy versoening vir die land – Hy is hulle eintlike *go-el* (sien ook Van Oeveren, 1968: 162).

Ons het reeds gesien dat daar nou in die bedeling waarin ons nou leef, in die tyd van die Nuwe Verbond, nie meer versoening nodig is vir die land nie. Christus het immers gekom en finaal versoening kom doen – ook vir die land, want die nuwe hemel en aarde sal heilig wees. Dit vat egter nie die feit weg dat die HERE steeds die Een bly wat Sy wraak uitoefen teen die wat Sy teenstanders is, teen die wat Sy verbondsinsettinge verag en teen die wat Sy volk hulle verbondsvooregte ontneem nie. Die vraag is egter hoe die HERE dit nou in hierdie bedeling na Christus se eerste koms en voor Sy wederkoms doen.

Ek meen dat ons die antwoord op hierdie vraag in Rom 13:4 vind. Daar hoor ons die volgende: "(die owerheid) is 'n dienaar van God, jou ten goede. Maar as jy kwaad doen, vrees dan; want hy dra die swaard nie verniet nie, want hy is 'n dienaar (διάκονος)[14] van God, 'n wreker (ἔκδικος)[15] om die een wat kwaad doen, te straf."

Hier in Rom. 13:4 sien ons dus dat die owerheid 'n instrument in die hand van die HERE is om Sy wraak oor die wat kwaad doen uit te oefen.[16] In hierdie handeling van die owerheid is hy egter ook besig

---

[14] Moo skryf die volgende oor die gebruik van die woord διάκονος by Paulus: "Paul usually use this word to refer to a Christian in his capacity as willing 'servant', or 'minister' of the Lord and of other Christians. But people can also serve God, his purposes, and his people unconsciously. So it is with secular rulers, who appointed by God (v 1b), administer justice in keeping with divine standards of right and wrong" (1996: 801).

[15] ἔκδικος is verwant aan ἐκδικέω (Falkenroth, 1992: 93 vol 3) wat die Griekse vertaling van נקם is in Deut 32:43.

[16] Calvyn skryf hieroor as volg: "And then he says, An avenger, to execute wrath ... This is the same as if it had been said, that he is an executioner of God's wrath; and this he shows himself to be by having the sword, which the Lord has delivered into his hand. This is a remarkable passage for the purpose of proving

om ‘n sinvolle lewe vir die kinders van God in die bedeling van die Nuwe Verbond te verseker (sien ook art 36 NGB) – reeds voor die volheid van dit wat Christus vir ons bewerk het aanbreek by Sy wederkoms.

Maar dadelik, by die aanhoor van Rom. 13:4 en wat dit vir ons beteken, kom daar by ons in die jaar 2007 nC in die Nuwe Suid Afrika ‘n ongemaklikheid. ‘n Ongemak want ons sien nie dat die owerheid, wat die HERE oor ons aangestel het, Sy wraak na behore oor die kwaaddoeners uitoefen, soos wat ons lees in Rom. 13 nie.

Wanneer ons met hierdie ongemak opgeskeep sit, kan ons egter weet dat ons nie die eerste mense in die geskiedenis is wat hierdie ongemak moes ervaar nie. Dit is nie nou die eerste keer in die geskiedenis dat God se kinders in die Skrif lees hoe ‘n saak behoort te wees, maar dan sien dat die ‘werklikheid’ totaal anders is, as wat dit daar in die Skrif geskryf staan nie.

Om maar ‘n voorbeeld te noem: Wanneer ek die geskiedenis van die HERE se volk in die Ou testament lees, lyk dit nie vir my asof die owerhede van die dag hulle te veel gesteur het aan die HERE se wetgewing ten opsigte van die ‘bloedwreker’ in Numeri 35 nie. Nee, bloed is iets wat vrylik vergiet is in Israel. Een van die redes vir die HERE se straf oor Israel en Juda, en later ook hulle ballingskap is onskuldige bloedvergieting (2Kon 24:4, Jes 1:15, Hos 4:2-3).

Teen die agtergrond van hierdie ongemak, wat ons, so dink ek, in die tyd waarin ons nou leef baie erg ervaar, is dit dan baie belangrik om daarop te let dat die Nuwe Testament die term *go-el* op Jesus Christus betrek in Rom 11:26 (Hubbard, 1996: 794 vol 1; Hill & Walton, 2000: 207). Ten diepste is Christus die Een wat sorg dat die volk van die HERE die volle verbondseën deelagtig word. Dit is Hy wat ons eintlike *go-el* is. Ten diepste is dit dan ook Hy wat die *go-el ha dam* is. Dit is Hy wat Sy broers se bloed sal wreek.[17]

Ons lees van hierdie wreking van ons bloed deur Christus in Openbaring, wanneer die HERE vir ons in hoofstuk 6 ‘n oorsig oor

---

the right of the sword, for if the Lord, by arming the magistrate, has also committed to him the use of the sword, whenever he visits the guilty with death, by executing God’s vengeance, he obeys his commands. Contend then do they with God who think it unlawful to shed the blood of wicked men” (2003: 481).

[17] Dat ons Christus se broers is word geleer in Heb 2:11. Hy is dus ons Familielid wat sorg dat ons die HERE se verbondseën deelagtig word.

die verloop van die wêreld geskiedenis gee, tot en met Christus se wederkoms (Greijdanus, 1908: 225). Hierdie oorsig oor die wêreld se geskiedenis vind plaas deurdat daar ses seëls oopgemaak word. Met die oopmaak van elke seël vind daar ‘n toneel voor ons plaas wat vir ons iets sê oor die verloop van die wêreld-geskiedenis.

Wanneer die vyfde seël oop gemaak word hoor ons die volgende uit die mond van Johannes: “En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuienis wat hulle gehad het. En hulle het met ‘n groot stem uitgeroep en gesê: Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek[18] U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie?” (Openb 6:9-10).

En dan hoor ons, wanneer die sesde seël oop gemaak word van die finale[19] verhoring van hierdie gebed van die ‘diensknegte van die HERE’ – “en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge, en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?” (Openb 6:15-17).

In Openbaring 19 lees ons van die loflied van die volk van God omdat hulle bloed uiteindelik gewreek is: “En ná hierdie dinge het ek iets soos ‘n groot stem van ‘n groot menigte in die hemel gehoor wat sê: Halleluja, die heil en die heerlikheid en die eer en die krag aan die Here onse God! Want sy oordele is waaragtig en regverdig; want Hy het die groot hoer geoordeel wat die aarde met haar hoerery verderf het, en Hy het die bloed van sy diensknegte op haar gewreek (ἐκδικέω). En vir die tweede maal het hulle gesê: Halleluja! En haar rook gaan op tot in alle ewigheid.” (vers 1-3).

### 5.4 Samevatting.

Ja, in die tyd waarin ons nou leef het dit weer tyd geword, om te besef dat menslike *go-el’s* nie die ware verlosser kan wees nie. In die Ou Testament was hulle ‘n menslike instrument in die hand van die HERE, ‘n heenwysing na die ware *Go-el* wat sou kom. En net

[18] Die Griekse woord wat hier met ‘wreek’ vertaal is, is ἐκδικέω. ἐκδικέω is op sy beurt die Griekse vertaling van die Hebreeuse woord נקם in Deut 32:43 in die LXX.

[19] Van die aanvanklike verhoring van die gebed hoor ‘n mens in Openb 6:11 – “En aan elkeen van hulle is wit klere gegee; en aan hulle is gesê dat hulle nog ‘n klein tydjie moes rus totdat ook hulle mediediensknegte en hulle broeders wat nog gedood sou word soos hulle, voltallig sou wees.“

soos die konings, wat heenwysings moes wees na die ware Koning wat sou kom, baie onvolmaak was, so was dit ook die geval met die menslike *go-el*.

In die Nuwe Testament het die ware *Go-el* gekom; Hy wat die HERE se verbondseën Sy uitverkorenes se deel kom maak; Hy wat die land wat ons eendag in volkomenheid sal beërf kom versoen het. En tot Hy weer kom het Hy owerhede verorden. Aan hulle het Hy die swaard gegee om kwaaddoeners te wreek en ‘n sinvolle bestaan vir Sy volk te verseker. Maar ook hulle is onvolmaak. Ja, die moderne staat kan nooit waarlik ‘n verlosser wees nie. Deur die loop van die geskiedenis, soos nou weer, moes mense keer op keer weer hierdie waarheid deeglik besef.

Die HERE se volk is in hierdie omstandighede egter nie uitsigloos nie. Ons het immers ‘n *Go-el* – die Leeu wat uit die stam van Juda is, die wortel van Dawid; Die Lam wat geslag is (Openb 5:5-6). En Sy dag van toorn kom. Die dag waarop Hy die bloed van Sy dienaars sal wreek op die bewoners van die aarde. Die dag wanneer ons met ons nageslag, volgens die belofte aan Abraham gemaak (Gal 3:29), die nuwe aarde onder ‘n nuwe hemel in besit sal neem (Openb 21:1-3). En daar sal niemand wees wat verontreinig en gruwelik en leuens doen nie. Nee, net die wat opgeskryf is in die boek van die lewe van die Lam (Openb 21:27).

In die lig van dit wat ons geleer het oor die ‘bloedwreker’ – sy betekenis in die Ou Testament en Sy rol vandag in die Nuwe Testament – is dit my oortuiging dat die relevansie van die ‘bloedwreker’ vir ons vandag – ‘n tyd waarin ‘n mens se bloed maklik vergiet kan word – in die volgende vraag geleë is:

> Aan watter kant van Christus se swaard gaan jy staan wanneer Hy, as *Go-el ha dam,* kom om Sy knegte se bloed te wreek? Of anders gestel: Is jy ‘n kneg van Jesus Christus? Of dalk nog anders gestel? Het jy ‘n Bloedwreker?

**6. Bronne.**


AALDERS G.CH. 1939. Het verbond Gods. Kok N.V te Kampen.

CALVYN, J. 2003. Commentary on the epistle of Paul the apostle to the Romans. Translated and edited by Rev John Owen. Grand rapids: Baker.

CARPENTER, E. 1996. ***In*** VAN GEMEREN, A. New international Dic. of OT theology & exegeses vol 3. UK: Paternoster.

CARAGOUNIS, C.C. 1996. ***In*** VAN GEMEREN, A. New international Dic. of OT theology & exegeses vol 1. UK: Paternoster.

COLE, R.D. 2000. The new American commentary – Numbers. Nashville: Broadman & Holman.

COETZEE, J.C. 1995. Sleutels tot die Godsopenbaring van die Nuwe Testament. ***In*** JORDAAN, G.J.C. 2007. Nuwe Testament – Studiegids vir NTES 875A – Fakulteit teologie. Potchefstroom.

DAVIS, D.R. 2001. 2 Samuel – Out of every adversity. Ross-shire, Great Brittain: Christian Focus Publications.

FALKENROTH, U. 1986. ***In*** BROWN, C. New International dictionary of new Testament Theology vol 3. UK: Paternoster Press.

GREIJDANUS, S. 1908. De Openbaring des Heeren aan Johannes – voor de gemeente uitgelegd. Doesburg: J.C. van Schenk Brill.

HARRIS, R.L. 1981. ***In*** HARIS, R.L.; ARCHER, G.L.; WALTKE, B.L. Theological Wordbook of the OT Vol 1. Chicago: Moody.

HILL, A.J. 1996. ***In*** VAN GEMEREN, A. New international Dic. of OT theology & exegeses vol 4. UK: Paternoster.

HILL, A.J. & WALTON, J.H. 2000. A Survey of th Old Testament. Grand Rapids, MI.: Zondervan.

HUBBARD, R.L. 1996. ***In*** VAN GEMEREN, A. New international Dic. of OT theology & exegeses vol 4. UK: Paternoster.

KAISER, W.C. & SILVA, M. 1994. An Introduction to Biblical Hermeneutics – the search for meaning. Grand Rapids: Zondervan.

KEIL, C.F. & DELITZSCH, F. 1988. Commentary on the Old Testament. Grand Rapids: Eerdmans.

KONKEL, A.H. 1996. ***In*** VAN GEMEREN, A. New international Dic. of OT theology & exegeses vol 1. UK: Paternoster.

LEITHART, P.J. 2000. A house for My Name – A Survey of the Old Testament. Moscow, Idaho: Canon Press.

MARTENS, E.A. 1981. ***In*** HARIS, R.L.; ARCHER, G.L.; WALTKE, B.L. Theological Wordbook of the OT Vol 1. Chicago: Moody.

MOO, D. 1996. The New international Commentary on the New testament – The Epistle to the Romans. Grand rapids: Eerdmans.

NOORDTZIJ, A. 1957. Korte verklaring der Heilige Schrift – Het boek Numeri. Kampen: J.H. Kok.

PEELS, H.G.L. 1996. ***In*** VAN GEMEREN, A. New international Dic. of OT theology & exegeses vol 3. UK: Paternoster.

RENN, S.D. 2005. Expository dictionary of Bible words. Peabody: Hendriksen.

ROBERTSON, O.P. 2000. The Israel of God – Yesterday, Today, and Tomorrow. Phillipsburg: P&R.

VAN DER MERWE, C.H.J.; NAUDE, J.A.; KROEZE, J.H. 1997. Bybels-Hebreeuse Naslaangrammatika (vol 1). Stellenbosch: Hebteg Uitgewers.

VAN OEVEREN, B. 1968. De Vrijsteden in het Oude Testament. Kampen: J.H. Kok.

VOS, G. 2000. Biblical Theology – Old and New Testament. Edenburgh: Banner of truth.

WENHAM, G.J. 1981. Tyndale Old Testament commentaries – Numbers. Illinois: Inter-Varsity press.

WRIGHT, C.J.H. 1996. ***In*** VAN GEMEREN, A. New international Dic. of OT theology & exegeses vol 4. UK: Paternoster.

**Repliek deur mnr. Bouwe van der Eems:**

**Die Bloedwreker maak ons oë oop vir ons omgekeerde wêreld**

Die studie van die bloedwreker en die vrystede maak ons oë oop sodat ons kan sien hoe ons in baie opsigte in ŉ omgekeerde wêreld lewe wat betref die strawwe wat ons gebruik en wat betref die persone wat verantwoordelik is vir die uitvoering van die strawwe.

**Die messiaanse aard van die Ou Testamentiese strawwe**

Br. Rossouw se lesing handel oor ŉ Ou Testamentiese straf. Dis die straf van inperking in ŉ vrystad vir mense wat onopsetlik moord gepleeg het. Dis een van die vyf tipes strawwe wat in die Skrif voorkom.

Die Bybelse strawwe kan soos volg opgesom word:

1) Die doodstraf vir halsmisdade (vir bv. opsetlike moord, ontvoering, homoseksualiteit, godslastering, ...)
2) Van een tot veertig sweepslae vir kleiner oortredings
3) Vir diefstal of die vernietiging van die ander se eiendom, restitusie. Dit kan wissel van eenhonderd tot vierhonderd persent.
4) Die wat nie in staat is om restitusie te bekostig nie, moes betaal met hulle arbeid totdat die skuld afbetaal is.
5) Inperking in ŉ vrystad vir onopsetlike moord.

Die hedendaagse regstelsel bestaan uit twee afdelings: strafreg en privaatreg. ŉ Strafregtelike oortreding is ŉ optrede wat deur die staat as onwettig gedefinieer is. Dit sluit in oortredings soos moord, praat met ŉ selfoon in die motor en miljoene ander handelinge waarvan die publiek nie bewus is nie. Die staat is verantwoordelik om oortreders van hierdie wette te vervolg en te straf. Die strawwe wat uitgedeel kan word is boetes of tronkstraf. As jy egter nie ŉ boete kan of wil betaal nie, dan kry jy tronkstraf. Daar kan dus geargumenteer word strafregtelike oortredings maar uiteindelik met tronkstraf gestraf word.

Privaatreg is wanneer een party deur ŉ ander benadeel word. Twee partye kom tot ŉ ooreenkoms. Die een party hou hom nie aan die ooreenkoms nie, en die ander party word daardeur benadeel. Die party wat benadeel word kan dan ŉ regsaak aanhangig maak teen die ander party en skadevergoeding eis. Die staat is slegs betrokke in die aanhoor van die saak en die uitspreek van ŉ oordeel. Tipiese probleme wat met privaatreg opgelos word is nie betaling, kontrakbreuk, laster en egskeidings. As die benadeelde party die saak wen, dan word hy vergoed vir die skade wat hy gelei het, deur die ander party. In hierdie geval is die straf dus ŉ vorm van restitusie. Dit is egter ŉ tendens in die Suid-Afrikaanse reg dat die privaatreg toenemend deur die strafreg verdring word.

In ons huidige regstelsel is daar dus slegs twee soorte strawwe oor. Tronkstraf en restitusie. Die restitusie word egter toenemend verdring deur tronkstraf. Rushdoony argumenteer dat tronkstraf soos ons dit vandag ken, met inperking onder toesig van wagte, nie deel van die Hebreeuse wetgewing was nie. Die skrif verwys nêrens na aanhouding in 'n tronk as 'n straf nie. As ons lees van tronke in die Bybel, dan is dit heidense tronke. Die tronk was hoogstens 'n plek waar iemand aangehou is totdat hy verhoor kon word.

Hier wil ek egter effens van Rushdoony verskil. Inperking in 'n vrystad kan gesien word as 'n vorm van tronkstraf. Soos in 'n tronk word jou beweging ingeperk in 'n vrystad. In 'n tronk kan jy nie voortgaan met jou besigheid nie. Gegee dat die meeste mense in Israel 'n bestaan uit landbou gemaak het, was die implikasie van inperking in 'n vrystad dat jy nie kon voortgaan met jou boerdery nie. As jy in die tronk is, kan jy nie vrylik jou godsdiens beoefen deur eredienste by te woon nie. Netso kon iemand wat ingeperk was in die vrystede nie optrek vir die feeste of gaan offer in Jerusalem nie. Iemand het eenkeer geskat hoe groot die stede van die Ou Testament was en gevind dat dit ongeveer so groot is soos 'n straatblok in ons voorstede.

'n Vrystad was dus waarskynlik nie veel groter as die Pretoria sentraal gevangenis nie. Die mate van inperking stem dus ook nogal ooreen met van ons tronke.

Verder lees ons in 1 Kon.1:36-38, hoe koning Salomo vir Simeï straf met inperking. Hy is ingeperk in die stad Jerusalem. Hierdie inperking was genadiger as die van die onopsetlike moordenaar, want ten minste was Semeï in die grootste stad in Israel, en kon hy voluit deelneem aan die godsdienstige aktiwiteite van die volk Israel. Toe sy slawe weggeloop het, kon hy hulle egter nie gaan haal het nie, as hy hom by die inperking sou hou. Hy kon nie soos Saul sy verlore donkies gaan soek nie. Netso kan jy in die tronk nie jou verlore goedere gaan haal nie.

Volgens art. 25 van die NGB het alle seremonies en voorafskaduwing met die koms van Christus verval, en behoort onder Christene afgeskaf te word. Die lesing van br. Rossouw toon aan dat die 5de straf deur die koms van Christus afgeskaf is. Die onopsetlike moordenaar moes wag dat die hoëpriester sterf, voordat hy weer vry was. Aangesien die ewige hoëpriester vir ons gesterf het, is onopsetlike moordenaars nou vry. Saam met die afskaffing van die tempeldiens, is hierdie straf noodwendig afgeskaf.

Daar kan dus geargumenteer word dat die straf vir onopsetlike moord neerkom op tronkstraf, en dat tronkstraf met die koms van Christus afgeskaf is.

Daar is egter geen gronde om aan te toon dat die ander strawwe met die koms van Christus afgeskaf is nie. Daar is geen skriftuurlike gronde

daarvoor nie, en dit is eenvoudig epistemologies onmoontlik dat die mens self meer geskikte strawwe kan uitwerk as wat God in Sy woord gee nie.

As die eerste vier strawwe nog geldig is, en die vyfde deur die koms van Christus afgeskaf is, dan leef ons nou in ŉ omgekeerde wêreld. Die strawwe wat God gegee het om misdadigers mee te straf, is almal afgeskaf, terwyl die een straf wat met die koms van Christus afgeskaf is, gebruik word om byna alle misdade mee te straf. Ons hele hedendaagse strafreg kom dus neer op ŉ ontkenning van die koms van Christus.

As ons hedendaagse strafreg neerkom op die ontkenning van Christus, kan tereg die vraag gevra word of God ons nie teister met misdaad, om ons te wys op die futiliteit van ons Christus ontkennende strafreg, om ons sodoende weer na Christus te dwing nie?

**Die agterdeur wat oopgelaat is**

Hoe kan dit wees dat die weste, wat oorwegend Christelik was, ŉ strafreg ingestel het wat Christus ontken?

Myns insiens is een van die oorsake daarvan te vinde in die reformasie. Tydens die reformasie is baie aspekte van die kerklike en maatskaplike lewe gereformeer na die Skrif toe. Die reformasie het egter nie op alle aspekte van die samelewing ewe duidelik deurgewerk nie. Een van die gebiede waar die reformasie nie baie deeglik deurgewerk het nie, was die burgerlike regering en meer spesifiek die geldigheid van die strawwe wat God in die Ou Testament gee. In sy Institusie spandeer Calvyn slegs een hoofstuk aan die onderwerp, en dan is dit nog die laaste hoofstuk ook. Die NGB spandeer net een artikel aan die onderwerp, en dis die tweede laaste artikel. Die Heidelbergse Kategismus hanteer die onderwerp in een sin in die bespreking van die 5de gebod. Eers in die twintigste eeu het teoloë soos Rushdoony deeglike aandag aan hierdie onderwerp begin gee in sy boek "*The Institutes of Biblical Law*".

In die Institusie skryf Calvyn die volgende:

> "*Die wet van God verbied diefstal. Die straf daarop kan ons in Exodus lees. Ander volke weer het bepaal dat die dief gedwing moet word om dit dubbel terug te gee. Sommige het verder gegaan en diefstal met verbanning gestraf, ander met geseling en ander weer met doodstraf. En so ook met die ander wette. Maar almal het dieselfde doel beoog. Hulle het, soos uit een mond, strawwe uitgevaardig teen die misdade wat God se ewige wet veroordeel het, al het hulle verskil in die wyse waarop gestraf is. Ons moet daarop let dat daar lande is wat gou ten gronde sal gaan as die wette teen oproer byvoorbeeld nie baie streng is nie. Ook is daar wat ŉ baie strenge toepassing van die wet nodig maak bv. tye van oorlog, oproer, pessiektes. Daar is volke wat enigiets sal doen as hulle nie deur streng wetgewing in toom gehou word nie. Dit is dus*

> *nodeloos om te kla dat Moses se wette op die wyse afgeskaf word. Hulle word nie afgeskaf nie, **want hulle is nooit aan ons gegee nie**. God was Israel se wetgewer, omdat Hy die volk in sy troue beskerming geneem het. Soos 'n wyse het Hy in besonder op die belange van die volk gelet het*." (Institusie Deel 4, Hfst XX, par. 16)

Volgens Calvyn geld die Ou Testamentiese strafwette nie vir burgerlike owerhede nie, aangesien hulle slegs vir die volk Israel bedoel is. Calvyn glo wel dat dit die plig van die owerheid is om oortredings van God se wette te straf, maar hy glo nie dat dit gedoen moet word met die strawwe wat God gee nie. Die koning moet selfs uitwerk watter strawwe die beste sal werk in sy land. Die koning moet bv. diefstal straf, omdat dit 'n oortreding van die 8ste gebod is, maar hy moet self uitwerk watter straf die beste in sy land gaan werk. Die een koning kan besluit op vergoeding en die ander op geseling.

Ook Ursinus handhaaf hierdie standpunt in sy verklaring van die Heidelbergse Kategismus. Volgens hom het God die burgerlike wette gegee wat spesifiek pas by die aard en die omstandighede van die Joodse volk. Hierdie wette sou egter nie nuttig en regverdig wees vir ander volke in ander omstandighede nie. Ursinus gaan self sover om te beweer dat dit verkeerd is om die Joodse wette te gebruik, as jy nie kan bewys dat hierdie wette die beste is vir jou spesifieke volk en omstandighede nie. Hy gee egter geen aanduidings watter metode jy moet gebruik indien jy wil bewys dat 'n sekere straf die mees geskikte is vir 'n sekere misdaad nie (Schatboek, verklaring van v&a 92).

Ook die Westminster Konfessie stel dit duidelik in art.19:4 : "*To them also, as a body politic, He gave sundry judicial laws, which expired together with the State of that people; not obliging any other now, further than the general equity thereof may require*." In art.23:4 gee die Westminster Konfessie selfs mag aan die staat om sinodes saam te roep : "*For the better effecting whereof, he hath power to call synods, to be present at them, and to provide that whatsoever is transacted in them be according to the mind of God*."

Die standpunt wat die strawwe wat in die Skrif gegee word afgeskaf is, skep egter groot probleme. Hoe gaan die koning uitwerk watter strawwe die beste sal wees vir sy volk in hulle spesifieke omstandighede. Hoe kan jy uitwerk dat restitusie die beste straf vir diefstal was vir die Jode, maar vir die Duitsers in die 16de eeu sal geseling 'n beter straf wees, en vir die Nederlanders die doodstraf? Dis eenvoudig onmoontlik om hierdie probleem op te los. As God so genadig is met die Jode dat hy vir hulle die beste strawwe gee, hoekom is hy so ongenadig met die heidene, dat hy hulle die onmoontlike taak gee om self uit te werk wat die beste strawwe vir hulle is?

Die reformatore verwag van die owerhede om sy swaardmag te gebruik om die kwaaddoeners te straf (NGB Art. 36), maar gee vir die owerhede geen aanduiding hoe hy die swaardmag moet gebruik om die gewenste resultaat te kry nie. As ŉ vroom koning sommerso sou besluit om Moses se wette in sy land in te voer, sou Ursinus frons, aangesien die koning te lui was om uit te werk of daar nie ander strawwe is wat meer geskik vir sy volk en omstandighede is nie.

Die gereformeerde reformatore het die Christelike owerhede dus gelaat met die onmoontlike taak om self uit te werk wat die mees geskikte strawwe is, sonder om enige beginsels of metodes te gee waarmee dit uitgewerk kan word.

Dit is dus geen wonder dat die owerhede wat sonder enige intellektuele begronding vir ŉ Christelike strafreg gesit het, baie vatbaar was vir die invloed van die humanisme op die gebied. Toe die humaniste daarop wys hoe barbaars en liefdeloos doodstraf en lyfstraf is, watter verweer kon die Christelike owerheid aanvoer? Niks nie, en op hierdie wyse het die reformatore die agterdeur oopgemaak vir die humanistiese strafreg. So het die standpunte van die reformatore daartoe gelei dat ons tans sit met ŉ strafreg wat Christus ontken.

**Die gevolge van die oop agterdeur**

Die hedendaagse strafreg skep ŉ omgekeerde wêreld, omdat dit Christus ontken. In verskeie ander opsigte skep dit ook ŉ omgekeerde wêreld.

Die hedendaagse humanistiese siening van ŉ tronk is nie dat dit ŉ plek is waar misdadigers gestraf word nie, maar dat dit ŉ plek is waar hulle gerehabiliteer word. Die idee van straf word as iets ouderwets en primitief gesien. Daar het iets fout gegaan met die misdadiger, en in die tronk kry hy behandeling waar daardie fout reggemaak of gekorrigeer word. Daarom het ons nie meer die gevangenisdiens in Suid-Afrika nie, maar ŉ departement vir korrektiewe dienste. Die doel van die tronk is dus om die misdadiger te help, en hom weer reg te maak sodat hy in die samelewing kan funksioneer.

As daar iets verkeerd gegaan het met die misdadiger, wat is die oorsaak daarvan? Volgens die humaniste word die mens gevorm deur sy omgewing, oftewel die samelewing waarin hy opgroei. Die mens is van nature goed, maar die samelewing maak die mens sleg. As iemand dus ŉ misdaad pleeg, is die samelewing eintlik die skuldige. Dit is dus die samelewing wat die misdaad gepleeg het, en nie die misdadiger nie. Almal is skuldig, behalwe die misdadiger. En daarom is dit dus korrek dat die samelewing belasting moet betaal om die departement van korrektiewe dienste in stand te hou, waar die misdadigers in die tronke bewaar en gekorrigeer word. Deur belasting aan tronke, betaal die samelewing dus vir

die sonde wat hy gepleeg het, wat veroorsaak het dat daar misdadigers is. Die samelewing is die een wat gestraf word, en die misdadiger word gerehabiliteer om hom te staal vir die slegte samelewing. Ook in die opsig is die wêreld omgekeer.

In die teksgedeelte staan ook die volgende : "*Die bloedwreker, hy moet die moordenaar doodmaak; as hy hom kry, moet hy hom doodmaak*." Die bloedwreker is iemand wat aangestel is deur die familie en wat namens die familie die reg moes bedien.

Die bloedwreker moes die moordenaar kry. Hy moet die moordenaar dus gaan vang. Die bloedwreker moes die moordenaar kry .Hy moes dus seker weet dat hy die regte persoon vang. As hy die verkeerde een vang en doodmaak, dan is die bloedwreker skuldig aan moord. Vandag laat ons daardie taak aan die polisie oor. As 'n bloedwreker vandag 'n moordenaar sou vang en teregstel, dan sal hy daarvan beskuldig word dat hy die reg in eie hande neem. Dis die polisie se werk, en gewone burgers mag dit nie doen nie.

Op hierdie manier het die polisie die monopolie op geweld gekry in die burgerlike samelewing. Wanneer die polisie die monopolie op geweld kry, begin hy dit toenemend vir sy eie doeleindes te gebruik. Gereeld lees ons artikels in die koerant waar berig word dat die polisie deel is van misdaadsindikate. Die polisie dra toenemend by tot doen van misdaad as wat hy bydra tot die bestryding van misdaad. Die polisie begin toenemend die misdadigers beskerm en die publiek te terroriseer met padblokkades en die deursoek van huise. Aangesien ons die taak van die bloedwreker aan die polisie oorhandig het, ontaard die polisie in 'n instituut wat die teenoorgestelde van die bloedwreker doen, naamlik om die moordenaar te beskerm en die publiek te teister. Deur die woedende skares buite hofsale in toom te hou wat eis dat moordenaars gehang moet word. Deur wetsgehoorsame burgers te dwing om belasting te betaal om die tronke in stand te hou waarin die moordenaars in veilige bewaring gehou word.

**Opsomming**

Die wet oor die bloedwreker leer ons van die een Ou Testamentiese burgerlike straf wat in Christus vervul is, naamlik tronkstraf vir onopsetlike moordenaars. Dit maak ons oë oop hoe die Westerse strafreg 'n omgekeerde wêreld geskep het. 'n Wêreld waarin slegs die strawwe wat afgeskaf is nog gebruik word. 'n Wêreld waarin almal behalwe die misdadiger skuldig is. 'n Wêreld waarin die polisie gebruik word om die moordenaar teen die bloedwreker te beskerm.

Solank ons die orde wat in God se wet gegee word omkeer, is daar geen hoop dat misdaad in ons land gaan minder word nie. Ons land het verdere reformasie op die gebied van die strafreg baie dringend nodig.

## DIE ONTWAPENING VAN DIE SA BEVOLKING EN WAT GEMEENSKAPPE KAN DOEN OM HULSELF TE BESKERM TEEN MISDAAD

deur mnr. CD van Reenen

**Die ontwapening van die Suid Afrikaanse bevolking**

Die ontwapeningsproses waarmee die ANC regering begin het, is besig om al duideliker vorm aan te neem.

Die feit dat 71% van alle aansoeke om vuurwapenlisensies afgekeur word, is 'n sprekende voorbeeld hiervan. Dit gebeur terwyl misdaad en geweld in die land steeds besig is om hande uit te ruk. Die gevolg hiervan is dat die wetsgehoorsame burgers van die land die reg ontneem word om hul lewens en eiendom teen gewetenlose boewe te beskerm, bloot omdat hulle nie meer oor die middele sal beskik om dit te doen nie. Benewens die feit dat soveel aansoeke vir lisensies verlede jaar van die hand gewys is, is daar ook nog steeds duisende onafgehandelde aansoeke. Dit beteken dat aansoekers 'n eindelose wagtyd in die gesig staar. Deur dit vir die publiek bykans onmoontlik te maak om wapenlisensies te bekom, word daar inderdaad reeds 'n beleid van ontwapening van die bevolking toegepas.

Deur nie redes vir weierings te verskaf nie, word hierdie indruk nog verder versterk. Wetsgehoorsame burgers word wapens ontsê, maar daar is geen

beheer oor boewe wat met ongelisensieerde wapens die publiek bedreig nie.

Na meer as 'n eeu van wapenbeheer wetgewing in verskeie lande wêreldwyd kan daar sekerlik verwag word dat die lys van suksesse om misdaad op hierdie wyse te bekamp lank en indrukwekkend moet wees. Maar waar is die lys?

In teenstelling met dit wat die internasionale anti-vuurwapen beweging graag wil hê dat die publiek moet glo, kan daar met veiligheid verklaar word dat wapenbeheer nie net 'n patetiese mislukking is om misdaad te bekamp nie, maar die geskiedenis van die tragiese gevolge staan letterlik opgeteken in die bloed en trane van miljoene onskuldige slagoffers wat veronderstel was om deur hul regerings beskerm te word.

Onlangse navorsing deur onder meer Dr. Franz Császár, Hoogleraar in Kriminologie van die fakulteit regsgeleerdheid aan die Universiteit van Wenen in Oostenryk, en 'n span Kanadese navorsers wat inligting t.o.v. 33 lande ontleed het, het weereens bevestig dat daar geen verband tussen hoër vlakke van vuurwapen eienaarskap en hoër vlakke van vuurwapen sterftes of gewelddadige sterftes oor die algemeen bestaan nie en dat wapenbeheer bloot die profiel van wapen eienaars wysig, naamlik 'n verskuiwing van vuurwapen eienaarskap van wetsgehoorsame burgers na kriminele.

Die blote registrasie van vuurwapens, alhoewel dit per definisie en miskien ook met die eerste bedoeling nie daarop gemik is om die aantal wapens te verminder nie, het eweneens net beperkte sukses.
Enige poging om die gewoontes van ‘n populasie te verander deur wetlike en administratiewe maatreëls is nie ‘n eenvoudige taak nie en aktiveer ‘n baie komplekse sosiale sisteem van interaksies. Daar is geen gevolge sonder sydelingse gevolge nie. Sydelingse gevolge kan maklik negatief of selfs teenproduktief wees en dit mag nie sommer net geïgnoreer word nie. Daar is sterk bewyse dat die verskillende wapen verminderings-skemas baie slegte sydelingse gevolge veroorsaak.
Met gevolge soortgelyk aan die wat saam met ‘n drankverbod gaan, word streng wapenbeheer gekenmerk deur ‘n toename in die onwettige produksie, handel en verspreiding van wapens. Boonop moet die onderlinge verbondenheid van die swartmark vir wapens met ander algemene swartmarkte baie ernstig opgeneem word.

Behalwe vir ‘n reeds vasgestelde swartmark in ‘n gegewe wetlike omgewing, is dit duidelik dat versterking van wapen beheer die onwettige wapen handel stimuleer en vergroot. Na die handwapen verbod in Engeland, is daar nou ‘n bestendige stroom van gewere vanuit die gewese

Oosblok……party daarvan nog in die oorspronklike verpakking wanneer dit gekonfiskeer word.
Alternatiewe prosedures vir ‘n direkte verbod op vuurwapens, soos die verhoging van die drumpel van wetlike toegang tot wapens, kan ook in die verkeerde rigting werk.

Byvoorbeeld: In Oostenryk is die koste betrokke by die verkryging van ‘n lisensie vir Kategorie B wapens (meestal handwapens), insluitende psigologiese toetse en basiese vuurwapen opleiding, alreeds hoër as die prys vir ‘n heel aanvaarbare handwapen op die swartmark. Dit is ‘n sterk dryfveer vir onwettige verkryging, selfs sonder kriminele bedoeling. Alhoewel niemand twyfel oor die voordele daarvan om die persoonlike karakter en tegniese kennis van die voornemende wapen eienaar te toets nie, moet mens sonder uitsondering aanvaar dat daar ook nadele is.

Wanneer die meganismes van die wettige en onwettige markte beskou word, moet in gedagte gehou word nie alleen dat vraag sy eie aanbod skep nie, maar ook dat aanbod neig om sy eie aanvraag te skep, om sodoende die algehele voorraad goedere in sirkulasie te vergroot, asook die getal betrokke individue. Behalwe vir die wettige markte, word dit perfek geïllustreer deur die dwelm mark, en sal ook so werk in die onwettige wapen markte. Gesonde verstand sal sê dat wapens makliker weggevat word van die wetsgehoorsame en sodoende word daardie onwettige wapen eienaars wat misdade pleeg nog meer as ooit tevore bevoordeel.

In Suid Afrika bly die volgende vrae staan:

- Verander bepalings in die wet die huidige onwettigheid van onwettige wapens?
- Skrik die bepalings onwettige wapen eienaars af?
- Doen die wet iets om die huidige moordenaars en onwettige wapen eienaars aan bande te lê? Doen die wet iets om die huidige misdaad te bekamp?
- Neem die wet in ag dat minder as 0,05% van alle vuurwapen verwante misdaad met gelisensieërde wapens gepleeg word?
- Het die wet iets te doen met die edel strewe om Suid-Afrika 'n veiliger plek te maak?

Die wet is daarop gemik om die wetsgehoorsame burger te ontwapen en oor te laat aan die genade van die moordenaar, verkragter, rower, kaper, geweldenaar en dief.

Daar is verskeie voorbeelde waar mense op groot skaal doodgemaak is en waar dit voorafgegaan is deur wapenbeheer wetgewing wat tot gevolg gehad het dat mense ontwapen is. Wapenbeheer ontneem potensiële

teikens van hul beste verdediging - vrye mense behoort wapens te kan besit. Ongewapende mense kan maklik uitgebuit en onderdruk word.

As 'n regering nie sy burgers met wapens vertrou nie, kan die burgers die regering nie met mag vertrou nie.

Die Suid Afrikaanse regering slaag nie daarin om wet en orde te handhaaf nie.

**<u>Statistiek en die realiteit</u>**

Minstens 55 mense word daagliks in Suid Afrika vermoor.

Die afgelope 12 jaar het-

* Aanranding om ernstig te beseer met 15,6% toegeneem.
* Gewone Aanranding met 33,7% toegeneem.
* Verkragtings met 23,2% toegeneem.
* **Roof met verswarende omstandighede met 49,5% toegeneem.**
* **Gewone Roof met ‘n skrikwekkende 178,1% toegeneem.**

Die afgelope vyf jaar was daar 4106 plaasaanvalle en 560 boere is vermoor.
Die ontstellendste is egter dat slegs 8-9% van misdadigers suksesvol in ons howe vervolg word. Dit beteken ‘n misdadiger het ‘n 92% kans om weg te kom met misdaad in Suid-Afrika.

**Die Suid Afrikaanse Polisie se jaarverslag vir 2005/06 gee die volgende statistiek:**

In 27 uit elke 100 moordsake word iemand in hegtenis geneem en net 22 van die dossiere gaan uiteindelik hof toe.

In 13 uit elke 100 gevalle van gewapende roof word iemand in hegtenis geneem en net 10 van die dossiere gaan hof toe.

In 57 uit elke 100 verkragtingsake word iemand in hegtenis geneem en 44 van die dossiere gaan hof toe.

**Die Huidige situasie**
**Wat doen gemeenskappe?**
Suid Afrika stort elke jaar R90 miljard in ‘n bodemlose put om misdaad te bestry. Die regering se begroting vir die strafregstelsel, die polisie, howe en tronke beloop R45 miljard. Desondanks is ons misdaadsyfer van die hoogste ter wêreld.
Asof dit nie genoeg is nie betaal Suid Afrikaners jaarliks R45 miljard aan private veiligheidsmaatskappye om misdadigers uit hul huise en ondernemings te hou.

Daar is tans ongeveer 5 000 sekuriteit besighede en meer as 305 000 individuele private sekuriteit beamptes aktief in Suid-Afrika – en die sekuriteitsbedryf groei steeds. Die meeste groot sekuriteit besighede word deur buitelanders beheer. Die private sekuriteitsbedryf oortref duidelik die openbare polisie wat menslike en ander hulpbronne betref. Daar is nou drie (3) sekuriteitsbeamptes vir elke polisielid. Die publiek moet nou al privaat maatskappye huur om selfs moorde op te los, bloot omdat die Polisie nie genoegsame kundigheid het nie.

Die vraag oor watter rol private sekuriteit presies in misdaadbekamping speel, is moeilik om te beantwoord. Nogtans is dit redelik om aan te neem dat Suid-Afrikaners waarskynlik nie miljarde rand sou spandeer aan ondoeltreffende sekuriteitsdienste nie. Die ergste is, die reuse bedrae maak geen noemenswaardige verskil aan misdaad nie. Aan die ander kant is die misdaadsyfer in Suid-Afrika (en veral geweldsmisdaad) steeds so hoog dat ’n mens waarskynlik nie slegs die gehalte van die polisie se dienslewering nie, maar ook dié van die kommersiële sekuriteitsbedryf kan bevraagteken.
Meeste Suid Afrikaners het ‘n valse gevoel van sekuriteit. Hulle betaal (koop) vir hul veiligheid. Dit is die sekuriteitsmaatskappy se verantwoordelikheid om te sorg dat ons veilig leef.
Dit blyk dat in heelwat gevalle die werklike diens wat private sekuriteit bied, nie noodwendig die voorkoming van misdaad is nie, maar eerder die verkoop van gemoedsrus aan mense sodat hulle eenvoudig veiliger voel weens die sigbaarheid van sekuriteitsbeamptes, hulle toerusting en selfs kennisgewing bordjies.
Nog ’n probleem is dat, net soos daar in die geledere van die polisie self te veel misdadigers is, die private sekuriteitsbedryf ongelukkig ook te veel kriminele elemente en onbekwame persone huisves.

**Wat kan gemeenskappe dan doen om hulleself te beskerm?**
Deur die sekuriteit in jou gemeenskap te BESTUUR
Die woordeboeke verklaar “gemeenskap” as:

1. ‘n Groep mense met dieselfde belange
2. Samehorigheid
3. Organisasie van mense

In die meeste woongebiede ken die inwoners nie mekaar nie en is daar geen teken van organisasie nie, m.a.w. dit is nie ‘n gemeenskap nie. Misdadigers gebruik hierdie feit tot hul voordeel.

‘n Gemeenskap kan self die veilige omgewing skep om in te bly, beter as wat die Polisie en Sekuriteit maatskappye dit ooit sal kan doen. Die meeste groot sekuriteit maatskappye is van die buiteland, ADT (American District Telegraph), Chubb (UTC Fire & Security systems America). Hulle is hoofsaaklik hier om geld te maak.

Gemeenskappe funksioneer nie meer behoorlik nie omdat elke huishouding sy eie werf probeer beveilig. Dit is juis hierdie simptoom wat sekuriteitsmaatskappye laat groei.
Die hoofdoel van ‘n gemeenskap moet wees om so pro-aktief te leef dat misdaad nie plaasvind nie, maar ook om reaktief ‘n duidelike boodskap aan misdadigers te gee.
Natuurlik is dit elke huiseienaar se verantwoordelikheid om sy eiendom en mense te beskerm, maar dit maak tog sin dat hy ‘n bydra lewer tot ‘n veilige omgewing/straat en selfs ‘n veilige buur-omgewing, want dit maak die beskerming van sy eie makliker.
Dit is beter om die misdadiger verder van jou huis te stop, as op jou eie werf.

**Hoe bestuur ‘n gemeenskap sy sekuriteit:**

1. **Kommunikasie**
   Kommunikasie is een van die belangrikste punte om ‘n gemeenskap bymekaar te bring en betrokkenheid te kry
   - Leer mekaar ken: Dit beteken so veel as moontlik mense in jou straat, plaas of plot omgewing.
   - SMS, Tweerigting Radios, telefone en E-pos: Sorg dat jy almal wat naby jou bly se telefoon nommers het.

2. **Informasie en Intelligensie**
   Sodra die gemeenskap begin om met mekaar te kommunikeer vloei inligting. Plaaslike gemeenskaps-statistiek is baie werd vir voorkomende aksies. Inligting soos: Verdagte persone of voertuie, honde wat blaf of vergiftig is, heinings geknip en werkswyses van misdadigers is waardevol vir voorkomende optrede.

3. **Aksie**
   Bestuur die sekuriteit:
   - Dit beteken daar sal ten minste een verteenwoordiger van ‘n straat of geografiese gebied moet wees.
   - Bestuur die SAPS deur die Gemeenskap Polisiëring Forum(GPF) en Sektor polisiëring
     Die GPF is die forum waar ‘n gemeenskap brandpunte aan die polisie uitwys en spesifieke versoeke aan die plaaslike polisie rig.
   - Bestuur die sekuriteit maatskappye in die gemeenskap
     Wees bewus van wie die sekuriteit maatskappye in die gebied is en wat hul werkswyses is. ‘n Georganiseerde gemeenskap kan aan die sekuriteit maatskappye voorskryf wat hulle verwag en nie andersom nie.
   - Bestuur alle pogings om misdaad in die gebied te voorkom.

Neem deel aan beplannings van stadsrade, besighede ens. rakende heinings, paaie en so meer.

- Sorg dat orde gehandhaaf word en skep ‘n veilige omgewing
  Deur pro-aktiewe aksies soos om op die regte tye patrollie te ry, sien die misdadigers dat die gemeenskap georganiseerd is en gaan doen sy bose dade op ‘n ander plek waar dit vir hulle makliker is.

**Voorbeeld van ‘n gemeenskap wat reeds hul sekuriteit bestuur**
In die gemeenskap en buurgemeenskappe het meer as 140 persone reeds tweerigting radios. Elke straat het ‘n verteenwoordiger.

Gemeenskapslede het elkeen meer as 150 telefoon nommers van bure. Die gemeenskap maak gebruik van ‘n 24 uur beheerkamer waarvan die diens verskaf word deur Conserv Sekuriteit (011 957 0048) teen ‘n minimale fooi.

Gemeenskapslede bel enige verdagte persone, voertuie of misdaad situasie deur na die 24 uur beheerkamer. ‘n Databasis van al die inligting word gehou en daagliks geanaliseer. Die inligting van die verdagte persone, voertuig of misdaad situasie word onmiddellik per SMS aan alle lede van die gemeenskap gestuur. Almal van die omgewing weet dus waarvoor om uit te kyk. In nood situasies soos huisbraak of diefstal ens. sal die gemeenskapslede m.b.v. die tweerigting radios reageer deur buiteligte aan te skakel, met flitse te skyn en met voertuie na die toneel ry. Die tweerigting radios help baie om vinnig hulp te kry. Die Polisie of sekuriteit maatskappye kan nooit so vinnig reageer soos die gemeenskap self nie.

Na byna twee jaar het die gemeenskap genoeg inligting om te weet wanneer misdadigers meer waarskynlik hul bose dade wil uitvoer. Die gemeenskap beplan dan hul pro-aktiewe aksies daarvolgens.

Elke aand word al die huise op die tweerigting radios geroep om seker te maak die radios werk. Die tweerigting radios hou die gemeenskap bymekaar en hulle deel ook lief en leed oor die radio.

Elke gemeenskapslid is “op patrollie” as hy van sy huis weg ry en wanneer hy terug kom. Die gemeenskapslede ry ook beplande pro-aktiewe patrollies in die gebied.
Indien ‘n lid op vakansie gaan sal ander gemeenskapslede gereeld patrollie tot by sy huis ry.
Indien ‘n huis alarm skreeu sal gemeenskapslede vinnig met die tweerigting radios seker maak alles is reg.

Die gemeenskap kommunikeer met die plaaslike polisie deur die Gemeenskap Polisiëring Forum en stel aan die polisie voor waar hulle prioriteite vir die volgende maand behoort te wees.
Die gemeenskap vergader met sekuriteit maatskappye wat in die gebied werksaam is en stel voorwaardes aan die maatskappye.
Enige deur-tot-deur opname of soortgelyke aksies word vinnig met die hele gemeenskap gekommunikeer deur die tweerigting radios.

Hierdie gemeenskap het gely onder gemiddeld twee huisbrake per maand en ander misdade, selfs waar ‘n persoon in sy huis geskiet is.
Vandag kan hierdie gemeenskap met blydskap sê dat die afgelope jaar daar net EEN suksesvolle huisbraak was.

Bronnelys:
Artiekel van Lizel Steenkamp (Rapport).
Hans Visser. Professor in Privaatreg U.P.
Dr. Franz Császár, Hoogleraar in Kriminologie van die fakulteit regsgeleerdheid aan die Universiteit van Wenen.
SAPS jaarverslag 2005/06.

| ESRA VERSLAG<br>Bestellings en navrae: esra.instituut@gmail.com. Selnr. 083 660 1578<br>Sommige van hierdie uitgawes is op die web beskikbaar by:<br>esra-instituut.tripod.com | | |
|---|---|---|
| Nommer | Tema | Prys |
| **41** | Die Psalms | **R10-00 (40bl.)** |
| **42** | Anno Domini | **R10-00 (46bl.)** |
| **43** | Apologia | **R20-00 (78bl.)** |
| **44** | Ek en my Huis | **R20-00 (78bl.)** |
| **45** | Feesdae | **R20-00 (78bl.)** |
| **46** | Tuisonderwys | **R40-00 (185bl.)** |
| **47** | Ekonomie | **R30-00 (106bl.)** |
| **48** | Intergeloof in die Onderwys | **R40-00 (198bl.)** |
| **49** | Kersfees en Gesange | **R40-00 (146bl.)** |
| **50** | Die Doodstraf | **R30-00 (157bl.)** |
| **51** | Tydsgees in die Kerk | **R40-00 (138bl.)** |
| **52** | Paterfamilias | **R40-00 (112bl.)** |
| **53** | Reformatoriese Verset | **R40-00 (96bl.)** |
| **54** | 1859 ? | **R40-00 (198bl.)** |
| **55** | Ons gedrag in die huis van God | **R40-00 (175bl.)** |

# Die Esra Instituut

**Grondslag:** Die Heilige Skrif soos bely in die gereformeerde belydenisskrifte.

**Missie:** Die bevordering van die Bybels-Christelike geloof en lewensbeskouing.

**Aktiwiteite:** Die Esra Verslag - Esra Opleiding (seminare)

**Finansiële ondersteuning:** Die Esra Instituut is afhanklik van vrywillige donasies.

**Kontakbesonderhede**

Postnet 165 Privaatsak X855 Pretoria 0001

Webadres: esra-instituut.tripod.com

E-pos: esra.instituut@gmail.com